# AFDELING 3 : ANDER LEKKER STORIES …

# 3.1 DIE TIM POTGIETER-BEKER

Die storie van hierdie unieke trofee is vertel deur J Carel Coetzee, in *díe PU-Kaner* se uitgawe vir Maart 1982. Dit lui só:

"Destyds was dit die gesogte veelbegeerde trofee: 'n interhuis voetbalbeker of pot of kom of vat of noem-dit-wat-jy-wil. Donateur: die veelbesproke berugte brugspeler en waardige ou vader Timotheus Potgieter van Ons Huis, alombekend. 'n Trofee waarvoor daar jaarliks meegeding was deur die enigste twee manskoshuise, Heimat en Ons Huis. 'n Trofee wat slegs gewen word deur die span wat verloor …

"Dis nie dié beker wat op die foto voorkom nie, nee, dis 'n substituut: Heimat se populêre koffiekan wat in 1937 deur die Heimatters gewen is omdat hulle verloor het. Omdat die eintlike 'Tim-beker' welvoeglikheidshalwe nie op 'n foto mag verskyn nie; omdat dié net één oor het, versier met 'n massale strik van maroen symateriaal.

"Vir dae, meer as 'n week voor die veelbesproke wedstryd plaasvind, heers daar 'n opgewonde gespannenheid en die nodige voorbereidings word daar getref. Want die regulasies en resolusies bepaal dat die twee koshuise oor en weer die ander koshuis se span sal saamstel.

"Dan word daar kop gekrap, planne uitgewerk en beraadslaag, want sien, Heimat moet so 'n span vir Ons Huis saamstel dat die uitslag van die wedstryd in Heimat se guns sal wees, d.w.s. Heimat moet die verloorder wees.


"Andersom, Ons Huis moet weer sorg vir 'n span van Heimat wat sal verseker dat Ons Huis nie die pyp sal rook nie. Voorwaar, fyn strategie soos ingewikkelde skaakspel. En oor die samestelling van spanne word daar die grootste geheimhouding gehandhaaf …

"Intussen laai die geesdrif en spanning op tussen die twee koshuise, gevul met vyandskap en liederlike betogings. Sowat van uitkryting en gejou en snedigheid! 'n Geloei van 'n ander wêreld!

"Die aand voor die wedstryd: tot middernag 'n geskreeu, gesang en rumoer op die Bult. Waterbomme …!

"Totdat die dag van die groot slagting aanbreek: twee rumoerige bendes in gelid by Cachet oor die treinspoor tros, mekaar uittartend, in die rigting waar Prof. Rooibees en Prof. Chris

*Heimat rugbyspan 1937.*



Coetzee gewoon het. Daar was destyds so 'n oop stuk aarde: ploegland, stoppels, slote. Nou sien ek, staan daar 'n groot kerkgebou. Na daardie ou ploegland het ons opgetrek, vergesel van énde ambulans énde medisie énde noodhulpspanne. Die 'ref' het 'n lywige rol van reëls onder die arm asook 'n veldstoeltjie ter ruste, in die ander hand …

"En toe, vanaf die afskop was dit die plig van elke speler, nie om sy deel te doen om sy span te laat wen nie, maar om sy span se nederlaag te verseker.

"Die trofee is toe deur Heimat gewen want hulle was die verloorders …

"Dis toe wat hulle daar by die koffietrog in hulle glorie voor Heimat gaan sit het: Dries Combrink, Daan Minnaar, Perd Viljoen, Koubie Snyman, Tjaart Schutte, Wouter du Toit, Piet Bierman, Kosie Oosthuizen, Niel v.d. Heever, Koos Minnie, Calie [Carel Coetzee], CW du Toit, Familie van Rensburg, William J James."

[Dis uiters jammer dat nie meer inligting oor hierdie tradisie bekombaar was nie, en dat daar nie 'n foto van die regte trofee verkry is nie.]

Interessantheidshalwe plaas ons ook 'n foto van 'n 1938 span van Heimat. Die inskripsie op die foto en die onderskrif vertel dié storie.

*Heimat span 1938*




**„So het Heimat se 1936-Dreller in 1938 daar uitgesien", skryf Veteraan Kallie Geere. Die Ou Krok-span van 1938 teen „Ons Huis". Hier ken ek net 'n paar. Ek, Carl Geere (Bettie Boep van daardie tyd) is agterste ry, derde van links, en langs my Koos Minnie, wat nou 'n inspekteur van Bantoe-Onderwys en sakeman is. In die voorste ry sittende is derde van links Kosie Oosthuizen, 'n hoof-onderwyser aan die Heidelbergse Volkskool. Vyfde van links is „Koffie" van Koffiefontein; 'n mooi seun op sy dae. Laaste links is Pieter Lafras Moolman wat ook 'n ruk lank aan 'n opleidingskollege verbonde was.**

# 3.2 "OOM KOERT WORD GEREK!"

Oom Koert van der Walt het deel uitgemaak van daardie werkerskorps aan 'n universiteit wat na die fisiese versorging van kampus, terreine en geboue moet omsien – maar wie se dikwels onbaatsugtige diens nie altyd na volle waarde geskat word nie.

Dit was in 1928, die jaar nadat die eerste volwaardige koshuis in die vorm van Heimat sy verskyning op die kampus gemaak het. Die terrein rondom hierdie sierlike gebou was maar woes en leeg en dit was oom Koert se taak om orde uit die chaos te skep. *Die Besembos* het dié storie gedra:

"Oom Koert en sy handlanger het al vir die laaste paar weke met pik, graaf, kielhouer, en 'n menigte ander yster en nie yster instrumente, ontsettende verwoestings aangerig onder die half verborge rotse hier voor die huis. As ek praat van verwoestings wat aangerig is, moet die leser goed verstaan dat dit nie eintlik Oom Koert was wat dit aangerig het nie, maar wel sy handlanger; maar dit kom op dieselfde neer. As die handlanger daar staan en sweet, en Oom Koert daar sit en sweet, is hulle mos albei ewe hard aan die gang.

"Nou-ja, Oom Koert het verwoestings aangerig, maar 'n paar van die rotse kan hy en die handlanger nie baasraak, nieteenstaande al die sit en sweet en die staan en sweet nie. Met hulle moes 'n ander plan gemaak word. Piet Snijman was die man vir die plan. Oom Koert moet nou maar 'n trektou maak van draad en ysterpale, en dan sal die Heimatters, as hulle aan dinner-tafel bietjie gewig opgedoen het, speel-speel die rotse wegsleep. 'Ja, sonder om eers te sweet', verseker Piet vir Oom Koert.


"Die volgende middag lê die benodigde trektou dan ook daar, en almal wag al, ongeduldig om hulle krag en gewig te beproef, maar Piet is nog nie daar nie. Party wil sommer al vat, maar ander praat en probeer die onstuimige gemoedere bedaar.

"Oom Koert is ook daar; hy sit op sy ou plek op 'n klip, en rook dat die sweet hom afrol. 'Toe dan, toe dan, wanneer laat julle die rotse rol?' vra Oom Koert, en 'n hele klomp antwoord: 'Netnou, Oom, ons wag net vir Piet.'

"Eindelik kom hy. Die span staan klaar, elkeen aan 'n juk; die draad is goed om die rots … Oom Koert sal die nodige geraas maak …

"Oom Koert praat, almal slaan ysterklou in die grond; die tou is soos 'n vioolsnaar; hier en daar buig 'n ysterpaal (getuie van 'n reuse verslindingsvermoë van netnou); die rots lê doodstil.

*Heimat kort na voltooiing, 1927, met die "half verborge rotse" op die voorgrond.*



P.U.K. LOSIESHUIS — HEIMAT.

*Die span word opgestel om die klippe voor Heimat weg te sleep.*



Die span word opgestel om die klippe voor Heimat weg te sleep. Die foto is in 1927 geneem.

*Die ou met die voet op die klip: dalk oom Koert?*



Studente van 1927 kliphard besig om klippe voor Heimat weg te sleep.

"'Nee-a, so kan dit nie gaan nie, kêrels', en 'Almal! Hie-a, julle goggelaars! Vat julle rooi Afrikaners!', brul Oom Koert. Maar toe moes jy sien hoeke gate het Zelloor [SP van der Walt] en Diedericks uitgemaal met hulle hakskene! Ou Piet en Gaatjie [KD Venter] blaas sulke groot stormwindvlae deur hulle neusgate dat selfs die perd se gestuifde kuif nie daarteen bestand was nie, en Skuttetjie [JA Schutte] moes by spring om die dier tot bedaring te bring.

"Science [JAP van der Merwe] se bene bewe soos fluitjiesriet, maar wat weglê is hy. 'Hy kom, kêrels, vat!', klink dit nog 'n keer. Die kêrels het gevat, en hy het gekom – ongelukkig nie die rots nie, maar die tou. Maar toe moes jy van die toestand praat!

"Dit was asof 'n skoot skraapnel [sic!] op 'n afdeling soldate gelos is. Niemand het bly staan nie, en toe wou elkeen weer eerste op sy voete wees. Soe! Jy moes gesien het hoe duik Oom Herrie [HVF Kruger] met sy koordboordjie onder die juk deur; en jy moes gesien het hoe moes Wikus uitkruip om weg te kom voor die gaffelpunte van daardie boordjie! Jy moes gesien het waar het Science se vellies die draai gemaak; was Roes [du Plessis] nie so woes, dan sou hy nie meer Roes gewees het nie.

"Onder dit alles moes jy vir Oom Koert gesien het; hy lê soos hy lag, terwyl sy snor so 'n halfmaan om sy kop vorm.

" 'Kêrels, Oom Koert het ons darem gekul met hierdie tou!' roep een, en almal kyk na Oom Koert. 'Rek vir Oom Koert!' En daar gaan die klomp. Stadig, maar met grillerige vasberadenheid word Oom Koert omsingel. Met langgerekte treë, en litterige trapsuutjies bewegings maak J.J. [van der Walt] sy aasvoëldraaie om Oom Koert altyd nouer. Opeens storm almal, en toe Oom Koert hom kom kry hang hy aan arms en bene oopgespalk tussen hemel en aarde.

"Van benoudheid durf hy nie sy oë oopmaak nie! Langer en langer word hy uitgerek! Nee, nou moet hy darem kyk wat gaan aan. O wee! Met vlammende oë sien hy hoe Kiep 'n opgehewe pik reghou om hom te deurpriem op die woord. Sy moed sak in sy skoene! Wat gaan nou word van sy gesin, en van hierdie maar halfklare stuk werk? Hoër en hoër word die pik gelig … nou kom hy af om hom te verpletter … nog een sekonde, en dan … ja, dan is hy miskien …wanneer kom die gevreesde woord dan … nou, daar hoor hy hoe dit stadig-dreigend uitgestoot word … en, Piet Vrooi knip die kamera."

*Oom Koert word gerek.*




# 3.3 "WENKE" AAN VOETBAL- EN HOKKIESPELERS

## 3.3.1 RUGBY-"WENKE"

In *Die Wapad* van 20 Mei 1955 is onderstaande advies as "Wenke aan voetbalspelers" gepubliseer:

- ***Moet nie eerste aan die bal raak nie, wag tot die opponent dit doen. Trek dan los.***
- ***Hy moet voorgekeer word, maar moet nie laagvat nie. Waarvoor is die trui se kraag dan daar?***
- ***Lyfgooie en volstruisskoppe is ook heel doeltreffend. Maak egter die vernaamste verdedigingswapen die skouer. Sorg net dat dit met die trefslag so vier voet bokant die grond is.***
- ***Om net skaap te vang, help nie veel nie. Die opponent se voet moet ten minste skouerhoogte gelig word.***

*"Om net skaap te vang, help nie …!"*




- ***Hou die voorspelers in die skrum styf vas. Moet nie bang wees om truie te skeur – in die winkel is nog baie.***
- ***'n Voetbalstewel se punt is baie hard. Hou dit in gedagte en maak ten volle gebruik daarvan.***
- ***Verder moet die voorspelers met ten minste twee dae-oud baard speel. Net so 'n bietjie woel – en die opponent se gelaatskleur verskil wonderlik.***
- ***Wat afstamp betref – vingers pas mooi in 'n paar oë en so nou en dan 'n vinnige een op die oor of 'n konynkap is ook toelaatbaar.***
- ***Om agterop te skop help om die vaart 'n maksimum te laat bereik en die moontlikheid om voorgekeer te word, word aansienlik verminder.***
- ***Verder – sterkte met die Intervarsitie!***

Wel wel … of die Theos (Pukke se eerstespan) met die 1955 intervarsity hierdie "game plan" toegepas het, is te betwyfel, maar die uitslag was 'n klinkende oorwinning van 16-3 oor die Kovsies.

En as die huidige rugbyreëls destyds van toepassing was, sou skeidsregters dik pakke geel maar veral rooi kaarte met hulle moes saamgedra het!

*'n skouerloop "resep" van Springbok voorryman Jaap Bekker, teen die All Blacks in 1956.*




## 3.3.2 HOKKIE-"WENKE"

Enkele jare tevore, op 21 Maart 1952, is "Sewe moenies vir hokkiespelers" voorgehou:

- ***Moenie kruipsoolskoene gebruik nie. Dit vee die wit strepe uit. Speel liewers met "King Miners" of rugbyskoene. Dit maak nie saak of die veld na 'n gholfbaan of patataland lyk nie.***
- ***Moenie vir die skeidsregter wag nie. Begin speel sodra u die veld bereik. Hy sal u entoesiasme loflik vind.***
- ***Moenie met die skeidsregter argumenteer nie. Swaai die appels!***
- ***Moenie bang wees om u opponent raak te slaan nie. Blou oë en toe bloedneuse sal veel bydra tot die kleurrykheid van die omgewing.***
- ***Moenie probeer "score" nie: u sal u opponente se gevoelens kwes!***
- ***Moenie volgens die reëls speel nie. U maak die spel daarmee te gekompliseerd en eentonig.***
- ***Moenie voorgee dat u nie lus is vir lemoenskyfies nie. Duik daarna en eet u dik. Die opponente sal u geweldig imponerend vind.***

# 3.4 ALL BLACK-TRUI … IN PUK SE KOSHUISLIGA!

Koshuisligas in rugby is deesdae en reeds die afgelope drie dekades of so 'n toonvenster van daardie besondere koshuise wat deelneem en die onderskeie spanne het dan ook elk hul onderskeidende rugby-uitrusting waarop hulle nie min trots is nie. Vroeër jare, baie lank terug, was dit egter nie so nie, was dit maar 'n bonte mengelmoes van truie as die manne op die veld gedraf het…

Uit die argiewe is 'n foto opgediep van Ons Huis se koshuisspan, wat volgens die gepaardgaande berig in 1937 skoonskip gemaak het in die kompetisie tussen hulle, Heimat en Postma-huis. Nie minder nie as nege verskillende truie word getel!

Iewers hierna het koshuisrugby in die sand geloop, want in 1964 word 'n liga "vir die eerste keer" ingestel – wat natuurlik 'n foutiewe stelling is. Hoe ookal, weer speel die manne elkeen in 'n trui wat voorhande is: die ou gestreepte Theos-trui, die in-1962-in-gebruikgeneeemde nuwe ougoud trui, 'n paar ander variante en … 'n All Black-trui! En Dorp wen die liga!


Dié All Black-trui het 'n interessante storie. Die samesteller van hierdie bundel was op skool 'n ywerige versamelaar en plakboekmaker – oor rugby, natuurlik. En met grootse drome en ideale …

In 1956, toe nog in standerd 9 op Gimmies, is deur middel van kort briefie in 'n Nieu Seelandse koerant massas plakboekmateriaal bekom, en ontwikkel verskeie penvriendskappe. Onder meer met die sussie van daardie jaar se All Black losskakel, Robin Archer. Nie te lank nie, of hier daag 'n trui en paar kouse van Robin op! Vir weke lank, speeltyd na speeltyd, word groot koeverte en pakkies pos uit Nieu-Seeland in ontvangs geneem. Die trui is soos goud bewaar, maar tydens die PUK se nuutingestelde koshuisliga in 1963 was die versoeking (en dalkies ook maar die ydelheid!) tog te groot en word "Dorp" koshuis se brekers in dié trui op die veld gelei, om uiteindelik dan die Tokkie Coetzee-beker in te palm.

'n Kwarteeu later, toe as professor in Geskiedenis aan die PUK maar steeds kan mens maar sê "rugbymal" is die versoek om eerstehandse materiaal, nou oor die omstrede betogertoer van 1981, herhaal – met ewe goeie reaksie.

Die All Black-trui en briefwisseling met "donateurs", in 1956 en weer in 1981, het die ideaal van 'n besoek aan die land van die silwervaring gesneller, 'n ideaal wat in 1992 verwesenlik is, met die vervaardiging van 'n dokumentêre TV-reeks oor Suid-Afrikaanse rugby. Tydens hierdie besoek is die sussie wat die trui gestuur het, asook All Black Robin self opgesoek,

*ONS HUIS RUGBYSPAN 1937.*



om darem net dankie te sê. Dit blyk toe dat die sussie destyds die trui "gegaps" het – maar gelukkig, geen kwade gevoelens by Robin nie!

'n Verdere bonus van die besoek was dat kontak gemaak is met talle van die groot geeste in All Black-rugby – soos blyk uit die handtekeninge van onder meer Fred Allen, Bryn Williams, Pat Walsh en Wilson Whineray op die meegaande knipsel. Die unieke trui van Robin Archer, toe nog met die nommer 6 op die rug (deesdae is losskakels nommer 10), bevind hom vandag op bruikleen in die PUK Rugbyondersteunersklub se museum.

*Ander lede van die triomfantelike Dorp-span was (voor) Hans van Zyl, Piet Venter, Dewald Steyn en Ben de Klerk. Middel: Greg Aucamp, Chris Siebert, Richard Ingram en Kop Botha. Agter: Gouws Oberholzer, Lou Erasmus, Piet Vorster, Jonah Viljoen, Dries Redelinghuys en Solly van Vuuren.*



**Page 32. — Dunedin Weekender, Sun., August 23, 1981.**

**SPORTS SCENE... SPORTS SCENE...**

**Piet van der Schyff (far right, middle row) pictured in 1963 as captain of his varsity hostel team. He is wearing the All Black jersey sent to him by the sister of 1956 All Black Robin Archer.**

# South African seeks material on tour

**A South African professor of history who began writing to New Zealand pen friends through the "Star Sports" during the 1956 Springbok tour would like to renew acquaintances. In a letter to us, he says:**

Dear Sir,

Way back in 1956 (twenty-five years ago!) and while I was still at high school, I wrote a letter to the "Star Sports" division of your paper, asking for assistance in compiling a scrap book on the Springbok tour of that year. The response from readers of your paper was overwhelming and as a result I was able to build up a very interesting and valuable collection of newspaper cuttings, scrap books, programmes and souvenirs of the tour.

A further result was that I became involved in pen-pal correspondence with quite a lot of New Zealanders, some of which stretched over many years.

One of my pen-pals was Jill Archer, the sister of Robin Archer, who played as first-five-eight in three tests against the 1956 Springboks. Jill eventually sent me one of her brother's All Black jerseys, which is still one of my most cherished possessions.

During the 1959 Lions tour as well as the 1965 Springbok tour in your country I repeated my requests, and it again met with the same enthusiastic response.

The aim of this letter is on the one hand to repeat my previous requests for data with regard to the present tour of the Springboks. I also hope to get into touch with at least some of my correspondents of erstwhile.

I think it is obvious why I am eager to renew some of the old-time contacts. I am still very interested in rugby and my son is an ardent scrap-book maker. As a historian (I am professor in History at the University of Potchefstroom and a colleague of Springbok team manager Prof. Johan Claassen) I am also very interested in the side effects of the tour. Wish I was able to do on-the-spot observing and research on this interesting topic in the field of contemporary history!

**Piet van der Schyff**
Department of History,
University of Potchefstroom,
Potchefstroom
2520
Republic of South Africa.

*Skrywer saam met Robin Archer in 'n All Black rugby museum.*



# 3.5 “OM TE DANS, OF NIE TE DANS NIE …”

## 3.5.1 “EVOLUSIE”, EN ’N SIENING VAN DANS

Die “evolusie” van die danskwessie aan die PUK is spottenderwys só voorgestel:

- **Aanvanklik mog daar glad nie gedans word nie. Alternatiewelik: jy kan maar dans, maar jy moet net nie uitgevang word nie.**
- **Die tweede fase: jy mag dans, maar jy mag dit nie geniet nie.**
- **Toe ontwikkel dit verder: jy mag dans, jy mag dit geniet maar jy mag net nie wys dat jy dit geniet nie.**
- **En toe word dans tog op die ou einde goedgekeur!**

Om te dans, of nie te dans nie?

Ja, dit was die vraag. Vir baie dekades lank.

‘n Siening oor dans is vervat in ‘n gediggie van Derek, getiteld “Die Dans”, in die 1970 uitgawe van *Die Besembos* :

***Op maat van hees trompet en drom***

***sít ek en kyk na pare***

***wat teen díe klok beweeg***

***verlore ín díe eeu-oue spel***

***van drang en dríf en rítme***

***met suggestíe deur***

***heup***

***en bors***

***en oog.***

***Maar ek ís onpaar***

***my gedagtes ‘n mosaïek***

***‘n embrío***

***waaruít íets moet kulmíneer***

***warbeelde uít ‘n vreemde wêreld***

***waar onpaar***

***paar ís***

***vlug deur my breín.***

## 3.5.2 DANS "BUITE PUK-VERBAND"

Van meet af aan was dans nie deel van die amptelike PUK-kultuur nie. Te verstane, natuurlik, siende die herkoms van die PUK, sy noue bande met die sterk anti-dans Doppergemeenskap en ook sy breër Christelike karakter.

'n Gewilde dansplek vir die Pukke was net oorkant die straat, by Normaalkollege se gereelde "sokkies". Met meer damestudente as mans, was Normaal of POK 'n gewilde uithangplek vir PUK-mans wat weens skaarste aan dames in eie geledere na groener weivelde uitgewyk het. Ongetwyfeld het heelwat toekomstige huwelike hulle oorsprong dáár op die Pote-sokkies gehad …

'n Bietjie meer verwyderd en uit die oog van moontlike "spioene" of "klikbekke" was daar onder in die dorp heelwat dansgeleenthede vir Pukke wat met die dansgier moes worstel.

Sonder dat juis 'n dieptestudie van dans aan die PUK onderneem is is die vroegste spore van dansery waarby Pukke betrokke was daar in die middel-twintigerjare opgetel. Jacs van Rooy, later 'n eerbiedwaardige dominee en 'n man wat met vaardige pen en in aangename geselstrant groot dele van die wel en wee van eietydse PU-kaners aan die vergetelheid ontruk het, lig die sluier so effens:



*Jacs van Rooy, wat vanaf 1924 tot 1926 baie aktief was in die verenigingslewe aan die PUK en in 1927 die eerste ontvanger van die Raadsmedalje was, vertel hoe hulle dans "die nek ingeslaan" het, "so dood soos 'n mossie"!*

"Daar was groot ontsteltenis toe ons hoor dat hulle praat van 'n dansklub onder in die dorp, met die P.U.K. se naam daarmee gemoeid. Daar het ons [*bedoelende waarskynlik die SVR – hy was vanaf 1924 tot 1926 lid en in 1926 ondervoorsitter*] baie beslis die streep getrek. Die verskoning van die dansers was dat ons nie openbare danspartye kon reël nie. Natuurlik nie. Dit tas die karakter van die skool aan, dit is een van die dinge wat die P.U.K. onderskei het van die ander kolleges, so het hy o.a. sy bestaan geregverdig.

"Maar die kêrels het gedink dit lyk darem so simpel as jy 'n universiteitskollege is, en daar word nie gedans nie; sê dus nou maar vir die dorpsnooientjie dis nou vanaand eintlik die P.U.K.-dans. Hierdie ding het ons die nek ingeslaan, so dood soos 'n mossie."

Hierdie eerste ligte konfrontasie oor dans was die simptoom van 'n groter "stryd" tussen wat Van Rooy noem die "teologe" en die "suiwer P.U.-Kaners". Hy verduidelik: "Vir eersgenoemdes het die strewe en rigting van die jong turke soms bedenklik gelyk, vir laasgenoemdes was die predikante te vroom, bekommerd en dooierig." Maar voorasnog het alles goed verloop … almal het by dieselfde persoon, prof. Joon [van Rooy] advies gaan vra!

Aan die begin van die dertiger- en veertigerjare onderskeidelik, kry ons die gevalle van JAP ("Science) van der Merwe en "Ou Harrie-Dopper", wat onteenseglik daarop dui dat die manne se voete soms net 'n bietjies te erg gejeuk het.

Die volgende staaltjie word in die studenteblad van 1926 oor Van der Merwe vertel:

***"Science aan Ds. Kruger** [Gereformeerde predikant, Potchefstroom]: **'More Dominee'.***

***"Ds. Kruger: 'More, Science, het jy 'n lekker vakansie gehad op Johannesburg?'***

"Science (met 'n hoë kleur): 'Dominee, dis rêrig nie ek wat gedans het nie en ek het niks met nooiens omgegaan nie, ek sal nooit weer nie.'!"




*"Ou Harrie Dopper"*

Volgens die studentejaarblad se rubriek "Die Soeklig" was "Rooy-Haar von der Wald … "die komponis of samesteller of ontwerper van die nuwe 'Kalahari Jakkals-draf'". In ligte luim word hy verder beskryf: "Die ritmiese askoekslaan van die Kalahari-inwoners met hul ramkies het hierdie musieklike walser ontwikkel tot die suiwerste suier-beweging denkbaar. Sy ongekende anatomiese elastisiteit is net so geveerd as 'n veer van die suiwerste staal-allooi. Sy stamperbene sorg dat sy korpus altyd in 'n volmaakte dinamiese ewewig bly terwyl

sy Ariese haak-neus as kompas by hierdie malkunsbedrywighede dien.


"Die elektro-magnetiese golwe wat minne-objekte uitstraal beïndruk hierdie danslustige

Doppertjie sterk …"

Die presiese identiteit van "Harrie die Dopper" kon nie vasgestel word nie, maar bevestiging is minstens verkry dat hy 'n Van der Walt was.

En dan was daar natuurlik die X-Klub. Oor die voorgeskiedenis van dié klub kon nie veel inligting gekry word nie; dit kan dalk dieselfde organisasie wees as dié waarmee Jacs van Rooy-hulle te doen gehad het.

Hoe ookal, was Dirk van der Spuy, 'n Puk-student wat in 1940 as penningmeester van die Studenteraad gedien het, saam met 'n paar vriende gereelde besoekers by hierdie danse. Hy en sy drie maats het bekend gestaan as die "Four Musketeers" en hulle het, soos hy dit self stel, "soms die verbode wiegeltred (dans)" by die X-Klub asook by die Witrand Instituut beoefen.




*Dirk van der Spuy (agter) saam met sy vriende, tydens 'n besoek aan die X-Klub in 1939. Voor is Mike Dannhauser, Gert du Plessis en Vos de Vos. Kyk net hoe spoggerig is die manne uitgevat vir die geleentheid! Van der Spuy vertel in 2004 : "Van ons vier het ek en Mike Dannhauser skoolhoofde geword. Gert du Plessis was later L.V. vir Kempton Park, terwyl Vos de Vos 'n miljoenêrboer naby Potgietersrus was … So is ek nou die enigste muskateer [sic!] wat genadiglik nog lewe."*

Ook die bekende professor GTS Eiselen was op 'n stadium ten nouste betrokke by die aktiwiteite van hierdie klub en wel as voorsitter. Ongelukkig kon geen konkrete data oor sy betrokkenheid verkry word nie, behalwe dat hy wel voorsitter was, en dat daar wel 'n foto van sy bestuur geneem was – dit het ongelukkig verlore gegaan. 'n Foto van die X-Klub se bestuur, met oud-PUK Fred Scheepers as voorsitter, het wel iewers uit die PUK se argivalia te voorskyn gekom en word hiernaas gepubliseer.




*JH Vorster as voorsitter van die PUK se atletiekklub, 1942.*

Deur weetgierigheid aangespoor is deur ou *Besembosse* geblaai en jou waarlik! – daar het jy dit: X-Klub ondervoorsitter Höll en "non off"-lede JA Swanepoel en JH Vorster pryk ook op die 1942-foto van die PUK se atletiekklub, met Vorster boonop voorsitter van die klub en ook 'n eerstespan rugbyspeler. Op die rugbyfoto van dié jaar verskyn ook RWJ Opperman, onder sy maats beter bekend as "Duimpie" of "Dopper". Ook hy was 'n ywerige X-Klub ondersteuner en hoewel nie Gereformeerd nie, het hy ook die bynaam "Dansende Dopper" gedra!

Corrie Niemand, student vanaf 1946, vertel op sy beurt en sonder enige inhibisies van sy verbintenis met dié besondere klub.



*SR 1940 Byskrif: Ewe tuis (of sal mens liewer sê, kuis?) sit X-Klub ondersteuner van 1939, Dirk van der Spuy, hier (links, voor) as penningmeester van 1940 se tokkelok-gelaaide SR. Langs hom sit JJS Venter, PJ Coetzee (voors), L Malan en FD du Plooy. Agter staan JF Erasmus, GCP van der Vyver, PW du Plooy en SCW Duvenage.*



*Bestuur X-Klub 1942. Voor: R de V Höll, Fred L Scheepers, O Vermooten en CL de Jager. Agter: EW Bouwer, JA Swanepoel en JH Vorster.*

"Op die Puk mog daar natuurlik nie gedans word nie. Jy mog nie drink nie, jy mog nie vloek nie, jy mog nie dans nie. Ons was agt manne aan die etenstafel. Nou kan jy wyn tafel toe bring as jy verjaar. Daardie tafel se ouens het minstens 3, 4 tot 5 keer per jaar verjaar!

"Dans … Glad nie, glad nie. Nou was daar 'n klub in die dorp met die naam X-Klub. Ek en Chris Liebenberg en Gert Fourie en nog so twee ander manne (ook 'n Horn-outjie), ons het saans in die Kings Hotel gaan musiek maak. Die hele dorp se mense – almal wat nou nie Doppers was nie – het daar kom dans.

"Toe die PUK nou uitvind dat ek wat in die koshuis woon en student is, in die dansklub musiek maak, word ek uit die koshuis geskors. En die Horn-outjie ook. Ons twee gaan bly toe in Dwarsstraat, by die Venters."

In Augustus 1954 het die Studenteraad onder leiding van Jan Visser protes aangeteken teen die bekendstelling van 'n dans wat tydens intervarsity teen die Universiteit van Pretoria deur die X-Klub aangebied sou word. Die bestuur van die klub het, volgens Visser, die "ongevraagde vrymoedigheid" aan die dag gelê deur die luidsprekers van UP op die pawiljoen te gebruik om hulle dans te adverteer. Visser het namens die SR die hoop uitgespreek dat dit nie in die toekoms weer sal gebeur nie.

Weens die uiters streng afwysing van dans deur die Gereformeerde Kerk, wat vanweë dié kerk se invloed ook na die PUK deurgesuur het, was dans vir die Pukke taboe, nie net op die kampus nie, maar ook op enige openbare plek buite die PUK. Vandaar dan ook die wrewel van Jan Visser en sy SR oor die arrogansie van die X-Klub om hulle funksie tydens intervarsity oor die luidsprekers te propageer.

'n Kwarteeu later sou Jan Visser weer in 'n danskwessie betrokke wees …

Dinge het natuurlik gedreig om te lol, tydens toere en toernooie, wanneer die "versoeking" om te dans tog alte groot was. By ander universiteite was dans 'n algemene verskynsel en die gewilde vorm van gesellige verkeer vir toernooigangers – maar die Pukke moes maar eenkant staan en toekyk of hulle op ander wyses vermaak. Op toere weer, het danse meestal deel gevorm van die onthale wat gasheerorganisasies aangebied het … en wat nou gemaak?

Vir sover vasgestel kon word, het die eerste groot "danskrisis" die PUK in 1948 getref.

Die Alabama, wat vanaf sy stigting as Boereorkes in 1943 as vertoonvenster van 'n lewenslustige studentegemeenskap op die Potchefstroomse Bult naam gemaak het, het ook maar sy "ups and downs" gehad. Die gereelde jaarlikse toere, waartydens sakke vol geld vir boufondse of ander doeleindes ingesamel is, het vir baie pret en plesier gesorg aan sowel hulle geesdriftige gehore as aan hulle sorgsame tuisgaan-gesinne, om nie te praat van die toerende studente self nie.

In 1947 het die toergeselskap hul skredes na Suidwes-Afrika (Namibië) gewend. Die toer was so 'n groot sukses en is so baie geniet dat dit sommer weer die volgende jaar herhaal is. Kyk 'n mens na die toerfoto's van destyds is die oorheersende indruk dié van "vrolikheid op note". Maar by tye het dit darem té vrolik gegaan, volgens PUK-standaarde van destyds …

Chris Niemand, lid van die Alabama geselskap van 1948, vertel:

"In 1948 gaan toer ons met die Alabama deur Suidwes. Dikwels het die klaviere nie ingepas by ons pensklaviere nie, dan het ek en Dawid Engela gou eers die klaviere ingestem. As ons vertoning die aand verby was, so teen elfuur se kant, dan het elke Suidwester die stoel van hom en sy vrou uitgedra. Dan gaan die SR-verteenwoordiger (ek dink dit was Benoon Duvenage) en ons reisouers, prof. Eisie [ Eiselen ] en sy vrou en die meeste Alabama-lede trein toe, om te gaan slaap. Dan speel ons vyf ouens of so vir die Duitsers dansmusiek, soms dwarsdeur die nag. Soms is die trein gemis, maar dan het die Duitsers ons per motor by ons volgende bestemming besorg. Met baie biltong en 'n paar pond in ons sakke!

"Dan het ons 'n bietjie geslaap, vanaand tree ons weer op in belang van die PUK. Dan maak ons weer vir die PUK 'n bietjie geld."

Die studenteblad *Die Besembos* swyg (natuurlik!) soos die graf, maar vertel darem dat Gert Fourie op Grootfontein die orkes maar met sy trekklavier moes begelei. En dra dié storietjie oor Chris Niemand, wie se bynaam "Die Skim" was: "Een aand bars die Skim se witbroek mos net waar die vier nate bymekaar kom en gevolglik is hy nie in staat om so op die verhoog te verskyn nie. Nadat die broek met spelde reggedokter is, kon die ou swarte weer voor mense verskyn – maar nie sonder om wydsbene te loop vanweë die steek van die spelde in sy binneboud nie."

Chris Niemand se vertelling, hoedat daar tydens die toer van 1948 gedans is dat die biesies bewe, word beaam deur Jessie le Grange (néé Marais). Sy borrel op haar oudag steeds oor

*Jessie le Grange (née Marais) en haar korfbalvriendinne is by geleentheid na 'n wedstryd teen 'n Johannesburgse span deur hul opponente ingelei in die fyner kunsies van verskeie dansvorme. Daarna het hulle die passies tydens teetye in die koshuis vervolmaak. Sy vertel onder meer hoedat dans die latere prof. Daan Eloff (rektor Theuns se pa) sy meisie gekos het. Die Theos (PUK se eerste rugbyspan) het naamlik 'n beker (die Blaine) gewen en dit is by die destydse Queens-hotel gevier. Later was daar 'n dansery op gang. Daan en die meisie, Heleen Hofmeyr, het in die korrekte PUK-tradisie langs die muur gesit en toekyk. Eerstespanspeler Hennie Schutte (later dominee) kon baie goed tango. So vra Daan sy spanmaat of hy nie sy meisie, wat ook mal is oor tango, vir 'n draai wil vat nie. "En so", lag Jessie, "het hulle twee hulle in hulle huwelik getango!"*

van entoesiasme as sy van daardie toer praat. En sy onthou: "Ons het ongelooflik gedans – elke aand!"

Maar terug op Potch was dit 'n perd van 'n ander kleur en is die dansende Alabamers voor stok gekry. Volgens Jessie moes hulle verklarings teken dat hulle nooit weer tydens toere sou dans nie; feitlik almal het geweier om dit te doen – met die gevolg dat die weieraars tydens die volgende jaar se toer in hulle afwesigheid geskitter het!

Inderdaad was die vet in die vuur kort na die heropening van die PUK vir die tweede semester. Op 17 Augustus word in die SR-notule opgeteken: "Mnr. Duvenage lewer verslag van Alabama Toer. Voorsitter lees 'n brief van ds. LJ Botha voor. Voorsitter meld dat leier van toer gewaarsku was en dat hulle tóg buite beleid van P.U.K. gehandel het."

Die meneer Duvenage was SR-verteenwoordiger op die toer en die latere bekende teologiese professor, Schalk CW, terwyl ds. Louis Botha op sy beurt Dopper-predikant te Gobabis en latere professor aan die Hammanskraalse Teologiese Skool was. Die erns van die saak blyk uit die feit dat dit uitgestel is na 'n spesiale vergadering sodat getuies ingeroep kon word. En só verskyn die bestuur van Alabama vier dae later voor die "SR-hof".

SR-voorsitter JJ van der Walt vra hulle samewerking; voorsitter en toerleier IH [Walta] Viljoen belowe "*sover hulle kan*". En dan word die bestuur een-een ingeroep en ondervra – beginnende by Viljoen self:

"Onderskryf u die beginsel van die PUK? *Ja.*

"Was u bekend met standpunt van PUK en SR? *Op-Puk gronde word nie gedans nie. Daar is volgens hom geen sodanige verbod van die Senaat nie.*



*IH van der Walt (Walta) Viljoen was 'n groot gees op die PUK op sy dag, het vanaf 1942-1944 vir Theos gespeel en was in 1943 kaptein van die PUK se beste vyftiental.*

"Beskou u u en lede as offisiële verteenwoordigers van PUK? *Net as hulle optree.*

Het u op Gobabis gedans? *Ja, 8 keer gedans. Behalwe De Aar is gedans op uitnodiging van gasheer en gasvrou.*

"Gedans terwyl op treine oorgebly? *Ja, De Aar en Grootfontein.*

"Alabama-instrumente bespeel op danse? *Ja – drom op versoek van publiek.*

[Viljoen] : *"Het waarskuwing van SR verteenwoordiger ontvang en versoek persone om nie voort te gaan nie. Daarna laat vaar en self voortgegaan om te dans … Tot half-elf is gedans waar nie opgevoer is nie. Gobabis tot 1.15, ander plekke tot 1 uur. Geen Sondag gedans. Reaksie van geselskap na waarskuwing was reaksionêr. Lede eis terugbetaling van kaartjie en wou omdraai omdat teen dans opgetree is."*

En so kom een na die ander op die rooi tapyt: Ondervoorsitter Liebenberg, sekretaris JA (Kobus) du Plessis, Corrie Niemand, en CP (Chris) Venter. Deurlopend is die standpunt: op PUK-gronde en tydens vertonings is hulle PUK-verteenwoordigers, tydens optrede daarbuite en in individuele hoedanigheid, nie. Venter het gedans "*op eie risiko en omdat hy wil*". Soos Viljoen dit ten slotte en samevattend gestel het: "*Plesier van dans kan hulle nie ontneem*

*word nie omdat toer uiters vermoeiend is en 'n minimum van plesier bied. Die lede is dus geregtig om sulke geleenthede te gebruik, ter wille van opofferings … Hulle het wel as gesante in groep opgetree, maar het as indiwidue gaan dans omdat PUK-reëls geen verbod teen dans van PUKaners inhou nie en omdat hulle die plesier verdien het."*

'n Newe-kwessie was die dra van PUK-kleure tydens danse. Die skuldiges het uitgekom: Chris Venter 'n keps en C le Roux 'n baadjie. Maar Venter verduidelik vinnig: "*[Pet] dadelik afgehaal toe hy SR-verteenwoordiger sien*"! Ondervoorsitter Liebenberg het wel gewaarsku "*teen dra van kleure in bar*".

'n Ander uitloper van die dansery op toer was 'n motorongeluk wat gemaak is met een van die toerlede agter die stuur. Hierdie storie word elders in hierdie bundel vertel. ***[Kyk afdeling 3.26]***

Uit die "verhoor" blyk verder dat die dans op De Aar deur lede van die groep self gereël is, en dat dromspeler Chris Venter op eie houtjie die drom by 'n dansgeleentheid bespeel het.

Na hierdie mini-inkwisisie het die SR eers regsadvies by Regte-dosent Sakkie Joubert ingewin en op grond daarvan die beleid uitgespel: "Alle studente wat namens een of ander klub die PUK verteenwoordig is onderhewig aan dieselfde bepaling as wat hulle geld op die PUK-gronde solank hulle in die publiek beweeg. Genoemde ooreenkoms moet geteken word aan die begin van die jaar of voor die toer … Organiseerders op verskillende plekke sal gevra word om nie danse te reël nie. 'n Student is nie publiek wanneer hy alleen met sy gasheer en gesin aan huis van gasheer verkeer."

En toe kom die uitsprake en die "vonnisse":

"Mnr. Viljoen is absoluut skuldig met versagtende omstandighede … as leier het hy verkeerde voorbeelde gestel. Mnr. Viljoen is dus eintlik skuldig, maar gesien die verskoning dat beleid nie so skriftelik vasgelê was nie, kan die S.R. dit net betreur dat hulle so gehandel het. Die res van die bestuur is net so skuldig en dieselfde verskoning geld hulle. Die persone wat met kleure gedans het sal nie van die eerste besending kleurbaadjies kry nie. Aan die res van die toer sal ook die beleid van die S.R. gestel word soos aan die leier."

SR-verteenwoordiger Duvenage se verslag is met dank aanvaar en sy "kragtige optrede" geloof. 'n Brief van dank is aan ds. Botha gestuur en 'n versoek sou aan die Senaat gerig word "om definitiewe reëls vas te lê wat verantwoordelikhede van studente op toer betref".

## 3.5.3 TOERREËLS INGESTEL … DANS IS TABOE!

Definitiewe reëls van toepassing op studentetoere is toe wel ingestel. Op 13 September 1948 het die SR 'n aanbeveling van dosent Joubert in 'n besluit omskep:


"Terwyl 'n student wáár ookal deelneem aan werksaamhede of 'n onderneming van 'n klub, vereniging of ander organisasie wat onder beskerming van die studenteraad staan, moet hy in handel en wandel die naam van die P.U.K. hoog hou; ook dat elke student, waar hy in die loop van sodanige deelname in die openbaar beweeg, voortdurend onderworpe is aan die reëls wat die Studenteraad geregtig is om op studente binne die grense van die P.U.K.-terrein toe te pas: met dien verstande dat 'n student nie aan die jurisdiksie van die Studenteraad onderworpe is, terwyl hy in die loop van die studentetoer aan huis van sy gasheer en in teenwoordigheid van alleen die gasheer en gesin verkeer nie."

Die Senaat en Senaatsbestuur het uiteraard ook kennis geneem van die woelinge oor die toer, maar die hantering van die danskwessie is grootliks aan die Studenteraad oorgelaat. Daar is darem kennis geneem en genotuleer "dat die beleid wat op die toer gevolg moes word ten opsigte van die deelname aan openbare funksies, bemoeilik is deurdat daar tweërlei leiding was, naamlik van 'n studenteraadsverteenwoordiger en die toerleier".

As uitvloeisel van al die woelinge het die Senaat, in medewerking met die SR, 'n formele reglement vir studentetoere daargestel. Hiervolgens moes alle toerlede voortaan onderneem om in handel en wandel die PUK se naam hoog te hou en dat hy of sy hom/haar onderwerp "aan die reëls en die voorgeskrewe gedragslyn wat binne die grense van die P.U.K.-terrein van toepassing is". Om geen onduidelikheid te laat nie, is uitdruklik gestipuleer: "Geen danspartye sal deur of vir 'n P.U.K.-toergeselskap gereël word nie".

'n Interessante item in die reglement was die afskaffing van SR-verteenwoordiging tydens studentetoere, skynbaar as gevolg van spanning wat tydens hierdie toer tussen Duvenage en toerpa Essie Eiselen ontstaan het. In prof. Eiselen se verslag aan die Senaat meld hy

*Prof. Eiselen*



Pa Eissie: "Ek wil net loer wat maak die studente."

"dat 'n verteenwoordiger van die Studenteraad saamgereis het en dat indien die doel van die verteenwoordiger was om ook toesig oor die reisouers te hou, daarteen sterk protes aangeteken word". Sou die spanning dalk ontstaan het oor die studente se dansery, siende dat prof. Eiselen nie probleme met dans gehad het nie en self by geleentheid aan die stuur gestaan het van die vir-die-PUK-omstrede X-Dansklub in die dorp?

Dit was egter net tydelik, en die SR-lid het sommer weer op die volgende toer en voortaan altyd saamgery om 'n ogie te hou …

Of die vaslegging van vaste reëls vir studentetoere en die eksplisiete verbod op dans tydens sodanige toere effektief was en die danslus van studente vir dié wyle kon temper, val te betwyfel. Bekyk maar net die meegaande foto, geneem tydens die Alabama-toer na Suidwes-Afrika, in 1954 deeglik … en besluit self of dit is wat die onderskrif in die Alabama-gedenkboek wil hê dit moet wees!

*"Volkspele terwyl die trein staan"…?*



Volkspele terwyl die trein stil staan.

# 3.5.4 SOKKIES, VOLKSPELE … EN (NOG) 'N "DANSENDE DOPPER"!

Pukke, veral dié met kriewelvoete, het in Junie 1961 waarskynlik met meer as gewone belangstelling gelees dat 'n versoek van die Studenteraad van die Kovsies, om sokkiejolle op die kampus aan te bied van die hand gewys is. Sokkiejolle, het die Kovsie-SR onder luide hoor-hoors tydens 'n massavergadering betoog, sou ongetwyfeld in die behoefte aan kontak tussen mans en dames voorsien en voorkom dat studente hul ontspanning in die stad gaan soek, wat oorsaak is van die verbrokkeling van die studentegees.

Rektor Flippie Groenewoud wou help met ander vorme van vermaak, maar die studente wou niks weet nie en hulle het hul misnoeë aan die Raad laat deurgee. Met 'n gewysigde versoek: gee ons ses sokkiejolle per jaar vir 'n proeftydperk.

In hierdie tyd het volkspele hoë vlugte op die PUK kampus aangeneem, met gereelde byeenkomste van die plaaslike laer, 'n toer na Noord-Natal en saamtrekke in Johannesburg en in omliggende dorpe, deelname aan kunsfeeste, ensovoorts.

Maar nie alle Pukke was volkspelers nie …

*Volkspelers in aksie …*



Terwyl 'n geslaagde Volksang- en volkspelekursus einde Maart 1967 op die PUK-kampus aangebied is, word in 'n skinderkolom in die PUK se studentekoerant die volgende berig: "Tyd: Laat-someraand. Plek: Dam. Aanbieding: Die mite van C.H.O. Deur: Interkoshuisdans-Stigting. Toegang: Voorbehou vir C.H.O.-studente. 'n Treurspel in een bedryf … Die opvoering is aangebied in die vorm van 'n dans met 'n dam as agtergrond en het gedien om die verval en ondergang van CHO sodoende treffend uit te beeld."

"In die lig hiervan", gaan rubriekskrywer "Kekkelkaatjie" voort, "is dit verstommend om te verneem dat daar instansies bestaan wat in die lewe geroep is om o.a. CHO te laat herlewe en uit te dra … en dit terwyl die omskepping van C.H.O. in mite reeds werklikheid geword het."

'n Klein polemiekie het losgebars. Die redakteur van *Die Wapad* het sterk ter verdediging van CHO oorgegaan, en so ook studente wat "Kekkelkaatjie" misverstaan het. "Reflector",





*SAU Hokkietoernooi in Potch, 1963. Met die afsluiting het hierdie klomp jong mense by die Potchefstroomse Buiteklub gesellig gekuier en is daar gedans en ge-"rock-and-roll" dat die biesies bewe. Twee Pukke moes agterna dáároor op die matjie verskyn! Op die inlas is een "sondebok", Elrine van Deemter in aksie, met spanmaat Alberta Howell (Viljoen) gereed om die bal te ontvang.*

in sy rubriek "Deur My Lens", wonder of die aantal voordansers aan die PUK, nie maar liewer hul talente tot die uiterste ("watter uiterste?") aan ander universiteite tot volle uiting kan laat kom nie, in plaas daarvan dat hul probleem – dalk 'n koshuisprobleem, vra hy – nou slegs gedeeltelik by die dam opgelos word. Leser "Wout ten Haaf" het die spot in "Skinderhoekie" baie geniet en net weer gekonstateer: "1. Daar was 'n dans; 2. Slegs vir C.H.O.-studente; 3. Gereël deur die P.U.-studente." Die bedoeling van "Kekkelkaatjie" was "om ons te laat wakkerskrik".

Een van die betrokkenes het skerp tot die verdediging van die byeenkoms gekom. Elkeen kan 'n verjaardagpartytjie aanbied soos hy wil "en die dam is tog immers 'n publieke ontspanningsoord en wat daar gedoen word, het niks met die C.H.O. van die P.U. te doen nie". Buitendien, daar is niks gedoen "wat stry met ons Christelike beginsels nie", word die versekering gegee.

Kort hierna, met die jaarlikse intervarsity teen die Kovsies, word deur "Reflector" vermeld dat die Pukke en die Kovsies na afloop van die Intervarsity hulle op verskillende maniere uitgeleef het, en daaraan toegevoeg: "Ongelukkig moes 'n einde gemaak word aan 'n sokkiejol in een van ons dameskoshuise, waar 'n klompie Pukke en Kovsies net begin jolig raak het."

Dit was nie alte maklik om oral wal te gooi nie ...Vir baie Pukke was dit 'n geval van te dans en maar te hoop en/of te sorg dat hulle nie uitgevang word nie.

Die meeste (en hulle is waarskynlik baie) is nie uitgevang nie. Hier en daar was iemand minder gelukkig ...

Inderdaad, sommiges WAS minder gelukkig! Skrywer hiervan, wat nooit in sy dag des levens eers op 'n Pote sokkiejol of by die X-Klub of waar ookal was nie, se voete het net so effens begin jeuk tydens die afsluitingsfunksie van die interuniversitêre hokkietoernooi van 1963 wat by die Potchefstroomse Buiteklub gehou is. Hy was SR-verteenwoordiger by die

toernooi. Tydens een van die destyds gewilde ruk en rol nommers het hy en 'n lid van die Puk se damespan (Elrine, kan ek maar jou naam noem?) hul ritme en voetvlugtigheid op die baan gaan uittoets. Van "close" dans was daar geen beduidenis nie en die sweet (van inspanning) het spoedig afgetap!

Maar nou-ja, so goed soos doodsonde! 'n Klikbek mede-SR-lid het die nuus oorgedra en as tugstap het die SR die kwaaddoener vir drie weke verbied om sy kleurbaadjie te dra. Nee, nog meer: rektor Bingle se staalblou oë moes getrotseer word: Hoe kon jy dan so 'n bose ding doen, kêrel? En teenoor die bedaarde prof. Dirk van Rooy, amperse buurman in Molenstraat en ouderling, is onderneem om vrywillig 'n slag van die nagmaal weg te bly!

Ja, dit was die dae …

## 3.5.5 DIE STRYD (OM TE DANS) DUUR VOORT … EN DIE "ELOFF-SAGE"

Teen die einde van die sewentigerjare het die danskwessie weer baie pertinent op die voorgrond getree en dit te midde van 'n storm in 'n teekoppie, wat gewoed het oor die kleredrag van die PUK se trompoppies. ***(Kyk afdeling 3.6 onder)***

Dit het begin met 'n piepklein aankondiging in *Die Wapad*, onder die opskrif "DANS NIE!". Hiervolgens het die Raad van die PUK sy besluit herbevestig, naamlik dat dans op die kampus nie toegelaat word nie en dat geen PUK-instansie 'n dans mag reël nie – ook nie weg van die kampus nie. Daarmee het die Raad in lyn gehandel met die standpunte van die NG en Gereformeerde Kerke en wou dit, volgens rektor Tjaart van der Walt by verskeie geleenthede, nie meehelp om studente sensurabel te maak nie.

Die aandag is weer pertinent op dans gevestig in 'n brief van 'n student (Johann le Roux) in *Die Wapad, in* Junie 1978. Onder die opskrif: "DANS – wat sê die Bybel?", word die boodskap uitgespel: As die Christelike karakter van die Universiteit uitgeleef wil word, "**mag** ons nooit moderne ontaarde danse op die kampus toelaat nie!"

Die tonge was los, die penne het gekras en die studenteblad is toegegooi met opinies. So getuig die opskrifte in die briewekolomme: "Dans is kultuur", "Dans is grappies", "Dans bo bier", "Sokkies is lekker", "Dansers stry verlore stryd".

'n Jaar later, teen middel 1979, was die danskwessie weer in die kollig. Iemand is toe wel, uiteindelik, "uitgevang" – niemand minder nie as SSR-voorsitter Theuns Eloff.

Met Eloff in die voorste gestoelte het die SSR op 7 Mei 1979 'n versoek tot die Raad van die PUK gerig om hul heersende beleid oor dans te herroep of om dit te definieer en te motiveer en wel omdat 'n skrifgefundeerde afwysing of toestemming vir dans nie in vorige ondersoeke gevind kon word nie. Die mosie is met elf stemme teen ses goedgekeur. Die SSR het aangebied om danse aan te bied met dien verstande dat streng beheer uitgeoefen word ten opsigte van toegang, drankgebruik en kleredrag.

Op Saterdag 12 Mei het die Pukke sleg verloor teen RAU in Johannesburg.

Twaalf dae later kom die Johannesburgse dagblad *Beeld* met die nuus dat SSR-voorsitter Theuns Eloff voorlopig van klasbywoning aan die Teologiese Skool geskors is: Hy en sy vrou Suzette "is voorverlede naweek na die intervarsity tussen die Raukies en die Pukke in 'n Duitse restaurant in Johannesburg, die Münchener House, opgemerk terwyl hulle gedans het". Volgens 'n latere berig het hy nie met sy vrou gedans nie, maar bloot 'n predikantsdogter vir 'n dans gevra; dié het dit aan haar predikant-pa oorgedra, wat die saak met die Teologiese Skool se kuratore opgeneem het.

Die dominee was niemand minder nie as Jan Visser – wat as SR-voorsitter in 1953 beswaar aangeteken het teen die advertensie van die X-Klub tydens die intervarsity teen Tukkies.

Intussen, nog voordat die nuus oor Theuns se skorsing openbaar geword het, is daar op 20 Mei 'n monstervergadering gehou waartydens die danskwessie druk bespreek is. Só het *Die Wapad* oor die swak-bygewoonde byeenkoms berig: " 'n Hewige debat is gevoer oor onder andere die ondersoek wat oor dans en ontspanningsgeleenthede gedoen is, die toesighouding by dansgeleenthede, prinsipiële besware teen dans as gevolg van die omringende sondes wat daarmee gepaard gaan en die danse wat op die oomblik deur studente bygewoon word. Die debat is gekenmerk deur 'n antagonisme van die kant van die studente wat pro-dans is teenoor die groep wat dit teengestaan het. Onsmaaklike tussenwerpsels van eersgenoemde se kant het hul saak verswak."

*Theuns Eloff haal díe koerantopskrifte!*



Eloff nie geskors?

,Dansende' Eloff hoor vandag oor skorsing

Danssaak was 'n Teologiese skool saak

Eloff kan studies voortsit

Die PUK swyg oor skorsing

Wes-Transvaalse Verteenwoordiger

MNR. THEUNS ELOFF

Tug ná geskoffel met sy vrou

Van MARGA BEZEMA

THEUNS ELOFF

Ruk-en-rol

Eloff se skorsing opgehef

PAUL VORSTER (Wes-Transvaalse Verteenwoordiger)

POTCHEFSTROOM — Mnr. Theuns Eloff, voorsitter van die studenteraad van die Potchefstroomse Universiteit en voorsitter van die Afrikaanse Studentebond, wat vanweë sy dansery tydelik by die Gereformeerde Teologiese Skool geskors was, is deur die kuratore van die skool hertoegelaat om klasse by te woon.

Die besluit is gister deur die kuratore aan mnr. Eloff, 'n teologiese student in sy voorlaaste jaar, oorgedra. Hy is byna 'n maand lank verbied om klasse by te woon.

Die skorsing deur die senaat van die Teologiese Skool was die gevolg van klagtes dat mnr. Eloff ná vanjaar se intervarsity teen die RAU met sy vrou, die radiopersoonlikheid Suzette van der Westhuizen, en daarna ook met 'n ander meisie gedans het.

Mnr. Eloff, wat opdrag ontvang het om nie met die pers oor die aange- … wel toestemming van die kuratore ontvang om 'n skriftelike verklaring uit te reik.

Sy verklaring lui: „Ek is dankbaar en bly oor die besluit van die kuratorium dat ek met opleiding aan die Teologiese Skool kan voortgaan. Die ontmoeting met die kuratore het dan ook wedersyds in goeie gesindheid geskied.

„Ek sien uit na die res van my studie en is dankbaar teenoor die Here vir die bevestiging van die roeping.

„Aangesien die saak … self as huishoudelik beskou word, vertrou ek dat dit hiermee ook, wat die pers betref, afgehandel is."

Prof. Peet Coetzee, rektor van die Teologiese skool, het by navraag dit weer eens beklemtoon dat hy die aangeleentheid as „huishoudelik" bestempel. Daarom wil hy of die kuratore nie kommentaar lewer nie. Die besluit oor mnr. Eloff sal na die kerkrade van die Gereformeerde Kerk deurgegee word.

Debatsvoering oor die kwessie was weer eens baie heftig vanuit twee onversoenbare oogpunte. Opskrifte soos "Gee dans 'n kans" en "Positiewe dans bepleit" het as teenpool gehad "Skrifgefundeerde besware teen dans", "Dans – Ken die boom", "Toesig deur SR betwyfel" en "Ruim struikelblokke uit weg".

Joan Kruger, 'n oud-PUK, het in 'n rubriek in *Die Transvaler* lekker gehekel met die situasie op die PUK.

Haar slotsom, naamlik "as 'n mens die ondermaanse lewe op 'n Saterdagaand op 'n kampus goed ken, kan jy maar weet dat 'n energieke dansery dalk baie euwels kan voorkom ook", is geheel in die trant van daardie pro-dansers wat van mening was dat die PUK se karakter nie noodwendig deur dans aangetas behoort te word nie.

In die verdere verwikkeling van die "Eloff-danssage" is onder meer beweer dat Theuns beslis nie die eerste tokkelok was wat gedans het nie. Nee, meer nog: "Manne wat jare gelede in die studenteraad was, vertel dat hulle destyds reeds op daardie gebied oortree het. Hulle is deur die destydse rektor, prof. Hennie Bingle, oor die kole gehaal en die saak is afgesluit."

"Dansende Eloff", soos daar na Theuns verwys is, se skorsing is na 'n maand opgehef en hy kon sy teologiese studies voortsit en voltooi. Die PUK se beleid oor dans is in die pers uitgespel. Maar die danskwessie sou steeds op die Puk-kampus spook …..

Al dié woelinge het daartoe gelei dat 'n grondige ondersoek in samewerking met die SSR na die danskwessie op die PUK ingestel is.

*Berig in PU-Kaner 15.6.1979 – beleid oor dans.*



# Die universiteit se beleid oor dans

**TWEE van die drie Afrikaanse susterkerke het besliste standpunte teen dans ingeneem en daarom aanvaar die PU vir CHO ook hierdie realiteit.**

Dit is ook daarom nie vir die PU vir CHO eers 'n vraag wat die merite van dans sou wees nie, hy aanvaar die leiding van die Afrikaanse kerke vir die praktiese lewenskode van sy studente.

'n Ernstige probleem wat in toenemende mate plaasvind is dat studente aan die universiteit dubbele maatstawwe handhaaf. 'n Beroep is al dikwels op kerke gedoen om hulle nodige pastorale pligte na te kom.

Die feit is dat 'n groot aantal studente wel dans en van hulle is lidmate van beide die Geref Kerk en die Ned Geref Kerk. Die standpunt van die Universiteit bly dat daar op die kampus nie gedans mag word nie. Gevolglik word geen danse op die kampus gehou moet word. Hierdie funksies word nou as dubbele funksies aangebied. 'n Kort formele funksie word op die kampus gehou en daarna 'n informele buite die kampus waar daar dan gedans word.

Die amptelike mening aan die Universiteit is dat die kerke eerder as die Universiteit self aandag aan hierdie saak moet gee.

Die kerke moet hulleself afvra of die tradisionele houding teenoor dans nog werklik klop met die feite. Verder of hulle deur hulle laksheid om hulle standpunt konsekwent deur te voer, nie toegelaat het dat heelwat van hulle lidmate dubbele standaarde toepas nie.

Die Studenteburo van die Universiteit het van die Universiteitsraad op-

## 3.5.6 VERDERE WROEGINGE … EN DIE GROEN LIG!

"Die huidige toestand", word daar gevolglik in 1980 bekend gemaak, "is dat 'n groot getal Puk-studente dans as individue of in ongemagtigde 'amptelike' hoedanigheid. Studentegroepe dans op toere, vereniging- of klubgeselllighede, met sporttoernooie, kongresse, intervarsities en as verlengstukke van dinees en koshuisaksies in hotelle en diskoteke, in die MOTH-saal in Potchefstroom en by danse elders." Nee. Nog meer: 76 persent van die PUK studente dans en van hulle kon 70 persent dans reeds voordat hulle PUK toe gekom het.

Ten spyte van die amptelike standpunt van die twee kerke is bevind dat 50 persent van die Doppers en 84 persent van die NG-studente dans; Hervormde Kerk-studente het geen probleem nie, almal dans. Die ondersoek het ook getoon dat studente beheerde kampusdanse as eerste prioriteit sou stel, en dat baie voorkeur gee aan danse saam met vriende en familie.

*Die danskwessie – en die dansery! – duur voort …*



Jaargang XXXVI  Nommer 13  15 Mei 1981

die WAPAD

IN U LIG SIEN ONS DIE LIG

AMPTELIKE STUDENTEKOERANT VAN DIE P.U. vir C.H.O.

Laaste uitgawe hierdie semester

PUKKE! Vir u kleurbaadjies en sportbenodigdhede: Johan Claassen Broers

CACHET APTEEK

**Drank binnekort in kafeteria**

— Petro Malan —

DRANK sal vanaf 1 Junie aan studente in die kafeteria en die dameskroeg van die studentesentrum verskaf word. Die Drankraad het 'n voorlopige dranklisensie goedgekeur.

Die drankwet vereis dat geen sterk drank toegelaat word nie. Slegs rooiwyn, … vonkelwyn, sjerrie … verskaf word. … drank.

Wyn sal per bottel of glas, en bier in blikkies verskaf word. Die wyn sal ongeveer dertig sent 'n glas en bier teen vyf-en-… sent 'n blikkie ver-… Die pryse sal …

… aan studente. Die dameskroeg sal geleenthede aanbied soos 'n Duitse aand, waar 'n vaatjie bier verskaf sal word.

Mans en dames word in die dameskroeg toegelaat en die kleredragregulasies vir klasdraf geld ook in die dameskroeg.

Die reëls vir drankgebruik sal in die studentesentrum aangebring word.

Jan-Louis du Plooy, SSR-voorsitter, sê die dranklisensie is goed in … kontrole oor …

**Dansdrama verbied**

— Deon Maas —

**Dans!**

Puk darem …

DIE WAPAD

**Danskwessie wéér opgerakel**

DINSDAG 7 FEBRUARIE 1984

— Gerhard Pieters —

# Die Pukke sokkie!

**Jare lank gaan dit nou al só voort. Die gerugte sweef oor die kampus dat die studente nét volgende jaar op die kampus sal mag sokkie. Dan hoor jy weer: nee man, dis onsin – die Raad sal so iets nóóit toelaat nie. Die volgende jaar bereik riemtelegramme wéér die koshuise: volgende jaar is dit sulke tyd, en weer eens kom daar eenvoudig niks van nie.**

Wel, uiteindelik, op 18 September vanjaar om presies te wees, was baie Pukke se jarelange stryd verby, en dié geleentheid is behoorlik in die Sentrale Eetsaal gevier met 'n draai en braai. Met die toegangsgeld van R1,50 was daar letterlik nie plek vir 'n muis nie, en uitbundigheid het hoogty gevier.

Baie Pukke het nog altyd gevoel sokkie op die kampus kan maar net sowel toegelaat word, want hulle sokkie in elk geval oral op die dorp. Dit het later amper 'n saak van eer geword om sokkies op die kampus 'n werklikheid te laat word, want studente van ander universiteite het half smalende aanmerkings oor dié ou sensitiewe sakie gemaak.

Dat daar op die kampus gesokkie mag word, het natuurlik ook die voordeel dat die dametjies kan vaskyk in drankasemlose manne wat nie soms hulle maniere wegsluk nie, want hier is koeldrank met 'n alkoholinhoud van meer as nul persent taboe.

Dat dié storie 'n permanente instelling gaan word, is natuurlik nog glad nie 'n uitgemaakte saak nie. Die studente sal hulle eers in die loop van die volgende paar maande moet bewys voordat die Raad van die Universiteit finaal die groen lig gaan gee. Dan sal daar ook nie op amptelike funksies gedans mag word nie, want die Raad respekteer steeds die NG- en Gereformeerde Kerk se siening oor dans.

Prof. Carools Reinecke, Vise-rektor: akademie en studente, het gesê die Raad het ook, ten spyte van bogenoemde feit, begrip daarvoor dat studentedanse deel is van die ontspanning van die jongmense van ons tyd. Daarom het die Raad besluit om ruimte vir sulke aktiwiteite te laat, mits dit met verantwoordelikheid plaasvind.




*Met die gesokkie op die kampus het die spottery natuurlik ook nie uitgebly nie. Dié spotprent deur Wim Bosman het in 'n plaaslike koerant verskyn.*

Die openbare media was tot dusver baie positief oor die Raad se besluit. Daar is onder meer gesê die dorp behoort nou 'n rustiger plek te word, aangesien die studentelewe weer na die kampus getrek sal word. 'n Paar dagblaaie het gesê die laaste kritiek wat jongmense oor die Universiteit gehad het, is nou finaal uit die weg geruim, en een het dié besluit selfs 'n "fris briesie" getipeer.

Volgens die Universiteit se Sentrale Studenteraad het die Puk se studentelewe 'n unieke kultuurkarakter en wil hulle dit nie doodwurg met te veel sokkies nie. Daarom sal daar nie noodwendig elke naweek sokkies aangebied word nie. Die Alabama-studentegeselskap is een van die aktiwiteite wat die Puk landwyd 'n eiesoortige karakter gegee het. Dan is daar ook nog onder meer die PU-Koor, Acustic, sêr-aksies en talentkompetisies.

Met die reëlings van die sokkie het die studente-organiseerders voor 'n netelige probleem te staan gekom: mens het duur klanktoerusting nodig om dié storie aan te bied. Gelukkig het die Universiteit met die finansiering gehelp, en die nodige is toe vir hierdie doel gekoop. Die lening sal mettertyd deur die studente terugbetaal word. Dit behoort egter nie 'n probleem te wees nie, want sokkie hou is 'n lonende bedrywigheid waarmee daar tot dusver derduisende rande op die dorp verdien is.

Maar puur verniet: die PUK Raad het steeds sy ou standpunt oor dans bly handhaaf.

Drie jaar later, in 1983, kom die danskwessie weer sterk na vore en vra die studentekoerant: "GAAN DANS HEROORWEEG WORD?" Aanleiding daarvoor was onbetrokkenheid maar veral drankmisbruik deur studente tydens die pas-afgelope karnaval. In sekere kringe is geglo dat die verbod op dans misbruik van drank aanhelp, terwyl heelwat studente skynbaar by danse in die dorp eerder as op die karnavalplaas was.

Die SSR het nou weer die danskwessie ter tafel geneem, maar nie veel simpatie van direkteur van die Studenteburo, prof. Ben de Klerk, en viserektor prof. Nic Swart gekry nie. In studentegeledere was daar egter nou 'n vasberadenheid te bespeur om 'n onomwonde motivering vir die Raad se beleid oor dans af te dwing. Daar is gevoel dat sokkies die oplossing sal wees vir veral die probleem van drankmisbruik – 'n dronk mens kan mos nie dans nie!

En tog verloop weer 'n paar jaar ….

En toe, vier jaar later – in 1987 – kom die deurbraak: daar mag voortaan gesokkie word! En boonop op die kampus!

In November 1986 het die Raad van die PUK die kwessie van dans grondig deur 'n kommissie laat ondersoek en is bevind dat die bestaande beleid oor dans nie voldoende begrond of gemotiveer is nie en dat dit nie in die praktyk toegepas kan word nie. Die oorhoofse bevinding van die kommissie was "dat danse op prinsipiële gronde nie ongekwalifiseerd veroordeel kan word nie, maar dat sterk onderskeidend opgetree moet word oor die aard, vorm en omgewing van danse sowel as in die aktiewe deelname daaraan".

In kort kom dit daarop neer dat dans wel toegelaat word, maar dat dit op verantwoordelike wyse sal geskied, met inagneming van bepaalde morele en Christelike waardes wat van Raadskant uitgespel is – dinge soos kleredrag, danshouding en wyse van aanraking van die dansmaat, die musiek, omgewing en algemene atmosfeer tydens studentedanse. As gesagsdraer sou die Universiteit moes toesien dat danse op die kampus nie in stryd met sy Christelik-historiese karakter is nie.

'n Minderheidsrapport wou hê dat die Raad sy bestaande standpunt oor dans onverswak handhaaf.

Die Raad van die PUK het, na al die jare, tot die slotsom gekom dat studentedanse deel is van die ontspanning van jongmense van die tyd en daarom is voorwaardelik toegestem dat daar gesokkie kon word, maar dit gaan gepaard met 'n vaderlike vermaning dat dit met verantwoordelikheid moet geskied en met erkentlikheid teenoor die kerke se standpunt, dat dit nie met amptelike geleenthede sal geskied nie.

En daarmee was dit "fluit-fluit … die dansstorie is uit!"

# 3.6 "DIE SAGA VAN DIE PRIKKELENDE PUKKIES"

"Trompoppies het hierdie jaar vir die eerste keer in die geskiedenis van die Puk 'n trotse en luisterryke deel van die jaarlikse karnaval uitgemaak … Die wyse waarop hulle die karakter van die Puk uitgedra het met hulle besondere bewegings en kleurryke kleredrag het al wat Puk en oud-Puk is se hart geraak".

Só, en onder die opskrif "Universiteit trots op dié Pukkies", het die PUK ook hierdie faset van die vermaaklikheidswêreld in 1976 betree.

Maar dit was tog asof daar 'n huiwering was oor dié nuwigheid. Kyk maar net na die meegaande foto'tjie, met sy onderskrif, wat vóór karnaval in die oudstudenteblad verskyn het.

Die gedagte aan trompoppies het tydens 'n kamp van huiskomiteelede ontstaan. Nadat toestemming by rektor Bingle verkry is, is sestig dames gewerf en deur veral mnr. Johan Aucamp van die departement Ontwikkeling afgerig.

Maar dit was nie net maanskyn en rose vir die poppies nie.


Tydens intervarsity teen Kovsies in Mei 1978 het die Pukkies, soos hulle algemeen bekend gestaan het, kwaai kritiek ontlok met wat bestempel is as 'n powere vertoning en is daar veral skerp te velde getrek teen hul kleredrag of, soos iemand dit gestel het, hul gebrek aan kleredrag, wat tot "seksuele prikkeling" aanleiding sou gee. Volgens 'n aanvaarde SSR-mosie was dit selfs "uiters prikkelend".

*"Hallo daar!"*



**Hello daar! Voordat enige stoere Veteraan sy pruimpie insluk van verbasing oor wat deesdae op die P.U.-kampus te sien is, moet ter verduideliking gesê word dat bostaande bloot 'n optog van dore is (van Kasteel of Wanda of êrens, wat maak dit tog saak) wat tydens die eerstejaars-atletiekbyeenkoms 'n parodie op die tradisionele olimpiese atleetparades gelewer het. Mooi inisiatief wat die dore daar wys, dan nie?**

*Pukkies 1976 in aksie, tydens karnaval.*



*Pukkies … lok kwaai kritiek uit.*



Moet die veelgeroemde Pypregiment (van Tarentaal) nie eerder vertonings lewer nie, het een kritikus gevra: "Hulle verskaf beslis meer studentepret en genot. Hulle hele doel is om laf te wees en hulleself belaglik te maak terwyl die Pukkies dit regkry sonder dat hulle dit ten doel het."

Die Koshuisraad het 'n mosie van wantroue in die Pukkies ingedien, wat deur die SSR aanvaar is en waarvolgens die Pukkies, hangende 'n verdere ondersoek, tydelik geskors is. 'n Taktiese fout van SSR-voorsitter, Theuns Eloff, om die besonderhede aan die pers te gee het die vure verder aangeblaas en die kwessie het landswyd aandag getrek.

Die PUK kampus was op hierdie stadium in 'n toestand van gisting. 'n Voorbladberig van *Die Wapad* meld van 'n monstervergadering van studente, wat deur meer as 200 stemme aangevra is, om oor "die fiasko rondom die Pukkies en die skade wat dit aan die naam van die PU berokken het, die afskaffing van denims en die ignorering van die massastandpunt ten opsigte van dans" te beraadslaag. Die hoofberig vra in skreeuende opskrif: "IS JY 'n POPS 2, BOK OF SAK?" en berig verder oor hierdie geheime organisasies wat in die boesem van die studentemassa ontstaan en graffiti, plakkate en vlugskrifte oor die omstrede kwessie die lig laat sien het. Ook die Koshuisraad se standpunt word gestel, en "Theuns praat openlik".

Ironies genoeg: dit alles op die voorblad van wat genoem word "EKSAMENUITGAWE"!

'n "Oudstudent-sielkundige" se kommentaar was: "Die groot meerderheid studente assosieer trompoppies met feestelikheid en lughartigheid en as sodanig beslis nie met seksuele prikkeling nie – ek vind dit ongewoon dat die studenteraad in dié opsig anders is." 'n Ander PUK-veteraan het, by die aanhoor van die omstandighede, "onbeheersd begin ruk en sy kop in sy arms verberg. Dit was nie moontlik om vas te stel of hy huil of lag nie", lui die verslag hieroor in die oudstudentekoerant.

Oudstudent Martiens Badenhorst, skaam om 'n oud-Puk te wees "oor die verspotte Pukkies-episode", rig hom tot die Studenteraad: "As julle kliere nou pla, mannetjies, wag maar tot julle die veilige nes van die koshuis verruil vir die harde lewe: dan sal julle agterkom dat 'n mens nie so maklik alles wat prikkel kan dispatroneer nie. Soos die Engelse dit raak sê: "It's all in the mind".

Die probleme rondom die Pukkies is deur 'n kommissie ondersoek en op sekere voorwaardes en met sekere aanbevelings kon die trompoppies spoedig weer hul stappies stap. Van SSR-kant is leemtes in die hantering van die hele kwessie erken. 'n Nuwe blaadjie is omgeslaan en met afrigter Johan Aucamp weer aan die spits, is geglo dat die Pukkies só kon ontwikkel dat die PUK voortaan trots op hulle sou kon wees.




● *Snaakse groepe het snaakse besluite oor snaakse sake die afgelope tyd op die kampus genee*

# Die Saga van die prikkelende Pukkies

**SKAARS kniediep in Junie, toe tref die manewales van die PU vir CHO se mense weer koerantvoorblaaie landwyd: die bohaai oor die vorige hoogskop-Pukkies en die Douw-geval se stof het nog nie behoorlik gaan lê nie. Oudstudente, ouers, personeel en studente van die Puk is die voor-die-hand-liggende teiken van almal se gespot. Telefoonlyne gons; warm briewe reën op "Die PU-kaner" se tafel; man en muis is billik ontstoke. Die wat nie kwaad is nie, is skaam, misnoegd, gelate. Die koerante sê immers: dis die soort van optrede wat 'n mens al van die PU begin verwag . . .**

**Wat is die storie?**

Die storie is, kortliks, vir die vreemdelinge in Jerusalem, dat die PU se Sentrale Studenteraad die Pukkies gedispatroneer het op grond van 'n mosie van die Koshuisraad, wat as gronde aanvoer dat:

(a) die Pukkies nie sedert hul instelling in 1975 aan hul doel beantwoord het nie, nl. om die naam en karakter van die Universiteit uit te dra;

(b) daar besware in "Die Wapad" aangeteken is oor hul optrede;

(c) die SSR in die verlede oor hulle gestem het, wat bewys dat hul bestaansreg betwyfel is;

(d) hul kleredag uiters prikkelend is;

(e) die kandelaar, 'n simbool van heiligheid, op hul kort rokkies nie die gesag en respek wat dit toekom, afdwing nie.

Die mosie sluit af met die besluit dat die SSR die Pukkies dispatroneer. So het die SSR ook besluit.

Genoemde mosie is aan die pers beskikbaar gestel voordat die Kultuurraad, waaronder die Pukkies ressorteer, of die Pukkies self, ingelig is.



● *1976 se „Pukkies" – die geskiedkundige eerste tamboernooientjies van die Puk.*



● *1978 se „Pukkies" – met hulle omstrede rokkies, kompleet met kandelare en klossies. Is hulle die laaste van dié kort tradisie?*

3. Hoe kan die wenslikheid, doel-beantwoording en grondslag van die Pukkies nóu ter sprake kom, nadat hulle rééds ingestel en gepatroneer is en reeds vir twee jaar optree?
4. Is dit nodig om omstrede, huishoudelike stukke, soos dié naïewe Koshuisraadmosie, aan die pers beskikbaar te stel?

**Antwoorde**

Van die kant van die Studente-owerhede was daar, naas vrymoedige onderhoude met die pers, 'n vlugskrif wat op die kampus versprei is en waarin "eensydige en verdraaide koerantberigte" afgekraak word. In hierdie verklaring word aangedui dat die Pukkies se optredes opgeskort is hangende 'n ondersoek deur 'n kommissie. Die feit dat die saak sodoende sub-judice geraak het, het weining invloed gehad op die vermenigvuldiging van koerantkommentaar asook graffiti, plakkate en vlugskrifte van 'n verskeidenheid "geheime organisasies" op die kampus.

Heelparty ongevraagde antwoorde van die kant van ouers en oud-Pukke kan weens die kleurrykheid daarvan nie in druk verskyn nie. Een ding is seker, as party dogters se ma's die outeur(s) van sekere boerdery-opmerkings wat die koerante aan hulle toegedig het, moet bykom, sal hulle erger lyk en voel as Morné du Plessis nadat hy op Nuweland gevrystaat is.

Ewenwel, om 'n enigsins onbevooroordeelde meningspeiling daarop na te hou, het "Die PU-kaner" 'n paar onbetrokke oudstudente om kommentaar genader.

**Kommentaar**

Oudstudent "A", 'n fisioloog, beweer dat dit gladnie buitengewoon of abnormaal is dat groeiende jongmans tydens hul laat-adolessensie meisies met kort rokkies prikkelend vind nie. Wanneer hulle egter 'n blaam vir dié sensasie begin projekteer op die objek, dan lyk dit na 'n skuldgevoel-probleem, en beweeg uit die jurisdiksieveld van die fisioloë.

"B", 'n oudstudent-sielkundige, wou hom nie verder uitlaat oor die

Reeds in 1979 is daar tekens van 'n "verhoogde standaard" by die Pukkies en is by monde van hul leidster, Karin de Wet, gevoel dat hulle 'n "uitstekende vertoning" tydens intervarsity teen die Kovsies gelewer het. Oor die persone wat, skynbaar weggevoer deur die intervarsity-gees, hulle lastig geval het, was sy in haar skik met die beskerming wat hulle van die polisie en die Puk-mans ontvang het.


*Pukkies (1979) met Karin de Wet aan die voorpunt … verlore prestige herstel.*



In 1983 wil die trompoppies verras met nuwe uitrustings, wat eers tydens karnaval bekendgestel sou word. Dit skep frustrasie van te wil weet en sien en lei tot spekulasie deur 'n spotprenttekenaar. Die "baie kommentaar en kritiek" wat dit gewoonlik ontlok, was skynbaar hierdie keer totaal afwesig.

In 1993 word die kroon gespan op die bestaan van hierdie groep toe die PUK se trompoppies twee eerste plekke tydens die Suid-Afrikaanse topliga-kampioenskappe te Sun City verower het, naamlik in die afdeling vir universiteite en technikons en vir die beste leidstersgroep.

*"Hoeveel been?"*







*Bo : Hoofleidster Melanie Zitske en afrigter Marteni van der Merwe met die trofeë by Sun City verwerf.*

*Regs : 1983 se poppies, tydens intervarsity.*

# 3.7 "DIE VERE MAAK DIE VOËL" … KLEREDRAGKWESSIES

## 3.7.1 IN DIE BURGERSDORP-ERA

In die tydperk toe die Teologiese Skool met sy ontluikende Literariese Departement nog te Burgersdorp gevestig was, was kleredrag van studente (natuurlik net mans) nooit 'n probleem of kwessie nie. Die algemeen aanvaarde kleredrag vir lesings, vergaderings en alle aksies (behalwe natuurlik sport) was uiters formeel, soos getuig die talle foto's van klasgroepe uit die tyd.

In die eerste volume van *Sages en Legendes* …(pp 26-29) het studente uit daardie tyd kostelike beskrywings gegee van die kleredrag wat onder meer bestaan het uit wit borshemde met strikkies om "stick-up" boordjies, silwer borsspelde en strooihoede of, vir die meer senior studente, pluiskeile. Mans het selfs met strikkies en dasse en langbroeke (wit, indien dit bekostig kon word) tennis en croquet gespeel, met as medespelers "langgerokte, gestyfde en hoogveergehoede" dames van die dorp.

*Dié groepfoto uit 1899 toon die kleredrag van die studente destyds.*



*En só is daar tennis gespeel!*



# 3.7.2 TOGADRAG OP POTCHEFSTROOM

Met die betreding van die twintigste eeu en die gepaardgaande verplasing na Potchefstroom het die kleredrag maar basies dieselfde gebly. Dit is maar net eenvoudig as deel van die opset beskou en aanvaar.

Sommer vroeg-vroeg, na die vestiging te Potch, het die kwessie van togadrag sterk na vore gekom en wel omdat dit veral in die tradisionele oorsese universiteite en selfs by gevestigde Suid-Afrikaanse universitêre inrigtings soos die South African Kollege (later Universiteit van Kaapstad) en die Victoria Kollege (Universiteit van Stellenbosch) die orde van die dag was.


Waarom dan dié snaakse en op die oog af onpraktiese drag?

Uit Stellenbosch se annale kom dalk 'n antwoord: "Die toga was nie net 'n onderskeidingsteken ("Het Gewijde Kleed der Akademianen") en 'n versiering nie … Dit was kombers, kamerjas, badkamerjas, handdoek (desnoods!), sonskerm, reënsambreel – kortom, dit was alles vir alle omstandighede; jou medestudent in die bank agter jou kon sy pen daaraan afvee, en in die chemiese laboratorium was dit 'n onskatbare beskerming teen swawel- en salpetersuur." Dit was ook uitkoms vir die minder gegoede student, want dit het hom pakke klere gespaar.

Die dra van togas na klasse en vergaderings van studenteverenigings op Potchefstroom het teen 1910 formeel beslag gekry, en wel op aandrang van die professore. Vreemd genoeg, was dit op Stellenbosch net andersom: die studente was dáár die groot voorstanders van dié drag. Tydens 'n Korps-vergadering in Februarie 1910 het prof. APC Duvenage die saak toegelig en is met algemene instemming so 'n besluit geneem. Behoeftige studente sou met lenings gehelp word om die drag aan te skaf en daar is spesiaal 'n foto geneem, almal – dosente inkluis – uitgedos in hul togadrag.

Dat die dra van die togas 'n saak van erns was, blyk uit die feit dat by geleentheid genotuleer is dat 'n lid 'n Korps-vergadering bygewoon het sonder sy toga.

*Studente en dosente 1910, in hul "uniforms"!*



Soos op Stellenbosch, waar die dra van togas teen 1917 afgeskaf is – téén die wense in van die studente! – het ook op Potchefstroom gaandeweg 'n "togakwessie" ontwikkel. Iewers langs die pad het togas weer in onguns verval of het die dra daarvan klas toe uitgefaseer. In 1914 het Korps Veritas Vincet byvoorbeeld die dra van togas na sy vergaderings afgeskaf. In 1918 het die Senaat egter besluit dat togas weer voortaan klas toe gedra moes word "en vir 'n hele tydjie kon die 'vlermuise' gesien word by die ou Presidentshuis" [wat destyds as Kollege-gebou beskou is].

*Teen 1919 was dit nog die in-ding, om in togas afgeneem te word. Soos hierdie foto van Korps Veritas Vincet van 1919 aantoon.*




Met die viering van inkorporasie in 1921 het die kwessie van togadrag weer sterk op die voorgrond getree. HG Schulze het as afgevaardigde van die Senaat en as lid van die reëlingskomitee versoek dat al die studente saam met die dosente "in volle akademiese drag, d.w.s. met togas en berette" aan 'n optog na die stadsaal sal deelneem. Van studentekant is daar, by monde van JC van Rooy, gewys op die wenslikheid van sang en opgeruimdheid gedurende die opmars en hoe dit met togadrag gerym kon word. Daar was "lewendige bespreking", maar met skrale meerderheid is besluit om wel aan die versoek te voldoen. Twee weke later word dit egter herroep, waarskynlik vanweë die koste verbonde aan die aanskaf van togas.

In werklikheid was die studente op soek na 'n tipiese universiteitsdrag. Geleidelik is tot die besef gekom dat togas uitheems is en is weer daarteen geagiteer. Toe die studente egter gekonfronteer is om met 'n "Afrikaanse drag" vorendag te kom, "het ons stiller geword en hoewel die een gesê het 'bloupakke' en die ander 'blazers' het almal gevoel dat dit makliker is om togas af te keur as om iets daarvoor in die plek te stel, en langsamerhand het die togas maar weer om ons skouers begin te hang, nieteenstaande sy uitheemsheid".

Maar, is die konklusie in die studenteblad, dit bly maar 'n omstrede kwessie en intussen is daar geen universitêre drag nie.

In die twintigerjare het die drang na die dra van togas weer opgevlam. In sy SVR-verslag vir 1925 verwys voorsitter Jan de Klerk na "die Toga kwessie, wat selfs al baie ouer as die P.U.K. is" en wat jaar na jaar op die agenda is. Die Senaat se hulp is selfs ingeroep vir die aanskaffing van togas. Dié liggaam kon egter nie behulpsaam wees nie en nou is beroep gedoen op medestudente om self maar die togas aan te skaf om te dra "waar dit die P.U.K. as liggaam geld". De Klerk hoop "dat ons heel-gou almal sale sal bestorm met 'n geflapper van swart jasse".

Oor die verdere verloop van die "togakwessie" en wanneer dit finaal as akademiese drag vir studente laat vaar is, kon nie juis duidelikheid uit bronne soos studentepublikasies en die gebroke reeks notuleboeke van die SR verkry word nie. Teen die einde van 1923 het die kwessie van togadrag vir dosente en studente die aandag van die PUK Senaat geniet, en is daar besluit dat studente amptelike geleenthede in togas of donker gekleed moes bywoon. Professore en lektore moes wel togas of manelle dra, en die wat nie togas het nie, kon dit op Hollandse model laat maak.

***Togas was status simbole, vandaar die gepronk op die SR-foto's van die vroeë twintigerjare.***




In die vroeë twintigerjare het die kwessie van eie kleure sterk op die voorgrond begin tree en sou die verkryging van 'n kleurbaadjie mettertyd hoë prioriteit inneem. In 1925 is die eerste kleurbaadjies in gebruik geneem en sou die maroen baadjie met sy vertikale goue en wit strepe, en die unieke PUK-embleem op die bo-sak, voortaan en in toenemende mate die PUK-identiteit uitdra.

In 1929 het "Ingewyde" in *Die Besembos* effens draak gesteek met die togadrag. Hy skryf dat indien 'n oningewyde in die geskiedenis van die klassieke oudheid en die Middeleeue, Heimat se leeskamer betree, is hy grootliks verbaas deur die groot aantal swart vlekke teen die muur. By nader ondersoek blyk dit "dat hier en daar tussen die swart massa werklik menslike gesigte uitloer", en dat die "swart vlekke" inderdaad portrette is, van die SVR. Maar dan vra hy rond, "watter geheimsinnige goed dit tog is, wat daardie manne in die leeskamer aan het".

"Togas? Watse goed is dit? En waarom het hulle dit aan?"

Niemand weet juis nie, dit hoort maar so, is die reaksie.

Dan stap "Ingewyde" biblioteek toe, om na te slaan. En hy lees op: "A long black gown, worn by students of the Greek and Medieval Universities, quite out of use since the end of the 12th century."

"Twaalfde eeu? Maar hoe het hy dit dan nou, die P.U.K. staan mos nie van daardie tyd al af nie? 'Sou die P.U.K. dan nog middeleeus wees in party van sy gebruike', dink hy met kommer. Nee, maar hy het tog nog nooit 'n student in so 'n snaakse kleed gesien rondstap nie. Of sou net die S.V.R. middeleeus wees? Nee, hy het ook nog nie 'n S.V.R. lid met so 'n mantel gesien nie.


"Toga? … Middeleeus? … S.V.R.? …", peins hy. Nee, die probleem is onoplosbaar."

'n Jaar later het "M.O." [Martinus Postma], ook in 'n bydrae in *Die Besembos*, 'n pleidooi gerig dat daar uitsluitsel en eenvormigheid moes kom in die "onpresiese toestand" en "toestand van warboel en gaos [sic!]" sover dit die dra van togas betref. Tydens die ingebruikneming van die nuwe hoofgebou, in April 1931, het die SVR gepoog om die studente as geheel te oorreed om die plegtigheid met togas by te woon, maar sonder sukses.

Die dra van togas sou geleidelik die vorm aanneem wat dit vandag nog het, naamlik dat dosente en personeel by bepaalde amptelike geleenthede in togadrag verskyn en dat studente slegs by grade- en diplomaplegtighede hierdie "vlermuis"-drag hoef te dra.

## 3.7.3 TENNIS MET KORTBROEKE?

Tennisspelery in toeka se dae was sommer 'n deftige aangeleentheid, soos getuig deur die beskikbare foto's van raketswaaiers van die Teologiese Skool rondom die vorige eeuwending. Langbroeke het steeds in die eerste drie dekades van die twintigste eeu deel uitgemaak van die mans se drag op die baan.



*Puk tennisspan 1932. Staande: Mej. JM le Roux, PJ Delport, mej. EJ van Till, DSC van der Merwe, mej. MH Stoker, JP Bingle en mej. CJ Vorster. Sittende: JL de Bruin, mej. B Coetzee, JL du Plooy, mej. N Swart en SJ Venter.*

Dit klink byna soos 'n Ripley "Raar-maar-waar!" storie, dié wat in 1969 in 'n bylaag tot die studentekoerant verskyn het:

" 'n Opskudding is veroorsaak toe drie mans in 1939-1940 die eerste keer met kort broeke gaan tennis speel het", het mnr. Bob[Bok?] Yssel van Noordbrugweg in 'n onderhoud met *Die Wapad gesê*.

"Frans Arnoldi, Shortie Strydom en Gabriël Nel, die drie sondebokke, is voor die S.R. gedaag om verantwoording te doen. Hulle is glo deeglik geskrobbeer aangesien hulle dan die meisies sou verlei! Die driestuks is toe verbied om kleurbaadjies te kry vir die res van hulle studietydperk."

Sjoe! Maar hulle was streng daai tyd! Om van konserwatief oftewel verkramp nie te praat nie!

Nie baie jare later nie of kortbroeke mog wel deur mans op die tennisbaan gedra word. Foto's van 1945 en 1946 was nie beskikbaar nie, maar in 1947 sit onderkaptein FS Meyers en kaptein KD Struwig ewe breed met hul fris kuite op die tennisfoto. Die dames het darem al lankal die kuite gewys, met rokkies wat net tot onder die knie kom!

## 3.7.4 "SONDER PAKKE, MAAR MET PYPE ..."



*FW de Klerk … is in 1958 gewaarsku teen oor boord gooi van tradisies.*

In September 1956 is daar 'n interessante nuusitempie in *Die Wapad*: "Sonder pakke, maar met pype na korps."

FW de Klerk het 'n mosie ingedien dat die bepaling in die konstitusie van Korps Veritas Vincet, dat mans pakke klere moet aanhê vir vergaderings van dié liggaam, geskrap moet word. Dis onnodig, onprakties en tot nadeel van Korps, was sy betoog. Bouwie de Klerk weer het dieselfde versoek gerig ten opsigte van die ongeskrewe reël dat tydens vergaderings nie gerook mag word nie.

Jaap Labuschagne het wal gegooi "en gewaarsku teen die neiging om tradisies sommer goedsmoeds oorboord te gooi" – 'n waarskuwing wat in sy latere lewe, op die hoogtepunt van sy politieke loopbaan, weer teen FW geuiter sou word. Maar hierdie keer oor veel belangriker sake as die dra van pakke klere na vergaderings!.

Na "deeglike bespreking", sluit die berig af, is die mosies aangeneem.

## 3.7.5 DAMES OP FIETSE?



Op die vraag wat in 1967 deur die studentekoerant in 'n blitsopname gestel is, "Wat dink studente van dames op fietse?", is uiteenlopende antwoorde gegee. Die algemene opinie van sommige PUK-dames was: "O nee! Dit mag wel mooi en tipies wees, maar mense ek weet darem nie!" Vir mej. T Kolver was dit egter net eenvoudig aaklig en pas dit nie by universiteitsdames nie.

Die mans het egter ietwat anders daarna gekyk. Hans van Zyl, beskryf as "oud-ingeburgerde op die P.U.", het gevoel 'n dame kan mooi lyk op 'n fiets as sy net wegbly van minirokkies af. Dries du Plooy stem saam, maar soek net nie daardie nou rompe nie. Dis moeilik vir 'n dame om op 'n fiets vroulik te lyk, sê hy, maar voeg darem as soort "troosprys" by: as sy dit in die alledaagse lewe is, sal 'n fiets niks aan haar voorkoms verander nie.

Arie de Raadt het die kat goed uit die boom gekyk en toe met 'n breë glimlag gesê: "As sy op 'n fiets verby jaag is sy gou verby en sien ek haar nie goed raak nie, maar as sy loop … wel dan kan ek haar goed bekyk!"



*Bo : 'n Paar jaar ná die Wapad-opname … en Juanita Loftus wys hoe 'n dame – met 'n mini – op 'n fiets kan lyk!*

*Regs : Klasdrafkleredrag teen die middel-sestigerjare*

# 3.7.6 DAMESDRAG: SPORT EN LO

In September 1948 sit die Senaatsbestuur in vergadering saam met verteenwoordigers van die studente en LO-dosente. Oor belangrike sake, soos die omstrede Alabama-toer na Suidwes-Afrika [***kyk afdeling 3.26***] en die instelling van 'n algemene Vreugdedag. Maar daar is ook 'n ander item: "Drag P.U.K.-dames by Sport en Liggaamsoefeninge".


En toe blyk dit dat die Studenteraad beswaar het teen die feit "dat dames in die kleding wat vir liggaamsoefening gebruik word, op die tennisbane verskyn vir tennisoefeninge". LO-dosent dr. DPJ (Dawie) Smith het ingestem om dames tyd te gun om ná oefeninge eers te verklee. Hy het ook daarop gewys dat die dames nog vir die res van die jaar vir buitespele in hul oefendrag op die voetbalveld sal verskyn, maar as die nuwe gebou aanstaande jaar betrek word, "sal die moeilikhede vanself opgelos wees".

So ver, so goed. In die nuwe gebou en uit die openbare oog kon die dames nou deur hul passies gaan, geklee in hul oefendrag. Maar daar was tog 'n "oog" wat gesien het …

Dit is 1961. Die dae van 'n departement openbare betrekkinge het nog vér in die verskiet gelê. Die PUK wil ook na buite beweeg, 'n bietjie "shine vang", en gevolglik word 'n komitee benoem om oor die opstel van 'n brosjure wat tydens fondsinsameling gebruik kan word verslag uit te bring. Die mikpunt was "alleen die allerbeste produk", met die waarskuwing dat 'n swak produk groot skade kan aanrig "omdat hier met ander universiteite meegeding sal moet word".

Die hulp van "Swan Press" in Johannesburg is ingeroep vir die ontwerp en druk van die brosjure, terwyl foto's deur 'n beroepsfotograaf geneem is. 'n Effens-met-kleur-gedokterde glansproduk was die resultaat.

*Die omstrede brosjure, 1961.*




Maar o wee! Skaars was die brosjure van die rolle af en 'n eerste klompie al versprei, of daar kom die klagte: die foto op ongenommerde bladsy 18, waar die departement Liggaamlike Opvoeding se "uitnemende moderne fasiliteite" onder meer met 'n foto van twee LO-dames op die balk bekendgestel word, is te gewaagd! En word verspreiding van die brosjure onmiddellik gestaak!


Bygesê – en miskien was dit tog die grootste dwaling: die "eerste uitgawe" het in sy aanbieding die "vir C.H.O." by "Potchefstroomse Universiteit" weggelaat. Dit was beslis 'n bose ding om te doen, en boonop is vergeet om te sê dat die brosjure deur die Raad uitgegee is.

In die spiraalgebinde heruitgawe is die "vir C.H.O." op die buiteblad aangebring terwyl die naamlose toeligting vooraf vervang is met 'n volwaardige inleiding deur rektor J Chris Coetzee." 'n Foto van 'n swewende Gouws Oberholzer op die brug, met 'n bultende bo-armspier en 'n kuise lang wit broek het die "gewraakte" foto van ons twee "prikkelende" dames vervang.

Shame! Hoe moes die arme Winnie Bekker en Antoinette Kruger, twee van die beste LO-studente destyds en inderdaad meesteresse op die balk, nie gevoel het nie! Maar nouja, dit was nog so effens voor die era van die "bevryding van die vrou" en was daar van enige protes aksie geen sprake nie …

'n Kosbare stukkie Pukana, daardie "gesensorde" brosjure! Ek wonder of Winnie en/of Antoinette ooit destyds 'n kopie daarvan bekom het? En of hulle bewus was van dié storm in 'n teekoppie?

*Winnie en Antoinette op die balk – te gewaagd?*



*'n Swewende Gouws Oberholzer – is mans se bultende spiere dan nie "gewaagd" (oftewel sexy) nie?*



## 3.7.7 KORTBROEKE – KLASDRAG VIR MANS?

In 1965 is 'n versoek gerig dat mans met kortbroeke mag klas draf.

'n Opname onder studente het getoon dat daar heelwat teenkanting sou wees. Prof. AP Goossens het gemeen dat kortbroeke klas toe nie in 'n "beskaafde en Christelike omgewing" tuishoort nie en dat sommige mans die geleentheid sou gebruik om "onbetaamlike broeke" te dra. Vir hoofdame Adri Griffioen sou kortbroeke "glad nie sleg lyk nie", dit moet net nie die modegier "velstyfswembroekgrootte" broeke wees nie.

*Hierdie twee foto's, wat in Mei 1964 in 'n artikel oor die PUK in Die Huisgenoot verskyn het, toon aan hoe die kleredrag en klasdrafdrag van die destydse studente daar uitgesien het. Pas 'n jaar later kan die versoek dat die mans kortbroeke klas toe mag dra …*





Student (later ds) Nic Laubscher het gevoel jy's "definitief nie welvoeglik geklee as jy 'n kortbroek aan het nie" en behoort dit nie te dra nie uit respek vir jouself, vir jou meerderes en vir dames. Verskeie ander mansstudente sou egter graag kortbroeke dra, veral vanweë die somerhitte.

Rektor Bingle het voorasnog soos die Sfinks geswyg – wat, soos die spreekwoord sê, ook 'n antwoord is!

In 'n naskrif word gemeld dat die saak reeds gefinaliseer is. Die SR het 'n aanbeveling aan die rektor gedoen dat mans in die winter met langbroek, hemp en das moet klasdraf. Departementshoofde kan egter na goeddunke mans toelaat om met kortbroek klas by te woon.

## 3.7.8 BOSBAADJIES / SAFARIPAKKE

Na aanleiding van roeringe hieroor op die Tukkie-kampus, word in Oktober 1967 opnames gemaak oor die moontlike dra van bosbaadjies met langbroeke (safari-pakke) in die somer. Dit was toe pas ingefaseer by die administratiewe personeel van die PUK.

Op een na, was almal wat ondervra is – mans en dames – sterk ten gunste van die gedagte. Net een dame het tog so gehou van dasdra want dit lyk tog altyd so netjies.

*Safaripak vs Langbroek/baadjie/ das.*



**Terwyl mnr. Jaap Erasmus (links) breed glimlag in sy heerlike koel somersdrag, kom dit voor asof mnr. Pontifex Venter wil sê: Sjoe! oor sy warm en ongerieflike mondering hier in die middel van Potchefstroom se somer.**

Vroeg in 1968 word 'n versoek oor die dra van safaripakke deur die Uitvoerende Komitee behandel. 'n Kommissie van drie lede sou die saak ondersoek, maar sy taak word spoedig verbreed na "die hele aangeleentheid van kleredrag". Op 28 Augustus 1969 is verslag gelewer.

Omdat van alle dosente onder alle omstandighede verwag word om ordentlik gekleed te gaan, is 'n versoek van departement Farmasie om wit safaripakke by praktiese klasse te dra, van die hand gewys. Wat studente betref, was die uitgangspunt dat studente te alle tye – tydens lesings en praktika, in die biblioteek en op die kampus (gedurende lesure) en in die straat – fatsoenlik, netjies en korrek gekleed moes wees.

Wat die "korrek" betref, is reëls neergelê. Eerstens, die "tradisionele universiteitsdrag" van baadjie, wit hemp met lang moue, das, langbroek met skoene en sokkies (en geen sandale nie) is behou, maar daar is toegewings gemaak. In die somer hoef die baadjie nie gedra te word nie, en kan safaripakke gedra word mits die kleur nie uitspattig is nie, geen kledingstuk

wat onder die baadjie gedra word, mag uitsteek nie, en lang bypassende kouse en skoene in geval van kortbroeke gedra moes word. Maar let wel: "die kortbroek [van die safaripak] moet van fatsoenlike snit wees en geen 'kort-kortbroek of medium-kortbroek' is toelaatbaar nie."

Die dra van 'n kortbroek gedurende die somer is oorweeg, maar nie aanbeveel nie "omdat 'n kortbroek en langkouse nie pas by 'n wit hemp met lang moue waarby 'n das gedra word nie". Boonop kan dit verdere slordige kleredrag in die hand werk.

Vroeg in Oktober 1968 is 'n mosie eenparig deur die studente aanvaar waarin die owerheid versoek is om safaripakke as kleredrag toe te laat, nie alleen vanweë die hitte nie, maar ook omdat langbroek, das en baadjie eerder Engels as tipies Suid-Afrikaans sou wees.

Op 30 Oktober meld die UK-notule dat die Senaat sowel as die Raad die verslag van die kommissie sowel as dié van die rektor oor kleredrag aanvaar het. Maar die verwysing na die kommissieverslag is in die notule deurstreep en deur prof. Bingle as voorsitter en sekretaris Schoeman geparafeer, wat beteken dat daar wel nog 'n verslag – dié van die rektor – ter tafel moes gewees het.

'n Jaar later was die gevoel steeds sterk ten gunste van safaripakke, 'n drag wat as eg-Suid-Afrikaans bestempel is.

Maar "die owerheid" wou nie kopgee nie, safaripakke as kleredrag vir mans was taboe! In 'n onderhoud met *Die Wapad* het rektor Bingle gesê "dat die safaripak volstrek nie op die P.U.-kampus toegelaat gaan word nie". En het hy gemotiveer: "Volgens hom is 'n man in 'n safaripak nie welgekleed nie. Die hemp is te ver oop en die broek sal mettertyd ontaard in 'n deurtrekkertjie. Buitendien, voeg prof. Bingle by, het niemand nog ooit doodgegaan van warmte nie."

Oor die koste-aspek was Bingle ewe adamant: hedendaagse studente lewe in weelde, ry met motors en kry beurse en lenings, en daarom kan daar maar duur betaal word vir klere. En hy voorspel: as dit wel toegelaat word, sal slegs tussen 10 en 20 persent van die mans dit dra, en dan ook net vir 'n kort rukkie.

Sy voorspelling was natuurlik in die kol. Toe safaripakke uiteindelik wel toegelaat is, het weinig mans dit gedra, en het dié mode binne 'n kort tydjie oorgewaai en was die mans maar weer terug by hul vorige kleredrag.

OOPNEK KAKIEHEMDE

***In die studenteblad van 1929 word gehekel oor 'n versameling referate, bestempel as "hoogs wetenskaplike werk", waarin aangetoon word "hoe Uniw. Studente kan meehelp om 'n nasionale kleredrag te skep deur self leiding te gee in drag, bv. deur dra van velskoene en kakiehemde in klas." En dan volg 'n interessante inskrywing: " 'n Verdienstelike referaat is veral die van Prof. Bingaal [verwysende na HJJ Bingle] oor 'Oopnek kakiehemde as klasdrag'." Sou die mans – gesien Bingle se latere houding jeens safaripakke – dan destyds nie uitpeulende borshare gehad het nie?***

# 3.7.9 DIE MINI

Die minirok, waarmee Jean Shrimpton in 1965 vir die eerste keer die baie knie gewys het in Melbourne, Australië, en wat daarna deur onder meer die skrale Twiggy verder beroemd gemaak is, was seker een van die mees rewolusionêre "uitvindsels" van die modewêreld en het ook in Suid-Afrika baie opslae gemaak. In kerklike en uiterste konserwatiewe kringe is daar sterk wal gegooi en veldtogte daarteen op gang probeer kry, maar tevergeefs.

Een van die sterkste opponente teen hierdie mode verskynsel was Gert Yssel, wat in die laat dertigerjare dosent in Aardrykskunde aan die PUK was maar sy pos weens gedragsprobleme vroeg in 1940 moes ontruim.

Aan PUK-dames is die eis gestel om "smaakvol en korrek" gekleed te wees, en was dit taboe om slenterbroeke (slacks), kortbroeke (shorts), kuitbroeke (jeans), stranddrag, sportdrag, plakkies of sandale sonder 'n band te dra. En nog iets, dames: geen uitspattig gekleurde kouse in die wintermaande nie! Wil-wil ek my verbeel dat onstydse Elsa Pelser en enkele maters reeds hier in die vroeë sestigerjare op pad na die mini was – kompleet met die nou rompies en sag-effekleurige sykouse om die anatomiese uitsteeksels verder te beklemtoon. Of is dit maar daardie tipiese verlede-inkleur-sindroom waaraan ouerwordende mans soms ly ...?

So twee jaar nadat die nuwe modegier posgevat het, verskyn daar in Augustus 1967 'n effens tempterende briefie van "Neo-Verligte" in die studentekoerant wat vra vir stimulante "om die algemene P.U.-gedagtegang in 'n gesonde uitlaatklep te kanaliseer". Een daarvan kan wees "as meer P.U.-dames op ons kampus van die minirokkie gebruik maak". Dit sal nie net die wedersydse verhouding tussen mans en dames bevorder nie, maar ook die studente gewoond maak aan tendense elders.

**CARNABY STREET OF WAKISUITRUSTERS?**



*Alle oë het hierdie week op die kampus gedraai na... die maksi wat Margie Raath (middel) klas toe gedra het. Haar mini-susters is André de Wet (links) en Martie Yssel.*
*(Foto: Fotokuns)*

"Neo-Verkrampte" het met groot skok op "Neo-Verligte" se brief gereageer – om te dink "dat daar mense aan die P.U.K. is wat ten gunste is van minirokke". Daar was ook verbasing dat die studentekoerant hoegenaamd die brief geplaas het. Dit kan maklik beïnvloedbare dames op die kampus oorhaal tot "onbesonne optrede". Stel jou voor, sê "Neo-Verkrampte", 'n Puk "waar dames met minirokkies en slenterbroeke rondloop, sigaret in die mond en hand om die lyf met mans in nousluitende broekies, bont hemde ... Nee dankie, dan liewer uit pas met kontemporêre tendense."

Die stryd tussen Verlig en Verkramp oor die minirok sou voort duur …

In April 1968 skryf D Wijnbeek dat die winde van verandering ook die PUK getref het, en dat die uitwerking van die "winderigheid" seker mettertyd duidelik sal word. En noem hy as een van die nuwighede, teenoor vyf jaar tevore, die mode: "Destyds was die dames nog deftig; vandag kan 'n gesonde man met moeite en met ander redes sy oë afhou van die dartelende mini-evas op ons kampus."

Intussen het die evasgeslag ook met 'n ander nuwe mode vorendag gekom: die maksi! En sommer net so tussenin spog andere weer met die midi, as kompromis tussen die twee uiterstes!

In Augustus 1968 word die groot vraag gestel: "Maksi of Mini … Wie gaan wen?"

'n Naamlose waarnemer worstel met die vraag: "Wie gaan die stryd wen … of wie gaan die stryd gewonne gee? Een van die twee, hetsy die maksi of die mini sal moet swig voor die aantrekkingskrag van die ander … Met die mini-rok voel jy so hoog in die mode, maar wat nou gesê van die maksi? Gaan ons so laag … nee, ek weet nie, ek wil nie saamstem nie.



*"Mini's en T-hemde word mottekos"*



# Mini's en T-hemde word mottekos

— Mercia Schoeman —

Met die naderende winter is almal op soek na 'n bietjie warmte — veral as daar op koue koshuistrappies gesleep moet word.

**Huiwerig balanseer winter en somer nog tussen oggend en middag, terwyl die halfgeklede takke gryp-gryp na die laaste spatseltjie sonskyn strek. Dan verjaag die koue die laaste oorblyfsels van 'n uitgeputte seisoen.**

Die natuur aanvaar die verandering gelate en neem van die somer afskeid met 'n mengelmoes van oranje en bruin. In hoekies jaag die wind die blare soos uitgeworpenes van 'n ander seisoen saam of verstrooi hulle op 'n verkleurmannetjiegrasperk. As jy nie mooi hou wat jy het nie, bokspring jou aanteke*ninge sommer lustig uit* jou verkluimde vingers of valskerm die dames se rompe baie onvroulik bo hul koppe uit.

Soos die natuur, ondergaan die studentelewe ook ter wille van oorlewing 'n omwenteling. Die vensters word nie meer so mildelik oopgegooi nie en somer word op allerhande kunsmati-

ge maniere nagebo
soos die vertroeteli
van 'n koppie Milo.

Selfs die eetsaal is
gemoetkomend: ko
vleis en slaai verdw
van die spyskaart af
plek te maak vir 'n w
kome bord sop. Verw
mers, bygestaan d
elektriese komberse
oorwerkte ketels, s
gereeld vir die verd
mende "klik"-geluid
die hoofskakelaar wa
hele gang kragloos la

Die eerste twee pe
des van 'n dag was
nooit gewild nie, ma
skielik begin die kla
soos 'n blokkiesraai
lyk met net so hier
daar 'n gevulde spa
Somerrokkies en T-he
de word mottekos en
*die plek daarvan betr*
lywige truie en eni
langmou wollerige mo
ons lewens — net sola
dit warm maak!

Tussen kaal bome
teen 'n ysblou agt
grond afgeëts word
opgefrommelde voëln
sies in hul verkluim
takke, kom jy agter:
leegheid om jou is t
baar: dit is winter.

"Wat word dan vir die maksi gepropageer …? Warmmmm, slobberigggg, swaaar en ongemaklik! En dit in die somermaande, hier in ons sonnige Suid-Afrika!

"Wel, aan beslissings sal ek my nie waag nie want die wispelturigheid van die vrou het van die vroegste tyd reeds bewys dat die vroulike nimoïte so reg aard na hulle Venus … geheimsinnig en deurgaans onpeilbaar!"

'n Foto het met hierdie worstelvraag gepaard gegaan.

Intussen het die minirok al hoe sterker kleims begin afsteek as modegier onder die PUK-dames, sodanig so dat, in die destyds veelgeroemde eeufeesjaar van die PUK (1969), 'n "maksi" tussen die mini's die koppe sou laat draai!

In die volgende uitgawe van die studentekoerant het rubriekskrywer "Reflektor", wat sake op die kampus "Deur my lens" beskou, geworstel met 'n probleem: "Waarheen moet 'n man deesdae kyk as die mini-brigade op hul fietsies die straat afkom?"

En sou dit met bloktyd en die eksamens vergelyk word!

Die mini was beslis nie net 'n vlugtige modegier wat vinnig weer sou oorwaai nie. Laat in 1974 het Martin Bekker dit in sy rubriek "oor een geringe klein sakie", naamlik die mini. Hy verwys na persberigte dat 'n "internasionale sameswering" ten doel het "om die mini vir eens en vir altyd op die knieë te dwing – of nog laer". Volgens hom is daar "sewe redes waarom die skone geslag so mooi as moontlik probeer aantrek, en al sewe dié redes is mans". Sy slotsom is "om alle moontlike misverstand omtrent hierdie saak uit die weg te ruim: die mini is hier om te bly!"

Martin se toekomsvoorspelling vir die mini is onderskraag deur 'n ma van 'n student: noudat klas- en losiesgelde weer op is, sal ouers niks groters kan bekostig nie!

Soos dit met sulke sake gaan, het die mini mettertyd so ingeburger geraak dat dit algemeen en stilswyend aanvaar is. Selfs die dames van Alabama het hulle in 'n weliswaar taamlik preutse variant daarvan uitgedos, terwyl van die jonger personeel van die PUK se departement openbare betrekkinge ook nie skaam was om been te wys nie.

Die enigste "gesag" voor wie die mini die knie sou buig was … winter! En as dit kom by die jaarlikse fotonemery, in groepverband en vir *Besembos*-doeleindes, het dit natuurlik 'n feitlik totale eenvormigheid onder die damesgeslag bewerkstellig. So asof hulle, op 'n gegewe moment en op "korporaal" Piet Fotokuns se blaf-bevel: "Vou julle handjies s-a-a-a-me!", presies geweet het oor waar en hoe dit gedoen moet word.

*Oosterhof eerstejaars 1972.*



# 3.7.10 "STOVEPIPES", DENIMS

Die laat sewentigerjare is gekenmerk deur die bevraagtekening van talle gebruike en tradisies aan die PUK. Verskeie aspekte van kleredrag het só die tonge losgemaak …

## (a) "Stovepipes"

Vroeg in 1978 rig 'n skuilnaamskrywer, "Keelvol-vir-nou-pype op M" [vir moedeloos!] in *Die Wapad* 'n ope brief aan sommige Puk-dames en wel oor "die "nuwe" modegier wat die modebase uitgedink het om weer hul bankrekenings vol te maak – die nimlike ou nou-pyp-broekies ('stovepipes')." Daarin is stukkies advies vervat, soos

- klim eers op 'n skaal – "Jy moet ten minste 20 kg **onder**gewig wees om nie **volkome** belaglik te lyk nie";
- "kyk hoeveel breër die nou broekspype jou normaalweg-nie-te-smal heupe laat lyk – veel meer aksent op daardie deel van jou anatomie";
- "kyk hoeveel dikker jou bobene, in vergelyking met die res van jou bene en enkels lyk".

Die briefskryfster (dit was 'n dame, lei mens uit die res van die brief af) se storie kom daarop neer, kort en klaar: 'n dame is nie smaakvol geklee nie as sy 'n "stovepipe" dra. Pasop om nie 'n oujongnooi te word nie (as jy so swak lyk in jou "stovepipe"), is "Keelvol" se waarskuwing aan die evasgeslag.

"Katryn en kie" het in 'n latere uitgawe ook 'n stuiwer in die klerebeurs te gooi, namens "die meerderheid dames". Eerstens, oor die mans se swak kleredragsmaak: "Broek, baadjie en hemp – alles is 'check', nie dieselfde kleur nie, nie dieselfde 'check' nie en dan nog 'n blommetjies das in 'n heeltemal teenstellende kleur." Hardloopskoene pas meer op die Fanie – en die ergste van alles, die mans wat dag en nag sweetpakbaadjies dra!

Soos "Keelvol", voorsien Katryn ook dat Puk-dames almal oujongnooiens word "as dit van Puk-manne met 'check'-klere en sweetpakbaadjies afhang".

Ook die manne se haarstyl word bekyk: "Korter, skoner hare is altyd beter om aan te vat as die 'Uriah Heep'-styl waarin ons daagliks moet vaskyk." En dan, manne: "Dink gerus daaraan of 'n baard jou pas – is jy nie dalk te lui om te skeer nie?"

Katryn-hulle het 'n goeie woordjie vir goedlykdames in "stovepipes", terwyl die mans wat dit dra, gewoonlik goed lyk daarin: "Wat gee 'n meisiehart meer 'n ruk as 'n man met effens bak bene in 'n 'stovepipe' met kouse en velskoene, 'n blou geruite hemp en skoon, korterige hare?"

Die manne word opgesweep: kyk in die spieël, manne; breek weg, manne!

'n Rukkie later het Danie van Loggerenberg die dra van "stovepipes" as verkragting van PU-kanerskap bestempel, en dit werklik onnodig en ongevraagd genoem "om feitlik elke dag in een of ander dame se 'stovepipe'-anatomie vas te kyk".

Die "stovepipe"-polemiek het teen die middel van 1978 momentum verloor en wel toe die Pukkies (trompoppies) in hul omstredenheid asook die danskwessie die kalklig gesteel het.

## (b) Denims

Die dra van denims, wat lank reeds 'n geskilpunt in die studentelewe was, is vroeg in 1978 tydens 'n Kampusfokus-byeenkoms op Nooitgedacht deur studenteleiers deurgetrap. Dáár is

toe wel besluit dat denims gedra mag word, maar dan moes dit aan sekere vereistes voldoen het, bv dit mag nie gebleik wees nie, ook nie te nousluitend nie, moet omgesoom wees, ensomeer.

Redaksielid van *Die Wapad*, Paul Slot, het met sy kamera 'n paar "oortredings" op film vasgelê – om moontlike oortreders af te skrik. SR-voorsitter Theuns Eloff het HK-lede ook gemaan om veral toe te sien dat die denimreëls toegepas word; en as sake nie verbeter nie, sal die Senaat versoek word om die denim-draery te verbied.

Skynbaar het daar nie verbetering ingetree nie en het die SR inderdaad versoek dat die Senaat die toegewing herroep. Gerugte dat die dra van denims weer verbied is, het die PUK-massa rooi laat sien en het tot gevolg gehad dat die denimkwessie ook saam met ander brandpunte, soos veral dans, tydens 'n monstervergadering einde Junie 1978 ter tafel gebring is. In werklikheid het die Senaat om "organisatoriese redes" nie die vergunning ingetrek nie, maar studente daarop gewys "dat kleredrag moet dien as 'n behoorlike bedekking van die liggaam en deur beskeidenheid gekenmerk moet word"; ook dat dit altyd netjies moes wees.

Wat die terme "behoorlik", "beskeidenheid" en "netheid" presies inhou, en hoe die norme daarvoor aangelê sou word, is nie gesê nie. Denims, soos so baie ander nuwe modes, het gekom om te bly – ook op die PUK-kampus.

Tydens die SSR-verkiesing van 1979 het denims opslae gemaak toe *Die Transvaler* in Augustus berig het dat die nominasie van Bert Sorgdrager afgekeur is omdat hy denims op Sondae dra. Dié "wolhaarstorie" is deur sowel die SSR as Sorgdrager self in persverklarings as van alle waarheid ontbloot bestempel.

# 3.7.11 VERDERE EVOLUSIE

In die vroeë tagtigerjare het etlike verwikkelinge vinnig koers gegee aan die kleredragpatroon op die Bult. In September 1981 word 'n deurbraak gemaak met plakkies en sweetpakke. ***[Kyk insetsel]***

Kort hierna is dit die nuwe modegier van die dames, die bermuda, wat die opstellers van die PUK se kleredragreëls moet laat besin. Skynbaar was daar in SSR-geledere nie baie entoesiasme hiervoor nie, maar – soos eventueel in *Die Wapad* berig is – moes die knie uiteindelik wel gebuig word. ***[Kyk insetsels hiernaas]***

As daar dalk verwarring was oor watter broekies wel deur dames gedra mag word, is daar in April 1982 verdere uitsluitsel gegee. Dit was 'n "uitsonderlike geval" en die voorkomsregulasiekomitee het spesiaal vir die doel byeengekom: "Meisies mag hierdie winter wel kniebroeke en broekrompe klas toe dra ... Bermudas, dit wil sê broeke wat bo die knie eindig, is nie toelaatbaar nie."

En dan, in Augustus 1982, is daar groter klarigheid oor die kleredragreëls in totaliteit. En is dit maar weer die mini wat die aandag trek, soos uit meegaande berigte blyk.



Broekies wil sy dra ...

**Die toestande voor die Biblioteek is nou wel op die oomblik gunstig vir die dra van Bermudas, Knickerbockers ensovoorts, maar asseblief dames!**

Volgens Frikkie van Niekerk behoort geen dame dit in so 'n affère van twyfelagtige herkoms te waag voordat sy nie die spieël en die badkamerskaal deeglik geraadpleeg het nie.

As gevolg van die wispelturigheid van Madame Modegier is dit onmoontlik om alle reëls te vervat in die voorkomsregulasies.

Die finale besluit van die SSR is egter dat dames dit as geleentheidsdrag moet beskou en dit nie op die kampus of na klasse mag dra nie.

En dames, dis nié al die manne wat ten gunste van die nuwe gier is nie. Sommige mans sê hulle hou daarvan (die broek of die bene?) Ander se menings wissel egter van "Is die meisies nou simpel!", "horing" en "ag nee sies".



*"SSR buig die knie voor kniebroeke"*



SSR buig die knie voor kniebroeke

— Betsie Kilian —

Die SSR het 'n mosie aan die Kleredragkommissie deurgestuur vir goedkeuring dat die dames kniebroeke wat onder die knie vasmaak, klas toe mag dra.

Die dames het hierdie optrede van die SSR veral te danke aan Irma Jansen van Rensenburg (SSR-lid

● *Hantie Auckamp, 'n eerstejaar van Vergeet-my-nie, wys hier hoe die Puk-dames gaan lyk indien die Kleredragkommissie die mosie wat van die SSR deurgestuur is, gaan goedkeur.*

*"Plakkies en sweetpakke in Bib toegelaat"*

# Plakkies en sweetpakke in Bib toegelaat



...die kampus nie, maar nou ja,.

**Die nie-amptelike biblioteek- en SS-drag van die meeste studente is nou amptelik geregverdig.**

Die meerderheid wat met sweetpakke, sportskoene, plakkies en kortbroeke (mans) in die Biblioteek rondgesnuffel het, het eintlik nog die heeltyd die reël oortree. Wees egter gerus, die nuwe voorkomsregulasie laat nou toe dat die studente in hierdie drag in die biblioteek en Studentesentrum verskyn.

Die klerekomitee (saamgestel uit studente van die Koshuisraad tot lede van die Senaat) het saam besin oor veranderinge ten opsigte van die klereregulasies. Die studente en biblioteekpersoneel het gevoel dat die veranderinge dit gerieflike vir studente maak om veral tydens blok- en eksamentyd in die Biblioteek 'n draai te maak.

Nog 'n verandering is dat die dames hul nuwe, goedgekeurde koshuisbloesies klas toe mag dra. Die mans mag egter nie, omdat hulle nog net t-hempies het wat uitsluitlik vir sportdoeleindes is.

Hierdie vergunnings sluit egter klasdraf uit. Daar moet gelet word op die reël dat plakkies nie klas toe, eksamenlokaal of administrasiegebou toe gedra mag word nie. Dit sluit die hele "plakkie-familie" in.


Volgens Prof Ben de Klerk van die Studentebuiro is dit jammer dat 'n klein klompie studente die Universiteit se naam in gedrang bring deur hul kleredrag. Die reaksie van mense van buite af is egter deurgaans positief. Veral mense van die loopbaanskou wat die Pukke se kleredrag met ander universiteite vergelyk, sê dat die studente se voorkoms in die algemeen baie netjies en van skitterende smaak getuig.




● *Reguit van die swottafel Bib toe - in gemaklike plakkies.*

## Huiskomitees kry opleiding

*"Koppe draai na boeke – reëls word bekyk"*



## Seniors kan deur … betaal en registr…

**Senior studente kan vanaf 1982 deur die pos registreer.**

Registrasie en vakkeusevorms sal saam met die November 1981-eksamenuitslae aan studente gestuur word. Die minimum voorgeskrewe gelde moet saam met die vorms gestuur word voor 22 Januarie 1982. 'n Student is nie geregistreer voor hy nie die gelde betaal het én die vorms ingevul het nie.

Voltydse studente wat nie aan al die vereistes vir die posregistrasie voldoen nie, meld op 2 Februarie 1982 aan vir vakregistrasie en registreer daarna alfabeties vanaf 5 tot 26 Februarie 1982.

Alle persone wat voltyds of na-uurs vir die eerste keer in 1982 wil inskryf, moet voor 15 Januarie 1982 inskryf.

Voltydse eerstejaarstudente meld op 26 Januarie 1982 by die universiteit aan.

Daar was baie probleme met die ou registrasiemetode, sê mnr. H B Coetzee, belas met registrasie en statistiek. Studente was ontevrede omdat hulle moes toustaan en dan vul hulle die vorms verkeerd in.

Die personeel wat betrokke was by registrasie moes vir drie weke tot veertien uur per dag werk, sê mnr Coetzee. Daarna moes hulle die inligting self nagaan. Foute het die werk vir hulle uiters moeilik gemaak.

Mnr Coetzee sê die nuwe registrasiemetode behoort die meeste probleme op te los. Vanaf 1982 gaan die inligting met rekenaars verwerk word. Sodra 'n fout, byvoorbeeld 'n verkeerde

## Koppe draai na broeke — reëls word bekyk

**Slaan my dood! Tot lentebloeisels en die bermuda het iets gemeen: albei het skielik gekom en is luid begroet maar gaan die bermuda ook stil-stil verdwyn?**

Vol geesdrif en met 'n brandende ambisie om die baanbreker te wees wat permanent die vervelige rok-romp-langbroek-bloesbeeld die nekslag toedien, keer jy jou pienk spaarvarkie, wat reeds vanuit jou laerskooldae dateer, om en waag jou fortuin op 'n splinternuwe bermuda.

Die koppe-laat-draai-aster met die blink hare, rooilippe-vars-naellak-hoëhakskoene se segetog oor die kampus begin ook net momentum kry, of 'n gedetermineerde nuutverkose SSR-lid met strakke gelaatstrekke en starende oë, versoek haar taktvol en plegtig om maar asseblief tog liewer te konformeer: rok-romp-langbroek-bloes, dames!

Die bermuda se plusse oortref minusse by verre. Dis so gemaklik soos 'n langbroek en so koel en vroulik soos 'n romp. Die bermuda wissel van 'n rompagtige driekwartbroek tot 'n nouerige byna-kuitlengtebroek tot 'n taamlike wye lang kortbroek. In die eenheid is daar dus ook verskeidenheid.

Die minus is dat die bermuda heel stuitig kort kan raak met die gevolg dat die manlike spesie hulle klasse 'verpas' omdat die keuse tussen 'n temerige lesing en 'n paar soepel bruin bene gewoonlik nie 'n tweede gedagte werd is nie.

Omdat die bermuda 'n nuwe modegier is waarvoor daar nie voorsiening gemaak is in die kleredragregulasies vir dames nie, is daar tot dusver nog onduidelikheid oor die reëls vir die kampus in die verband, en volgens Frikkie van Niekerk sal die SSR hierdie duidelikheid daaroor gee.



# Mini is nou welkom!

**Die regulasies vir kleredrag van studente op die kampus is onlangs hersien. Hierdie nuwe regulasies vervang alle bestaande voorkomsregulasies.**

Daar is weggedoen met heelwat van die spesifieke bepalings en volgens prof. Ben de Klerk van Studenteburo, wil hulle so min as moontlik voorskriftelik wees. Dit het tot gevolg gehad dat die studente se oordeelsvermoë in die verlede betwyfel is. Die uitgangspunt is nou dat elke student self die regte beginsels moet toepas in die regte gees.

Die enigste spesifieke bepalings wat nou nog vir die dames geld, is geen kniebroek wat bo die knie eindig en plakkies mag klas toe gedra word nie. Bloesies met 'n koshuiswapen, wat deur die SSR goedgekeur is, mag wel tydens klasse gedra word. Volgens prof. Ben is die mini dus wel toelaatbaar, mits dit met smaak gedra word, en aan die vereiste van behoorlike bedekking van die liggaam voldoen. Prof. Ben sê ook elke meisie moet self besluit of sy die figuur vir die mini het, of nie!

Spesifieke bepaling vir mans verbied plakkies, sandale, T-hemde en ook kortbroeke, behalwe tydens prakties, waar lang kouse en 'n wit jas gedra moet word.

Algemene bepalings is opgestel met die spesifieke behoefte van studente in gedagte. 'n Toegewing hier is dat in die biblioteek, studentesentrum en eksamenlokale, sweetpakke en T-hemde, wat deur die SSR goedgekeur is, met plakkies of sandale gedra mag word. Kortbroeke vir mans is hier ook toelaatbaar.

*"Miní is nou welkom!"*





*"Díe míní kan klas toe gedra word!"*

# 3.7.12 KLEREDRAG BY INTERVARSITY

In Oktober 1981, te midde van baie woeling en wording met betrekking tot kleredragreëls aan die PUK, kom ook die kwessie van kleredrag tydens intervarsities ter sprake.

Waar's tog die dae toe daar nog trots was op PUK-kleure! En kyk net na die argumente en motiveringe vir die nie-dra van PUK-kleure tydens intervarsity!

*"Waar's die dae tog! … selfs die orkeslede was trots op hul PUK-kleure! Dié foto's is van 1959 se intervarsity.*



4.00 nm. 4.00 p.m.

| UNIVESITEIT O.V.S. I | vs. | POTCHEFSTROOMSE UNIVERSITEIT I |
|---|---|---|
| 1. K. van Wyk | Heelagter —— Full-back | 15. Toy Danhauser |
| 2. E. du Plessis | Vleuel —— Wing | 11. M. Moolman |
| 3. J. Jacobsz | Senter —— Centre | 13. L. Thom |
| 4. B. Van Niekerk | Senter —— Centre | 12. J. Van der Schyff |
| 5. H. Roode | Vleuel —— Wing | 14. H. B. Van der Walt |
| 6. K. Marais | Losskakel —— Fly-half | 10. P. Van der Schyff |
| 7. N. Smith (Kapt.) | Skrumskakel —— Scrum-half | 9. L. Fourie |
| 8. S. Van Zyl | Voorspelers —— Forwards | 3. De W. Kruger |
| 9. J. Wessels | | 2. C. Lessing |
| 10. A. Pretorius | | 1. F. De Bruyn (Kpt.) |
| 11. H. Meyer | | 7. P. Steinberg |
| 12. P. Goosen | | 6. M. Van der Walt |
| 13. F. Pretorius | | 5. H. Venter |
| 14. C. Dupiesanie | | 4. P. Bosman |
| 15. S. Steenkamp | | 8. A. Van Wyk |

Skeidsregter/Referee: Mnr./Mr. H. Stander

1959





# 3.7.13 PROF. GERT EN DIE "PAINTER"



*Prof. Gert van den Bergh – "hoofinspekteur" vir kleredrag- en voorkomsregulasies van die PUK.*

Dit was een ding om vir 'n studentegemeenskap reëls oor kleredrag te maak, 'n ander om dit toe te pas!

In die laat sewentigerjare was die taak om toe te sien dat die kleredragreëls uitgevoer word, opgedra aan Geskiedenisproffie en kollega Gert van den Bergh. Sy ampsbenaming was voorsitter van die Advieskomitee oor Studentevoorkoms, en hy was direk aan die rektor verslag verskuldig. Is hy dalk vir dié taak nader geroep omdat hy vroeër in sy loopbaan sy doktorale proefskrif gedoen het oor die polisiediens van die ou Zuid-Afrikaansche Republiek? En daarby was hy nog 'n grootkop in die militêre ook – in alle opsigte dus 'n man toegerus vir sy taak.


En Gert het sy taak met erns en oorgawe aanvaar en uitgevoer. Menige student wat "onbehoorlik" aangetrek was, moes die klasdeur van buite af toemaak nadat Gert hom uitgewys en die Leviete voorgelees het. Hy het ook nie geskroom om oortreders wat saambondel voor klasse of in die gange of wandelpaaie teengekom is, ernstig aan te spreek nie.

Vroeg in 1979 is 'n meningsopname oor die toepassing van die reëls gemaak. Die studente in die algemeen het nie juis klagtes gehad nie, "solank dit net nie te streng toegepas word nie". Maar "hoofinspekteur" Van den Bergh het beslis nie saamgestem nie: die regulasies word nóg deur dosente nóg deur SR-lede konsekwent toegepas – en dit terwyl die SR onderneem het om daarna om te sien. Meer nog, hy laat statistieke praat: In sekere klasse word die reëls deur tot 50% van die studente oortree, terwyl ongeveer 15-20% van die studente hulle daagliks aan dié oortreding skuldig maak.

Van den Bergh het die Senaat (implisiet maar die dosente) sowel as die SSR skerp gekritiseer omdat hulle oortredings skynbaar goedsmoeds oorsien ten einde konfrontasie met die studente te vermy: "Dit is bejammerenswaardig dat die mense wat die regulasies moet toepas, te slap is om dit te doen."

SSR-voorsitter Theuns Eloff het gemeen die reëls word "redelik streng" nagekom, maar het nog te veel vuil en verbleikte denimbroeke en verslete sportskoene opgemerk. "Hier en daar", voeg hy by, "is daar 'n dame wat beter sal lyk met haar huidige langbroek nadat sy tien kilogram verloor het." Ander menings oor die saak het gewissel tussen gekwalifiseerde ondersteuning en totale verwerping van kleredragreëls as irrelevant, onbelangrik en onnodig.

*Sou prof. Gert dalk besig wees om aan kollegas Dap Louw, Albert Viljoen en Louis Gouws te verduidelik hoe ver bokant die knie die dame-oortreder se mini gesit het?*



Dit word vertel dat prof. Gert een dag verby 'n groep studente gestap het wat in 'n portaal wat toegang tot 'n klas bied, saamgedrom het. Sy opmerksame oog vang 'n ernstige oortreder in die massa en hy dring deur tot vlakby die man. En hy karnuffel hom met sy tong:

Prof. Gert: "Meneer! Jou hare! Daardie lang slierte – dis teen die reëls!"

"Student": "Maar meneer …"

Prof. Gert: "Geen 'Maar's' nie, 'n reël is 'n reël. En die T-hemp met die kolle op, sonder 'n kraag!"

"Student": "Maar meneer …"

Prof. Gert: "Geen 'Maar's' nie! Kyk hoe lyk jou denim! Vuil, verbleik, stukkend! En kyk jou tekkies!"

Teen dié tyd was die mannetjie effens keelvol vir hierdie "arrogante" grootmeneer wat hom só voor al die omstanders slegsê. En kry hy uiteindelik sy woord in:

"Ag, f.. jou, meneer! Ek is nie jou student nie, ek's maar net die painter!"

'n Bulderende geskaterlag van die omstanders het prof. Gert verleë in sy spore laat omdraai. Afgesien van die humoristiese aspek, is die voorval tegelykertyd ook getuigskrif van die erns waarmee prof. Gert sy taak, om 'n netjiese studentegemeenskap te help daarstel, opgevat het.

## 3.7.14 "MANSKLERE VERLEI DAMES"

Wie sou nou **dit** kon dink!

Maar daar het jy dit, in die studentekoerant – April 1979:

***"Geagte redakteur,***

***"Vanaf my eerstejaar op die PU het mnr. Theuns Eloff telkens die refrein oor die dames se langbroeke wat so styf sit. Klaarblyklik sit nét dames se langbroeke styf, nét hulle is oorgewig en op een of ander onlogiese wyse is nét hulle uitlokkend in hulle kleredrag.***

"Mnr. Eloff, ek wens jy wil 'n bietjie na die mansstudente se broeke kyk. Party van hulle sit so styf dat dit 'n positiewe gevaar vir die gesondheid is. Oor die aard van die onderklere is daar gewoonlik ook geen twyfel nie. Laat tog bietjie iets aan die verbeelding oor!

"In teenstelling met die populêre mening kan mans ook uitlokkend wees. 'n Laag oopgeknoopte hemp en styfpassende broek is uitlokkend vanuit beide geslagte se oogpunt. Verder is 'n meisie veel meer gesteld op haar gewig en voorkoms as die man (ongelukkig), en sal nie sommer iets dra wat sleg lyk nie. Ek stel voor dat die SSR-lid vir terreine en geboue die kampus 'n guns sal doen en 'n paar lang spieëls in die manskoshuise ook laat installeer."

"Sarie Groenewald."

# 3.8 SOMMER STOUTIGHEDE …

## 3.8.1 "KOM ONS GAAN BLOMME PLUK"!

Onder dié opskrif berig *Die Wapad* in Oktober 1968 van 'n ongewensde saak wat die afgelope tyd kop uitgesteek het, naamlik blommestelery in Potchefstroom.

"In 'n opname wat gedoen is by die woonhuise wat rondom en naby die Universiteit geleë is, is vreeslike stories gehoor van skade wat aan goedversorgde tuine aangerig is, maar ook van ernstige klagtes oor gevalle waar duur potplante sommer goedsmoeds van stoepe verwyder en later in besit van studente gevind is."

Wat meer is: die studente kies in die meeste gevalle die duur blomme en vertrap en beskadig in die proses die res, was die klagtes van die omgekrapte publiek. Hierdie vandalisme, is gevoel, sal maak dat blomme-eienaars almal "studentehaters" word en dat die publiek in die toekoms verplig sal wees om die hulp van die gereg in te roep.

Tipies student, word die berig só afgesluit: "Hiermee word dan 'n beroep op die studente gedoen om asseblief nie die tuine heeltemal te vertrap wanneer hulle blomme pluk nie!"

## 3.8.2 "BLOMDIEWE VRYGELAAT"

En toe het dit gebeur! Dat die publiek die gereg se hulp ingeroep het, teen die blomstelende studente!

Die studentekoerant het die storie op sy voorblad gedra:

"Veritas se ou tradisie dat die tweedejaars die aand voor Valentynsdag vir hulle Karnavalmaats gaan blomme steel, het amper 'n nare nadraai gehad. Hierdie tradisie dateer uit die goeie ou Kloosterdae.

"Die tweedejaars van Veritas het Sondagaand 13 Februarie besluit om Oosterhof se Valentynsdag met baie blomme op te vrolik. Daar is toe besluit om die blomme op die goedkoopste manier te bekom deur dit in die dorp te gaan oes. Die bekende roostuin in Grimbeekpark is natuurlik nie ontsien nie.

"Ongelukkig het die eienaar van die tuin reeds op hulle sit en wag en sonder waarskuwing drie skote op die blommejagters gevuur. Die skote het een van die studente rakelings gemis.

"Die eienaar van die tuin se buurman het 'n klag teen die studente gelê en die motor se registrasienommer afgeneem. Die tweedejaars het by hulle ontmoetingsplek bymekaargekom waarna die polisie binne enkele oomblikke by hulle aangesluit het. Sommige studente het met blomme en al ontglip.

"Die hulp van twee van die HK-lede van Veritas is ingeroep. Hulle kon die polisie nie oorreed om die vyf manne vry te laat nie en moes terugkeer sonder hulle vriende. Die manne is toe om twee-uur Maandagoggend vrygelaat. Die polisie het die saak daar gelaat omdat die studente nie op die persoon – wie die skote gevuur het – se perseel was nie en geen blomme is in hulle besit gevind nie.

"Volgens 'n polisiewoordvoerder kan hy ongelukkig nie die diefstal as studentepret sien nie en moet studentepret van diefstal losgemaak word. Riaan Oosthuizen, 'n HK-lid van Veritas beskou dit as blote studentepret maar hy noem wel dat hy die beskadiging van tuine ten strengste afkeur. Hy versoek ook die publiek om nie op die voorval te oorreageer nie. Die manne wat wel losgekom het, is met hulle aankoms by Oosterhof met 'n koppie koffie beloon vir al die blomme.

"Die primaria van Oosterhof, Rika Coetzee sê die manne wat dit ongelukkig getref het, het al hul simpatie en hulle was verheug oor die groot hoeveelheid blomme. Sy sê ook dat daar lanklaas so 'n lekker gees tussen die twee koshuise geheers het soos vanjaar tussen Oosterhof en Veritas."

Ironies genoeg, terwyl nabygeleë huisbewoners die gereg se hulp moes inroep om hul mooi tuine teen stelende studente te beskerm, het die PUK se mooi tuine in wording baie lof uit studentegeledere ontlok!

## 3.8.3 KLOOSTER-ONTKLEEDEBAKEL

Die aand van 17 Oktober 1981 het 'n ander stoutigheid in die PUK-annale opgelewer. Twee ywerige Klooster-mansstudente het die idee gekry om die afsluiting van klasse met 'n bier-en-braai (by die dam) en daarna 'n sjampanje-en-kabaretvertoning (in 'n gebou in die industriële gebied) te vier. Ongeveer 40 persone, waaronder enkele nie-studente (hoofsaaklik sakemanne uit die dorp), is teen R15 per kop vir die kabaretprogram gewerf.

Drie ontklee-danseresse vanaf die Rand het opgetree.

Van die 22 studente wat teenwoordig was, het sestien opgeskorte skorsingsvonnisse gekry omdat hulle, volgens die mening van die dissiplinêre komitee, net "meelopers" was. Die ander ses, wat as "aktiewe deelnemers en organiseerders" bestempel is, is summier vir bepaalde termyne geskors. "So iets hoort nie by 'n universiteit nie", het prof. Tjaart van der Walt gesê, "laat staan nog by 'n universiteit wat konsekwent christelik probeer wees."

Omdat die gebeure die aand, volgens rektor Tjaart van der Walt, beslis meer as net 'n ontkleevertoning was, het die polisie ook die saak vir ondersoek opgeneem. In Maart 1983 is die student wat in die hieruitspruitende hofsaak tereggestaan het in die Potchefstroomse landdroshof onskuldig bevind.

Die "Kloosterdebakel" en veral die skorsing van die studente het wyd aandag getrek: "Elke dagblad, al die Sondagkoerante, baie plattelandse koerante en selfs die SAUK het berigte oor die Universiteit se optrede geplaas." En hoewel menige Puk se siel versondig is deur voortdurende vrae en aanmerkings oor die hou van ontkleedanse, was die blootstelling van die unieke feit dat alles op die PUK vanuit 'n Christelike oogpunt aangebied word, vir *Die Wapad* dubbeld en dwars die moeite werd.



● Dié dinge prikkel, sê rektor

**Pukke kry trekpas oor kales**

RAPPORT Jg. ........ Nr. ........ P. ........

**Stout Pukke kry hul loon — en simpatie**

**Nog ses Pukke geskors ná ontkleedans**

**Van Ons Wes-Transvaalse Kantoor**

POTCHEFSTROOM. — Ses studente van die Potchefstroomse Universiteit is gister deur die tugkomitee van die universiteit geskors nadat hulle 'n ontkleedans op die dorp bygewoon het. Altesame 22 studente is nou reeds ná die dans geskors.

Besonderhede oor wat die aand met en ná die vertoning ... kend gemaak word nie, want die polisie se ondersoek duur nog voort.

Vyf van die studente wat gister geskors is, het opgeskorte vonnisse ontvang en hulle kan onder sekere voorwaardes hul studie voortsit.

Die sesde se skorsing tree onmiddellik in werking, maar hy kan onder sekere voorwaardes weer aansoek om toelating doen.

... groep wat voor die tugkomitee verskyn het, is summier geskors. Die ander elf se skorsing is vir wisselende termyne opgeskort op voorwaarde dat hulle nie verder oortree nie.

Selfs die studente wat summier geskors is, kan ná 'n sekere tydperk weer aansoek doen om hul studie te voltooi.

Die ses studente wat eergister voor die tugkomitee verskyn het, woon in 'n huis op die dorp en is nie inwoners van Klooster soos gister berig is nie. Die eerste groep van sestien was van ...

*Beeld se spotprenttekenaar gee sy indruk van die gebeure op Potchefstroom.*



# 3.8.4 KAALBAS (HOLLERY)

In 1974 was Martin Bekker, wat "Die Veteraanhoekie" in *PU-Kaner* hanteer het, baie gebelgd en wel oor die feit "dat 'n ander universiteit nou die louere wil inoes as die eerste kaalhollers. Twak!" En sonder om diep in die argiewe te wil ingaan, noem hy as voorbeeld Joggem Tieties (DL Hattingh) se ervaring in die laat veertigerjare, toe hy twee dames van die koshuispersoneel in adamsgewaad in 'n gang onderstebo geloop het. ***[Kyk Sages en Legendes …, volume 1 p 256]***

'n Effens ouer geval: Dirk van der Spuy het hierdie kostelike ervaring uit sy studentedae (1937 tot 1940) om met lesers van *Sages en Legendes* te deel:

"Daar was net een telefoon en wel in Heimat. Indien daar 'n oproep was vir 'n student in een van die ander koshuise, d.i. 'Ons Huis' of 'Postma Huis', is sy naam hard uitgeskree en moes die betrokkene oor die binneplein na die foon hardloop.

"Dit gebeur toe ook weer so een vroeë aand terwyl die koshuis-matrone in die plein besig was om blomme nat te spuit. Die betrokke student vir dié oproep was op daardie tydstip onder die stort in 'Ons Huis'.

"Hy draai toe net sy handdoek om sy kop en hardloop poedelnakend verby die matrone na die telefoon.

"Sy was verskriklik ontstoke en gaan rapporteer dit toe by die koshuisvader Prof. Wikus du Plessis. Sy eis 'n verskoning en 'n vergadering word toe gehou. Die skuldige persoon kom nie self na vore nie en geen maat sal hom verklap nie.

"By hierdie dooiepunt vra een student toe 'n spreekbeurt en stel sy saak as volg: 'Professor, ek stel voor ons hou 'n uitkenningsparade. Ons sal almal kaal met 'n handdoek om die kop verby stap en dan moet matrone maar self die skuldige persoon herken en uitwys.

"Dit was toe die einde van die hele aangeleentheid."

***[Ongelukkig kon geen aksiefoto's van hierdie aangeleentheid verkry word nie!]***

In 1975 word dit betreur dat nog 'n "verkwiklike tradisie", naamlik kaalnael, gedoem is "om saam met Gatland syne te sien", deurdat die rektor 'n verbod daarop geplaas het. Die vergelyking slaan op die manskoshuis Gatland (of Ons Huis), wat naamlik geoormerk was om gesloop te word. ***[Die sloping van Gatland word in afdeling 3.18.5 behandel]***

*In 1988 het studente van die laat dertigerjare 'n halfeeu reunie gehou en 'n "dag van blye weersiens en volgelaai met egter Puk-genot" beleef. Op die foto regs ruil Dirk van der Spuy (regs) gedagtes uit met Deon Erasmus en Nellie en Louis Postma.*



*Op hierdie wys Dirk 'n ander punt uit aan die latere prof. "Jan Fisies" van den Berg.*



# 3.8.5 "KWAGGABILTONG SEËVIER"

Dié storie is met opsigtelike lekkerkry deur "SUIDWESTERS" in *Die Wapad* van 21 Augustus 1958 vertel:

"Sodra Suidwesters na die Junievakansie op die PUK aanland, is die eerste wat gevra word, 'Biltong! ! ! ! !' (Nie eens na jou welstand volgens ou Puktradisie nie!)

" 'n Voorraad goedbereide Kwaggabiltong is dan ook spesiaal hiervoor oor windpompe en draadheinings 'drooggemaak', sodat die ergste reuk en geur deur die son uitgebraai kon word. Die plaasvolkies het nie eens die moeite gedoen om dit te gaps nie, want vir hulle lyk 'n kwagga meer na 'n donkie met pajamas aan; om nie eens van die 'geurige laventel' te praat nie!

"Vir enige Nimrod is dit grappies om die 'aroma' van kwagga uit te ken – dog vir die Unieboertjies het dit net na 'koedoe' gesmaak en geruik – alhoewel dit die eerste keer was wat van hulle 'koedoe' sou eet.

*Afgesien daarvan dat kwaggas deur Suidwesters gebruik is om "koedoebiltong" vir die byna ongemanierde kamer- en koshuismaats te maak, is hierdie "donkies met pajamas aan" ook al as trekdiere aangewend. Hierdie foto dateer uit 1913!*



"Kwaai kompetisie is egter op die afsetmark ondervind, aangesien volstruisbiltong 'n sterk mededinger was.

"Daar is heerlik weggelê aan hierdie met-sorg-bereide 'koedoebiltong'.

"Vele van die grotes het gesneuwel!"

# 3.9 STEEDS ONTGROENING!

In die eerste volume van *Sages en Legendes* … (p 79 ev) is 'n hele afdeling aan ontgroening gewy. Die wydheid en trefkrag van stories oor hierdie vorm van tydverdryf op universiteit is so groot dat daar inderdaad boeke oor geskryf kan word. Voortdurend duik daar dan hiér, dan dáár, nuwe stories van ou, geykte gebruike en gewoontes rondom ontgroening op. Dit is gevolglik goed gedink om nog 'n klompie hiervan te bundel.

## 3.9.1 "WIE'S JY?" … "NIEMAND, MENEER!"



*Corrie Niemand … as eerstespanrugbyspeler, 1948.*



*Basie van Wyk … Theos se rugbykaptein 1946, kom tot groentjie en mede-Vryburger se "redding"!*

Uitkenningsparades tydens ontgroening was nag vir eerstejaars. Hoe op aarde moes 'n nuweling so baie mense se name so gou ken? Maar soms is die vraag omgekeer, en kon sake lelik verkeerd loop. Soos 'n eerstejaar van 1946 aan eie lyf ervaar het.

Dit was vroegoggend, laat in Januarie, dalk vroeg in Februarie 1946. Die huurmotor laai die pas gematrikuleerde aspirant-PUK voor Ons Huis oftewel Gatland af. Daar staan hy, neffens sy groot kleretas, op die drumpel van 'n nuwe, opwindende fase in sy jong lewe …

Op daardie stadium lui die etensklok vir brekfis in Heimat se eetsaal. Vir al drie koshuise se manne: Heimat, Ons Huis en Postma-Huis. Laat hy self verder vertel:

"Toe ek nou daar staan, toe storm die manne daar by Gatland uit. Daar was 'n man, sy naam was 'Wit Jan' Bekker, en 'n ander man, sy naam was 'Koos Box'. Hy was eers 'Koos Doos', maar dis 'n lelike woord en toe het hulle hom 'Koos Box' gedoop. Sy regte naam was Koos Grobler, so 'n groot ou. En 'Wit Jan' Bekker gryp my so voor die bors en skreeu-vra: 'Wie 's JY?'

"Ek sê toe vir hom ek is Niemand.

"Maar hy haak af en klap my, klap my bo-oor my soetkys. En hy sê vir Koos Box: 'Hier 's nou 'n hardegat eerstejaar!'

"Koos Box tree aan en vra met luide stem: 'Wie 's JY?'

"En ek sê vir hom: 'Niemand, Meneer!'

"En hy slaan my bo-oor my tas, terug na 'Wit Jan' Bekker toe.

"Toe kom Basie van Wyk daar aan. En Basie ken vir my, ons kom albei van Vryburg af. Hulle sê toe vir hom: 'Jy moet darem kyk, hierdie eerstejaar …' Toe besef hulle dat hy my ken – en hulle vra vir hom, wie 's ek dan?

"Hy is Corrie Niemand", kom dit kort en kragtig.

"Daardie verleentheid! Met 'n asof verontskuldigende vraag, 'Nou hoekom het jy dit nie gesê nie?"

Ons ontnugterde eerstejaarsvriend wou opsluit die huurmotorbestuurder terugroep en die stuk insit terug Vryburg toe. Maar hy het toe wel uitgehou …

## 3.9.2 ONTMOETING MET DIE "KONINGIN VAN SKEBA"

Corrie Niemand vertel ook die volgende storie oor ontgroening:

Dit was die jaar 1946. As eerstejaars is harde tye deurgemaak …

"In die middel van die nag maak hulle [die ouhere] jou wakker. Sê ons gaan nou eers die Koningin van Skeba ontmoet. Dan moet jy jou gesig was, jou kispak aantrek en jou hare netjies kam.

"Dan marsjeer hulle ons uit na Tarentaal [spoorweghalte], seker so ses/sewe myl uit op pad Johannesburg-toe. Hulle ry natuurlik op fietse langs ons, ons stap die heel pad tot daar by Tarentaal.

"Daar gekom, gaan staan ons almal in 'n lang reguit streep op die platformpie. Nou wag ons vir die Koningin van Skeba …

*Die stasie Tarentaal het, soos so baie van hierdie kleiner treinhaltes, heeltemal van die toneel verdwyn. In 1992 het die uittredende en inkomende "presidente" van die Republiek van Tarentaal, op soek na die stasie, darem hierdie naambord kon opspoor.*



*Die stasietjie Tarentaal het reeds sedert die dertigerjare 'n besondere rol in die oriënteringsprogramme aan die PUK gespeel. In 1972 is die "munisipale gebied" Tarentaal as "tuisland" en in 1982 as "republiek" geproklameer. Van tyd tot tyd is hoë besoekers ontvang, soos premier John Vorster in 1972 (foto bo) en president Nelson Mandela in 1996 (foto onder)*





**TYDENS President Mandela se besoek aan die Puk het die President van Tarentaal, vergesel van sy kabinet, 'n opgestopte tarentaal aan hom oorhandig. President Mandela is dan ook nou 'n geveerde ere-burger van die Republiek van Tarentaal.**

"Na 'n ruk, besluit die een ou heer: 'Sien julle hierdie twee ysters wat hier so lank lê, wat is dit?'

"Uit eerstejaarsmonde: 'Spore, Meneer!'

"'Spore? O, spore? O wee, as die spore hier lê, is die trein mos al verby. Kom ons gaan dan nou maar weer terug, koshuis-toe.'

"Dan, nou diep in die nanag al, stap ons maar almal weer terug, koshuistoe."

[Sou Jan FE Cilliers se gediggie nie dalk in sommiges se koppe gemaal het, só met die terugstap nie: "Die osse stap aan deur die stowwe / geduldig, gedienstig, gedweë …"?]

## 3.9.3 UITKENNINGSPARADES – EN ANDER "TRADISIES"

Uitkenningsparades was tradisioneel een van die kernelemente van die insout- of ontgroeningsperiode. Dáár het die studente mekaar leer ken: die eerstejaars moés eenvoudig so gou montlik al wat ouheer was se naam in sy geheue vasgriffel, anders het hy probleme; die ouhere weer, het deur al hul manewales ook gou-gou die name van die eerstejaars bemeester.

Corrie Niemand vertel hoe dit teen 1946 daaraan toegegaan het: "Die eerstejaars moes in 'n lang ry, voor Heimat, inval. Op die eerste dag het die ouhere hulle almal, so 'n stuk of sestig, ewe ordentlik aan elke eerstejaar voorgestel. Gawe mense dié, né?

"Die volgende aand stap hulle weer verby – onthou, jy het hulle nog net een maal gesien. Skielik storm een op jou af en vra met bulderende stem: 'Wie 's ek?"

"Durf net verkeerd sê! Elke eerstejaar het 'n botteltjie kasterolie in sy sak, wat hy permanent met hom saamdra. Sê jy verkeerd, smeer hulle jou lippe en in jou mond so 'n bietjie daarvan. En so smeer elke ou kasterolie totdat die bottel naderhand leeg was …


"Die ouens wie se bekke nou blink gevryf was, hulle moes bakoond loop. Op die grasperk tussen Heimat en Gatland, daar staan die manne so wydsbeen – en dan moet jy daar deurkruip … Hulle slaan jou amper dood, as jy ander kant uitkom is jou agterwêreld aan die brand geslaan."


Oud-PUK en studentemaat van die laat vyftiger- en vroeg sestigerjare, Johan Serfontein, het enkele foto's van ontgroening voorsien, en daarmee meegehelp dat daardie aksies of tradisies aan die vergetelheid ontruk kan word. Die meegaande foto's op die volgende blad vertel die stories.



*Fotobeeld van uitkennings-parades.*









*Links : "Harde gat, word sag!", is die seremonie wat hier sommer in 'n sinkbad uitgevoer word. Die "slagoffer" is Piet Heslinga, die "onderdompelaars" skynbaar Hendrik van der Wateren en Koos Coetzee. (Ongeveer 1959/1960)*

*Regs : Bakoond!*







*'n Eerstejaar moet sy mede-dore en -drake dirigeer, wyl hulle almal met die "blik in die as" grondwaarts tuur!*



*Uitkenningsparade 1960. Johan Serfontein druk Jan Ackermann met sy ore plat op die verhoog. Die twee lyk darem nie te onvergenoeg met mekaar nie – Jan was inderdaad 'n paar jaar later seremoniemeester op Serfies se troue!*



*Die Valbyl (skavot) in aksie, so reg in die tradisie van die Franse Revolusie! Serfies beskryf dit só: " 'n Fiktiewe eerstejaar (dws 'n senior) word deur die hof veroordeel om onder die valbyl te sterf. Die ligte word uitgedoof en net 'n flou liggie skyn op die verhoog. Hoëfrekwensie skreeugeluide word oor luidsprekers in die saal uitgesaai. Die 'eerstejaar' word al worstelend na die verhoog gesleep en gebukkend by die skavot vasgehou. Dan val die byl! Die kop wat afrol is 'n winkelpop s'n. Intussen sit die drake en dore met hulle blik in die as, heel voor in die saal op die vloer. Daar word seker gemaak dat die kop tot tussen hulle rol … Dalk 'n bietjie wreed in vandag se tye!"*

## 3.9.4 "VAARWEL AAN ORIëNTERING"

Ontgroening is soos die spreekwoordelike kat, met sy sewe lewens. Of dalk nog veel meer (lewens), want dit is seker een van die verskynsels wat die meeste afgeskaf (en begrawe) is – net om maar weer hier, daar en oral sy kop uit te steek.

In *Sages en Legendes* …, vol 1 (afdeling 1.4.3.) verskyn 'n vertelling oor die begrafnis van ontgroening in 1937. In afdeling 1.4.4.5. van dieselfde werk verskyn die voorbladberig van die oudstudenteblad *PU-Kaner*, oor die afskaffing van ontgroening aan die begin van 1982.

Die studentekoerant *Die Wapad* se verslag oor die begrafnis van ontgroening aan die begin van 1982 word hier onder weergegee.

Anders as in 1937, was daar gemengde gevoelens oor die realistiese uitbeelding en aanbieding van die 1982-seremonie.

---

CACHET APTEEK
U Plus Apteek
TOMSTRAAT 92
Tel. 4201
Groot genoeg om u te dien, klein genoeg om u te ken.

Jaargang XXXVII Nommer 2 12 Februarie 1982

die WAPAD
ASPU
IN U LIG SIEN ONS DIE LIG
AMPTELIKE STUDENTEKOERANT VAN DIE PU vir CHO

Bussie 13, Studentesentrum/Bussie 502, Administrasie
Tel 25481, 4267/8, 22112 x 570/1

TOPS
Uitsig Deurloop
Tel. 21112
VIR: Rekenaars
Witjasse
Dissekteerstelle
• • • • •
Skoonheidsmiddels
• • • • •
Geskenke

# Vaarwel aan oriëntering


— Erika van Zyl —

**Dit is met leedwese en innige simpatie dat ons verneem het van die dood van oriëntering. Oriëntering is so oud soos die Puk self en laat talle seniors, dore en drake agter.**

Die middag van 4 Februarie is oriëntering deur ses draers van Liberalia tot by sy laaste rusplek gedra. Die lykstoet is gevolg deur die SSR-lede wat netjies en stemmig in swart pakke klere geklee was. Talle seniors het die begrafnis bygewoon en 'n stille traan is gestort, terwyl hulle die laaste eerbewys getoon het aan dié getroue vriend wat so 'n wónderlike invloed op soveel eerstejaars se lewens gehad het. Die SSR-lede en seniors is gevolg deur talle wenende dore en

grypend verander het. In die amfi is die tradisionele ballade van die bloeddorstige ou menere deur Caput aan die ontroosbare skare voorgelees. 'n Kransie is deur elke koshuis by die kis neergelê, en met dié kranslegging kon mens werklik sien, hoe hartseer die studente is oor die heengaan van oriëntering. 'n Laaste saluut is deur die eerstejaars van Amajuba geskiet. In 'n kort, maar kragtige boodskap wat die SR-voorsitter tot troos aan die agterblywendes gerig het, het hy gesê: "Dis 'n treurige geleentheid..."

Ons sal altyd met leedwese terugdink aan wyle Oriëntering. Ons groet jou Oriëntering, jy wat gesorg het vir soveel pragtige herinneringe. Rus in vrede, jy het jou deel gedoen!



*● Baie seniors het gekla dat die begrafnis van oriëntering te realisties aangebied is. Hier is dit duidelik met hoeveel detail die begrafnis beplan is – houtkis, kerkpakke en kransies. Die argumente daarteen is ook dat die gehuil, musiek en kranslegging oordrewe was en dat dit nie 'n onderwerp is om mee te spot nie. Baie studente is ook emosioneel geruk, veral die wat self onlangs voor 'n oop graf gestaan het.*

## 3.9.5 "DOOR-WEES IS 'N AVONTUURFEES"

In die huidige tydsgewrig, waar die kreet van "menseregte" tydig en ontydig op feitlik alle fasette van die samelewing van toepassing gemaak word, mag goeie woorde oor aspekte van ontgroening maklik as kettery of ondermyning beskou word. Tog was dinge vroeër anders, is met ander brille na sosiale verskynsels soos ontgroening gekyk. Soos onderstaande vertelling oor "door-wees" van getuig.

Dié bydrae, wat net so uit *Die Wapad* oorgeneem word, is waarskynlik geskryf deur die blad se damesbladredaktrise, Leenster Pasch, nog een van so baie persone wat tog vermelding in die galery van legendes en PUK-personalia verdien.

" 'n Door ken net avontuur. Dit hang alles van jou af. Glo dit of los dit – maar doretyd is die lekkerste, frustrerendste, mees onthoude en opwindendste tydperk in jou studentejare.

"Om 'n rêrige Door te wees moet jy minstens aan 'n paar vereistes voldoen:

- ***"Vergeet van al die nuwe rokke waaraan jy geswoeg het of wat jy by uitheemse boetieks uitgesoek het. (Wees getroos – na die tweede week kan jy maar met die skeppings voor die oudames spog.)"***
- ***"Moenie jou matriek-kys afsê nie. Dit is net 'n sprokie dat jou trouman al die tweede aand voor jou koshuis vir jou wag. (Maar geniet tog maar die dag-dromery – daar is boos-aantreklike ou menere op die Puk.)"***
- ***"Gaan voluit om met soveel moontlik mede-Dore en -Drake kennis te maak."***
- ***"Doretyd is die ideale tyd om al jou inhibisies te vergeet en mal te gaan. Dit maak nie saak of dit Karnaval, Intervarsity of 'n interaksie is nie. Doretyd is blommesteel-tyd, skelm druiwe dêps, nooit gaan lê as daar gedraf of oefeninge gedoen word nie. 'n Mens wonder soms waar kry jy al die tyd en krag, maar jy kom deur. Dit word 'n soort roetine om 'n uur aanmekaar oefeninge te doen, in drie minute te bad, aan te trek en vir meer as 'n halfuur die Dorelied te sing."***
- ***"In doretyd is jou HK die begin en die einde – vir hulle sal julle teen 'n muur uitklim. Julle sal vir hulle die hele Potchefstroom vol spog met julle doreklere."***
- ***"Moenie as jy sleg voel huistoe bel nie. Bel as dit met jou goed gaan in doretyd (as daar ooit so 'n minuut is) want jou ma bekommer haar regtig of haar dogter beskerm is teen al die vreemde mans en invloede."***

So drie weke later is terugvoering van "gewese doortjies" gekry. Vir die grootste persentasie was oriëntering heerlik en is dit in een woord antwoorde bestempel as "feeste", "fantasties" en "bak". Vir ongeveer 80% was dit heerlik om met hul potsierlike doreklere op die kampus rond te loop "want almal lyk ewe sleg en dit bevorder die groepsgees".

Danksy voorligting deur studenteleiers het almal 'n duidelike idee van die Puk se "van", die "CHO". Die algemene gevoel was: "As dit uitbly, het ons hoegenaamd nie iets waarop ons kan trots wees nie."

'n Ietwat "teer puntjie" was "oudames wat so vreeslik hulle stemme verhef het". Dis tog "ietsie om aan te herkou", word op die damesblad gemaan: "70% van die 'herstellendes' is oortuig dat die oudames maklik onvroulik optree en die perke oorskry."

Die slotbevinding: "Daar was slegs een geval wat gevoel het dis nie die moeite werd nie, die res lag heerlik as hulle terugdink aan hul blik-in-die-as dae!"

# 3.10 VLAGSTORIES

## 3.10.1 INTERVARSITY-VLAG TUIS ... NA 61 JAAR!

Sedert die Romeinse tyd is die vaandel of embleem van 'n gevegseenheid bo aan 'n lang stok gemonteer beskou as simbool van krag en sterkte en 'n trotse aanduiding van identiteit. Vaandels of embleme is met alle mag beskerm en verdedig, want dit was baie vernederend indien dit deur die vyand geroof sou word. Mettertyd het die vlag die plek van die vaandel ingeneem en as hoogste simbool gegeld, met die embleem soms deel daarvan, of andersins 'n aparte entiteit. Om die vlag te laat wapper het simbolies geword van grootsheid en oorwinning, dit te stryk of te verloor gelykstaande aan neerlaag en vernedering.

*'n Klassieke voorbeeld van "vaandelroof" is die verwydering van die Joodse kandelaar uit die herboude tempel in Jerusalem, deur die Romeinse veldheer Titus Sylvanus. Dié episode word in 'n triomfboog in Rome uitgebeeld – en 'n foto van hierdie triomfboog het juis as gids gedien vir die ontwerp van die PUK se unieke embleem. [Kyk gedeeltes oor korporatiewe identiteit in Wonderdaad en Sages en Legendes volume 1.]*



In die mededinging tussen sportspanne van verskillende universiteite het die vlag en/of ander tipiese simbole soos gelukbringers van oudsher af ook daardie besondere rol vervul en was 'n oor-en-weer kapery daarvan nou nie juis doodsake nie, maar deel van die spel en die pret.

Intervarsity tussen Pukke en Kovsies was van meet af aan geweldige kompetisie en wedywering, op die sportvelde maar ook af daarvan. Waar moontlik het die een kant nie gehuiwer om die ander kant 'n punt te wys of 'n poets te bak, sy meesterskap probeer bewys nie – tot op die laaste oomblik selfs, as die laaste sandkorrels van die uurglas van die betrokke intervarsity besig was om uit te loop ...

Selfs as die intervarsity-trein gepak is, die masjinis die fluitjie blaas en almal wat wil saamry, die ysterperd moet bestyg.

In die heel eerste intervarsity tussen die twee universiteite, in 1927 te Bloemfontein, het die Kovsies die Pukke se eerste rugbyspan met 6 – 4 geklop. Dit was nog in die tyd toe sulke oor-en-weer besoeke per trein afgelê is. Oud-Kovsie Jacobus Kemp vertel in 1994 aan *PU-Kaner* die volgende mooi storie uit dié jaar, toe hy student was:

"Ons het die aand die Pukke op die Bloemfontein-stasie gaan afsien. Toe die trein begin beweeg, het 'n Puk die vlag by die venster laat uithang.

"Ek het die vlag gegryp en laat vat.'

"Die Pukke het afgespring en my en my spanmaats *[onder meer later bekende openbare figure soos Skakel Kriek en Kaalkop van der Merwe]* gejaag, maar ons was al by die stasie-uitgang en die trein het al hoe vinniger begin beweeg. Die Pukke moes die stryd noodgedwonge

gewonne gee. Ek het die vlag al die jare saam met my ander gebuite vlaggies bewaar."

In 1994, nadat hy verneem het van die stigting van die PU-Kana Museum, het die 87-jarige mnr. Kemp die vlaggie "huistoe" gestuur, met die versoek: "Bewaar hom mooi!"

Dit is gedoen, en hierdie historiese item maak vandag deel uit van die kosbare versameling PU-kana wat in die PUK se eie museum te sien is.

*In 1928 het die Heimatters op hulle beurt 'n vlagroof op die Tukkies uitgevoer. Op die meegaande foto word die "buit" trots ten toon gestel.*




## 3.10.2 PUK-VAANDEL OP MEISIESKOSHUIS SE SOLDER!




*Die vaandel wat in 1939 gesteel was. Foto verskaf deur Dirk van der Spuy.*

Hierbo is vertel van die PUK-vlag wat in 1927 op die Bloemfonteinse stasie deur 'n paar Kovsies geroof is, en toe weer na baie dekades sy weg terug na die PUK toe gevind het. Dirk van der Spuy se storie (laat dertigerjare) het byna nie só 'n gelukkige einde gehad nie …

"By geleentheid van 'n atletiekbyeenkoms het die 'Pote' [Potchefstroomse Onderwyskollege] ons pragtige vaandel geroof. Ons het later tyding gekry dat dit versteek word in Volkskool se meisieskoshuis. Ons vier *[die 'Vier Musketeers', waarna bo in afdeling 3.5.2. verwys word]* het ons toe vermom soos elektrisiëns met die nodige oorpakke, gereedskap en flitse en so het ons toegang gekry 'om die fout te kom herstel'.

"Maar toe ons daar op die plafonne begin rondstap het daardie klomp niks-wetende dogters begin gil en histeries raak. In die warboel is die polisie ontbied en ons was net baie gelukkig om onder die geloei van sirenes te kon ontsnap, maar sonder die vaandel."

Hoe die vaandel toe wel later terug gekry is, word nie vir ons vertel nie.

# 3.11 "LIEGKLUB" STORIES

Demps van der Merwe, latere eerbiedwaardige professor aan die Teologiese Skool, was vanaf die begin van die dertigerjare student aan die PUK. Van hom kom die volgende stories oor 'n baie "unieke" klub wat in sy tyd aan die PUK bestaan het.

## 3.11.1 "DIS OORLOG, PROFESSOR!"

" 'n Paar aartskwajongens het die Liegklub in die geheim gestig. Hulle het vals gerugte in die studentelewe versprei, en altyd 'amper die waarheid' gelieg. Omdat hulle nie gewone maats was nie het die 'nuus' vanuit verskillende oorde gekom, wat groter geloofwaardigheid daaraan gegee het.

"Met dreigende oorlogspanning tussen Japan en Amerika het 'n dorpstudent een môre met die 'berig' gekom dat daar oorlog uitgebreek het tussen die twee lande. Dit word toe 'n rukkie later deur nog iemand bevestig. Hulle beweer dat hulle die vorige aand laat gestudeer het en die berig oor die radio gehoor het. Nandi van der Reyden het die oggend klas by die 'Pater', dit is die Rektor, prof. Postma. Hy ken nie sy werk nie, en toe hy vasbrand vra hy of die professor die berig gehoor het. Prof. Postma sê: 'Nee, maar ek het dit verwag." Hy sluit die klas onmiddellik af en gaan vertel dit vir die ander dosente. Van der Reyden het nooit weer iets daarvan gehoor van die Pater se kant nie!"

## 3.11.2 "KOMMUNIS OP DIE PUK!"

"Twee eerstejaartjies, een 'n aspirant-Tokkelok, die ander met die bynaam Balbo (na 'n bekende Italiaanse generaal) het die Puk, hul studie en die studentelewe vreeslik ernstig opgeneem, en hulle vervies vir al die studente-lawwighede. Heel vertroulik word hulle vertel dat 'n senior Tokkelok, Roelf van Wyk, eintlik 'n kommunis is wat op die Pukstudente en dosente spioeneer. Roelf speel saam en spreek hom uit teen valsheid in menige studentegesprek. Die twee jonges se monde hang oop vir sy huigelary.

"Een naweek moes hy in Johannsburg gaan preek. 'n Briefie word getik en in sy kamer geplant met die boodskap dat 'n sekere kommunis op die Rand verraad gepleeg het, en dat dit sy opdrag is om hom te gaan likwideer. 'n 'Klopjag' van Roelf se kamer volg en die briefie word ontdek. Daar gaan nou moord gepleeg word en hulle moet dit keer.

"Die twee jong helde gaan na die voorsitter van die Studenteraad, maar hy sê hy is bang en boonop val dit buite sy jurisdiksie. Die Rektor wat ook ingelig is, gee dieselfde antwoord en sê hulle moet maar direk polisie toe gaan. Die Liegklub bel die polisie en vertel van die grap. Nou sit almal en wag dat die twee helde moet terugkom.

"Na 'n ruk bel die Liegklub die polisie wat sê dat niemand by hulle opgedaag het nie, en hulle spring daar weg op hul fietse. Toe blyk dit dat die twee knape hulle by die speurderskantoor aangemeld het. Die speurders het die klag ernstig opgeneem en alreeds begin met die ondersoek. Het die gewone polisie hulle nie slap gelag vir die speurders nie!

Tot sover Demps van der Merwe se vertelling.

"Berigte" oor die fiktiewe uitbreek van die oorlog en oor die sogenaamde Russiese spioen het in September 1934 verskyn in die "Mooirivierkroniek", wat beskryf is as " 'n dagblad wat elke kwartaal in *Díe Besembos* 'n kort opsomming sal gee van sy vernaamste nuus van die afgelope kwartaal, van die teenwoordige kwartaal en van die komende kwartaal. Hierdie blad stel sig ten doel om die waarheid te laat seëvier …". Die eerste en derde "berigte" het betrekking op Demps se stories, bo.

# 3.12 CAPUT "DAGVAAR" KRYGKOR ... OOR ROOIKAT!

Studente kan by tye baie oorspronklik en skerp wees. Soos die inwoners van Caput manskoshuis, aan die begin van die dekade negentig:

" 'n Skikkingsooreenkoms is bereik nadat Caput Manskoshuis 'n brief aan Krygkor gestuur het waarin hulle vergoeding vra vir die maatskappy se gebruik van hul koshuiswapen. 'n Rooikatkop, wat die koshuis se amptelike wapen verteenwoordig, is deur Krygkor gebruik vir die Rooikat-aanvalsvoertuigprojek.

*Caputters op die Rooikat ... triomfantelike 'magsvertoon' op die kampus!*




"Na samesprekings is besluit om 'n konferensietafel aan Caput te skenk. Die hoof van die projek, mnr. Roelf Botha, het nie net die tafel nie, maar ook plakkate, patroondoppe, dasse en pette van Krygkor aan die koshuis oorhandig. Ander verteenwoordigers van Krygkor, asook van Lyttleton ingenieurswerke en Ermetek, albei betrokke by die vervaardiging van die voertuig, het ook die geleentheid bygewoon. Die besoekers het elkeen 'n Caput-das ontvang.

" 'n Rooikatbroederskap is tussen die twee partye gesluit, terwyl die ware Jakob, die Rooikataanvalsvoertuig van 28 ton sy opwagting by die koshuis gemaak het. Die koshuisinwoners het daarmee op die Bult rondgery en 'n triomfantelike 'magsvertoon' by die ander koshuise gelewer."

# 3.13 DIE ARRESTASIE VAN JOB

In die ou dae – dit wil nou sê hier in die twintiger- en dertigerjare – het gradedag aan die PUK 'n heeltemal ander karakter gehad as later van tyd. Destyds is die formele plegtigheid in die oggend gehou en het die studente, heeltemal op eie stoom, die "grade-geselligheid" aangebied. Soms is hierdie geselligheid in die Parksaal gehou – 'n groot sinkgebou wat geleë was in die omgewing van die huidige atletiek kompleks.

WF (Willie) Venter, SR-voorsitter in die laat twintigerjare, vertel van hoe dit destyds gedoen is, en van 'n kostelike insident samehangend.

"Hierdie saal is dan deur die studente in orde gebring en versier … ook met ons vlae. Allerlei gebak is 'gebedel' by die dames van die personeel en ander goedgesindes … gasheer- en gasvrou vir die aand gevra (gewoonlik van die personeel) … 'n geleentheidspreker gevra … wat nog kortkom (ook wyn) aangekoop met 'n donasie van die Senaat … uitnodigings uitgestuur, ens.

"Dié geselligheid was dié gróót geleentheid van die jaar. Dit was harde werk vooraf, maar dis ryklik beloon deur die goeie gesindheid van die gaste. En sekerlik het dit harte oopgemaak vir die PUK.


"Maar daar het ook meer as eenkeer probleme ontstaan, soos die keer in 1928. Die S.V.R. het gewoonlik die kok en die huisbediendes van Heimat gebruik as helpers op die geselligheid, om te bedien, en dan ná die geselligheid op te ruim …

"Die bediendes, onder leiding van 'Sjeik Josef', die Maleierkok, het hulle heeltemal ingeleef in die gees van die aand … soms op hul eie manier. Hulle het die gewoonte gehad om met die opruiming die 'reste' in die wynglasies sorgvuldig in bottels te gooi, vir 'latere gebruik', in hul kamers.

"Maar daardie betrokke aand het Job (een van die swart bediendes) se wynlus hom oorval, en hy het meer 'reste' deur sy keelgat gegooi as wat in sy bottels beland het. Die gevolg was dat, toe Sjeik Josef sy kommando so teen middernag teruglei koshuis-toe, Job baie spraaksaam en uitdagend en rusiesoekerig was. Hoe later, hoe kwater en luidrugtiger.

*TENNIS EERSTE SPAN 1927*

TENNIS, EERSTE SPAN, 1927.



J. B. du Plessis, L. S. v. d. Walt, I. D. v. d. Walt,
J. P. v. d. Berg, W. F. Venter, J. C. Geertsema.

"En toe daag daar 'n poliesman op, en ten spyte van die Sjeik se verduidelikings en pleitredes, word Job in hegtenis geneem en tronk-toe. Nou was dit so dat die waardige regter van die 'Hof van Hades', JP (Kosie) van der Berg, ook Job (soms Job de Zwyger) genoem was.

"En, wat 'n skok was dit vir Katoes (v/d Walt), die sekretaris van die S.V.R., toe hy die nag teen half-twee wakker geskud word deur Sjeik Josef se onheilspellende woorde: 'Baas Katoes, Baas Katoes, prepare yourself, Job is arrested!"

"En die slaap-benewelde verstand van Katoes kon maar nie vat watter onbesonne ding sy ou waardige vriend Job (wat af-en-toe wel onvoorspelbaar opgetree het) nou weer aangevang het dat hy só in die pekel beland het!

"Eers na herhaalde verduidelikings van die Sjeik het hy die ware toedrag van sake gesnap."

# 3.14 HOOGMOED KOM TOT 'N VAL!

Dit is natuurlik deel van sportsielkunde om jou teenstander bang te praat of minstens te laat voel dat jy kans sien om hom die loef af te steek. Twee unieke gevalle het hul afgespeel rondom vertonings van die PUK se eerste rugbyspan.

In 1979 het die PUK vir die eerste keer aan die jaarlikse klubkampioenskappe deelgeneem. Na 'n oorwinning oor Wits vroeg in die seisoen is gevoel dat die PUK moeilik geklop sou word, en in dié gees is daar vroeg in April afgesit Durban toe. Hierdie optimisme het neerslag gevind in 'n spotprent van Mynderd (Vosloo), in *Die Wapad* van 6 April 1979.

En ja, inderdaad: Met James Stoffberg en Dirk de Vos as afrigters en André Markgraaff as kaptein en ander groot name soos Piet Conchar, Dolf Jonker, Theuns Eloff en Zillen Roos was daar dalk genoeg rede om so effentjies rammetjie-uitnek te wees …

Boonop is daar twee jaar tevore, tydens intervarsity, met "die sterkste Kovsie-span ooit … belaai met Springbokke, Junior Springbokke en Gazelle", afgereken. Dalk het die euforie van dié oorwinning steeds in die onderbewussyn rondgewoel – of het afrigter Dirk de Vos dalk die "geheime wapen" gehad om sy ou Alma Mater mee te troef?

Hoe en wat ook al, die Pukke was vol moed …

Maar o wee! Eers sukkel die PUK om homself in hierdie uitgelese geselskap te handhaaf.

En toe kom die ontnugtering.

Soos 'n vloed wat alles voor hulle meesleur, rol die Maties daardie dag in Durban oor die verwarde en ontnugterde bestes van die PUK en "verswelg" die goue truie met 'n rekordtelling van 97-9! Rektor Tjaart van der Walt het, op sy kenmerkende "witty" manier, die pak slae afgelag met die opmerking dat die uitslag 'n goeie kombinasie tussen die twee spanne aandui: daar is gesamentlik meer as 100 punte aangeteken!

'n Swart dag in die rugbygeskiedenis van die PUK, wat – ironies genoeg – daarop kan roem dat hulle in hul heel eerste ontmoeting, in 1942, die Maties op Potchefstroom die loef afgesteek het. [**Kyk *Sages en Legendes* …, vol 1 afd 1.5.2.**]

In die tweede geval was die PUK egter aan die wenkant, het die hoogmoed sy opponent in die stof laat byt.

Dit was in 1983, en die PUK se danskwessie was op almal se lippe. [**Kyk afdeling 3.5.6, bo**] En die spot is gedryf, onder meer deur die Randse Afrikaanse Universiteit se studenteblad, op die vooraand van intervarsity met die Pukke. By wyse van meegaande spotprent, wat 'n wegholoorwinning van 50-0 vir die Raukies voorspel het.

En toe verbrysel die Pukke hulle opponent, met 43-6! (PUK het terloops ook dié jaar se intervarsity teen die Kovsies gewen, met 24-12)

Ja, inderdaad: hoogmoed kóm tot 'n val!

# 3.15 "BROS"-KORRELS, "X AMIN VLA TIRS", *ens.*



*SJ van der Walt … "Epopos Homeros Rêtor", 1927.*

## 3.15.1 OORSPRONG VAN "BROS"

Die baie bekende brosjure-eksamens vir eerstejaars, wat as 't ware 'n vuurdoop is waardeur hulle kennis van hulle nuwe omgewing getoets word, is reeds in 1927 ingestel. Maar destyds was dit meer bedoel as ontgroeningsmeganisme as kennistoets! Willie Venter, SVR-voorsitter in dié tyd, vertel:

"In opdrag van die Ontgroeningskomitee moes die drake dan, gewapen met skryfgoed en so meer, op die bepaalde tyd in die ou sinksaal byeenkom. Na 'n tyd van asemlose stilte het die 'Rêtor' plegstatig ingekom, uitgedos en behang met omtrent alle moontlike akademiese parafernalia en 'n yslike bril op sy neus se punt, om sy plek agter die kateder in te neem.

"Amptelik het hy bekend gestaan as 'Epopos Homericos Rêtor' … en was niemand anders nie as die later so besadigde prof. SJ van der Walt!"

"Na allerlei skrikaanjagende gesigsvertrekkings en gebare, gepaard met heftige keelskoonmaak, het hy met donderende stem die reëls van die eksamen, en ook die penáltia (strawwe) aangekondig, en met sy lesing begin. En die drake moes skryf vir al wat hulle werd is.

"Die Rêtor se voordrag het gaandeweg in snelheid en onduidelikheid toegeneem totdat dit naderhand net 'n tagtig-myl-per-uur onverstaanbare gemompel was wat in 'n langgerekte sug-geskreeu geëindig het. En die drake moes aantekeninge maak!

"Na die lesing is die skrifte op staande voet ingeneem en nagesien. En die uitslag was verpletterend vir die drake. Die punte het gewoonlik gevarieer tussen minus vyf en minus sestig persent."

Hier onder volg 'n aantal pittige uitsprake deur eerstejaars, tydens aflegging van hul brosjure-eksamens in die vyftigerjare. In dié tyd was 'n slaagsyfer in hierdie eksamen aanvanklik die enigste en later steeds 'n belangrike voorvereiste was vir die verwerwing van PUK-kleure. Eerstejaars moes toon dat hulle darem die PUK en sy tradisies en mense ken!

## 3.15.2 OOR DIE HERKOMS, KARAKTER VAN DIE PUK

- "Die beginjare van hierdie Teologiese Skool het *te paard gegaan* met baie moeilikhede."
- "Aan die Universiteit word 'n literariese departement *gesít*."
- "Die P.U. moet 'n Christelike Universiteit wees, omdat dit 'n Christelike Universiteit moet wees."
- "In 1904 word, op aandrang van Totius, die Teologiese Skool na Potchefstroom *vervoer*."
- "Intussen het die Universiteit 'n gewetensklousule ondergaan."
- Die vraag was, "Beskryf die geskiedenis van die PU vir CHO gedurende die jare 1916-1933." Die antwoord: "Die tydperk was gekenmerk deur die oorloë. Die land was onvry en moes gedurig die oorloë trotseer."
- Op die vraag, "Waarom het jy PUK toe gekom?", het een skynbaar ontnugterde outjie geantwoord: "Die joos weet"! En oor die vraag wat elke vereniging in sy konstitusie moet onderskryf, was die antwoord kort en kragtig: "Blaai om."

## 3.15.3 ANDER PITTIGHEDE

- Op die vraag, "Hoe tree die leidende, adviserende en dwingende karakter van die SR na vore?", dié antwoord: "Die voorsitter van die S.R. is die leidende, dwingende en adviserende karakter."
- "Die voorsitter van Thalia is Johann van der Pfijfer" [Vyver] … "Die voorsitter van die S.R. is Tjort [Tjaart] van der Walt."
- "Die S.R. word saamgestel deur die oud-voorsitter."
- "Die S.R. se verhouding tot ander klubs en liggame is – vriendelik. Die S.R. kan iemand slegsê as hy wil."
- "In *Die Pukkie* word alle klagtes ens. op 'n geestige manier gestel."
- "Die studente-gemeenskap word in die volgende hoofgroepe verdeel: (a) Ou-here en dore; (b) Ou-dames en (c) drake. Groep (a) is die toekomstige leiers van ons volk. Groep (b) sal die volksmoeders wees en (c) het geen toekoms nie. Groep (b) neem gewoonlik huishoudkunde om Stoffeerdery te swat aangesien hulle op 'n skoon rak wil sit."
- "Die man wat die beste op sportgebied presteer kry die Curriebeker."
- "Die K.V.V. [Korps Veritas Vincet] het ook nou begin ontstaan wat ook die boerevereniging genoem kan word." Dit het die volgende redaksionele kommentaar ontlok: "Is jy seker dit is nie die K.W.V. nie?" [1940]
- "Twee vername verenigings is die "skoffelvereniging" en die Stap- en bergklim-klub". [1940]

## 3.15.4 NOG "BROS"-BLAPSE

Tydens 1983 se brosjure eksamens het ook 'n aantal "brosblapse" tevoorskyn getree:

- Op die vraag wat die term "in camera" beteken, was antwoorde onder meer
- "Dis as 'n mens voor die kameras pous", en
- "Dis om jouself in 'n kamera te sien, dit wil sê om 'n slag na die balk in jou eie oog te kyk".
- Plekke waar die PUK-baadjie nie gedra mag word nie?
- "Op parties en sokkies", en
- "Enige plek waar 'n mens skaam sou wees om jouself te sien."
- Hoe lyk die PUK se erekleurwapen?
- " 'n Pukfonteintjie met 'n doringkransie rondom", en
- " 'n Dingetjie waarop 'n kersie brand".

## 3.15.5 "X AMIN VLA TIRS"

In die geskiedenisklasse het van tyd tot tyd snaakse goed uitgebroei, wat dan in die antwoordstelle tydens toetse en eksamens kop uitgesteek het. Enkeles hiervan:

- Prins Hendrik die Seevaarder was " 'n uitstaander in Portugese ontdekkingsreise"!
- "Op hulle weg na die Ooste het dit voorspoedig gegaan [seevaarders]. Die matrose op die skepe was maer en sieklik, hulle kon skaars hulle skepe hanteer."
- "Die stranding van die Harem [ipv Haerlem] in 1647 …"!
- Klaas Waarzegger [ipv Wintervogel] en Pieter Otter [ipv Potter]!
- "Van Riebeeck was nie hoog aangespreek [aangeskrewe] by die Here XVI nie."
- Van Riebeeck is glo te "Culemborg Light" ['n dranksoort!] gebore, en hy was die stigter van 'n "nuwe folk"!
- "Die Hottentotte het dikwels moord gepleeg en vee gesteel, veral tabak."
- Die Nederlandse stadjie Hoorn was vir een "Horing", vir 'n ander weer "Harem"!
- "In Simon van der Stel se tyd het die Donker Gat [in die Kasteel] die lig gesien"!
- En dan het een student die "cheek op sy lyf gehad" om sy vraestel só af te sluit: "Heil die leser! Seën die skrywer!"




*Studente op 'n "Kaapse Draai"-toer besigtig die "Donker Gat" in die Kasteel, wat volgens 'n student in sy eksamenvraestel in Simon van der Stel se tyd "die lig gesien het"! Al lig wat die studente daar gesien het, was dié van die kameraflits!*

# 3.16 "SAK-EN-AS" OPTOG

Die "Sak-en-As"-optog was hier teen die middel van die vorige eeu 'n ingewortelde tradisie aan die PUK.  SPB (Schalk) Buys, hoofdirigent van die Pukke in 1958, wat menige massavergadering met sy Nederlandse "dialek" opgevrolik het, vertel in *Díe Wapad* van 23 Oktober 1958 meer hieroor, terwyl medetokkelok Jansie du Plessis ook ietsie daaroor te sê het en 'n paar interessante foto's van dié plegtigheid in 1955 voorsien het.


'n Advertensie van die bekende boekwinkel langs Schalk se vertelling het, dalk heel toevallig, ook te doen met die uitwerking van die eksamen op die studente se gemoed!




Onder opskrif "Daar gaan uit vergange se dae" vertel Schalk die storie in 1958:

"Terwyl ek hier heerlik in die sonnetjie aan my pyp sit en trek, gaan my gedagtes terug na net sulke dae.  Met die verskil egter, dit was 'n bose tyd, eksamentyd.  Meteens is ek weer terug tussen 'n klomp vreesbevange wesens wat kruppel-kruppel soos 'n klomp brandsiek skaap saamdrom voor die eksamenkamer terwyl die eksaminator met glinsterende oë soos 'n bokooi wat weggelam het handewringend teen die deur aanleun.

"Vanuit die donker spelonk wat my brein moes huisves kom stadig en waardig, penorent, een vir een die skimme van waardige ou vaders wat saam met hulle volk getreur het oor die duister tyd van eksamens.



*Schalk Buys leí optog díe saal binne.*


"Ja, so was dit hier voordat die eksamen geopen kon word moes daar eers die 'sak en as'-optog plaasvind.  'Sak en as' – so het die arme studente in die greep van eksamen hulle lot bekla van die vroegste tye af.

"Verskeurd, verflenterd, verfonkfaai, al skreeuende trek die stoet van die koshuise weg. Martelare vir hulle oortuiging.

"So kom hulle aan, singende, met 'n weeklaag op die lippe.  Dit gaan tot in die hoofgebousaal waar die skimme van al die eksamenbelustigdes vergader is saam met die vreesbevange menigte wat gereed maak om op die vraestelle toe te sak.

"Ek hoor die leier van die kontaminasie keelskoonmaak.  Weemoedig klink sy stemmetjie soos die kreet van 'n waansinnige aapwyfie, diep uit sy harige binneste.  Guitig loer die eksaminatore na die slagoffers met 'n bloeddors wat 'n Mau-Mau na 'n lammetjie laat lyk. [1]Tot groot vermaak van die skare steek die leier sy toespraak af en met 'n laaste vermaning daal hy van die verhoog neer.

[*Die Mau-Mau was 'n bevrydingsbeweging in Kenia wat bekend was vir hul wreedagtige dade.*]



*Schalk steek sy toespraak in Hollands af.*

TOESPRAAK DEUR LEIER VAN "KONTAMINASIE":

- *"O al julle eksamen belustigdes: Laat julle ore soos voorbodes en damskroppe orent staan!"*
- *"In die jaar van die deurlugtige katmannetjie Miau-Miau, Pernjaus, toe die akademie nog sy eie Fish en Tjieps opslagplek gehad het, toe is grate aan hierdie instituut vir leergieriges en ander nuuskieriges met koepons uitgeneem."*
- *"Julle wat julle kennis geput het uit 'Comic Books' en OK Bazaar pryslyste, julle wat hier sit soos 'n klomp oorryp 'paw paws" op 'n koeliemark, julle dra 'n tornado in julle binneste om vanweë die Eksamina Mirabile of overgeset synde die misrabele eksamen."*
- *"Julle sal menige aanvalle van koue voete, hoenderkop of verrekte harsingspiere moet trotseer maar moet nie dat dit julle 'worrie' nie. Julle sal gevra word om 'n waardering van Beethoven oftewel Wortelkoppen se Concerto in Z flet meneer opus 312A te gee; moet ôk nie dat dit julle 'worrie' nie. Julle sal 'n disertasie moet skryf oor 'The action of dilute monkeynuts in the Southern Hemisphere … moenie lat dit julle 'worrie' nie. Laat julle grootste 'worrie' wees om raak te spot, want 'so it stends thet no-one who so-ever will pass his or her or him's examination in the case of a spot thet is not raak, then you learns the lots'."*
- *"Laat ons rebelleer en aggiteer teen hierdie verskynsel wat oor ons toegesak het."*
- *"Laat ons die skryfapparaat in ons harige, vyfpuntige uitsteeksels vasgryp en met 'n woedekreet soos dié van 'n waansinnige aapwyfie op die bose verskynsel toesak."*
- *"Laat ons die vrae stelselmatig uitroei met DDT-spuite, vlieëpapier en die pas ontdekte wondermiddel KENNIS."*
- *"Aan die eksaminatore 'n woordjie: Be strong but be mercifull. 'Strong', omdat u heelwat teorie en beskouinge gaan ontdek en 'mercifull', omdat die studente graag wil slaag."*
- *"Aan die skrywers van hierdie eksamen: Mag julle pogings nie tevergeefs wees nie."*
- *"Hiermee verklaar ek dat hierdie Eksamen tolerans heg en stewig geopen is 'for all contestants'!"*



*In "sak-en-as" vanaf Gatland*

Eksklusief vir *Sages en Legendes 2* het emeritus predikant Schalk Buys, die destydse "leier van die kontaminasie" [woordspeling natuurlik op "konvokasie" – PFvdS] 'n bietjie tussen sy "papiere" gaan krap en toevallig op een van sy destydse toesprake afgekom. Enkele snitte daaruit word in die insetsel hiernaas weergegee.

"Stadig, soos 'n vark deur 'n doringdraad, bietjies-bietjies maar kort-kort, verlaat die jammerlike stoet die saal en alleen die vreesbevange skare bly agter om die eksaminatore met hulle kennis te verbaas en te verstom.

" 'n Stilte stuif neer en net die gekras van penne is hoorbaar. Die eksamen het begin."

Ds Jansie van Vuuren du Plessis (emeritus) het 'n paar foto's gestuur en laat weet oor dié "groot gebeurtenis" só:

"Pas na ontbyt is die optog saamgestel. Elkeen is geklee in die mees verslonste klere, komberse, kamerjasse. Die optog beweeg baie stadig terwyl dit kerm en klaag oor die drukte van die eksamen. Intussen lui die wekkers sporadies. Die leier was Schalk Buys. Presies agtuur die oggend beweeg die stoet in die hoofgebousaal in, waarna Schalk sy kort toespraak in Hollands afsteek. Baie pittig in sy dreunende stem en daarna plegtig verklaar dat die eksamen hiermee amptelik geopen is. Kermend en klagend verlaat die stoet die saal dan ordelik.

*Optog in volle gang.*



*Alles is verby – die eksamen begin!*



"Hierdie optog en toespraak was baie terapeuties vir beide die mense wat nou die vraestelle pak en vir die mense wat blok, die spanning is nou gebreek."

Wat het geword van "Sak-en-as"?

Volgens Jansie du Plessis het tokkelok HB van der Walt nog vir enkele jare hierna die leiding geneem, maar het dit toe doodgeloop.

# 3.17 DASVERKOPING OP HEIMAT SE STOEP


[OPMERKING: Hierdie storie sluit nou aan by dié oor kleredrag, wat in afdeling 3.7. behandel word, en is ook 'n tipiese koshuis aktiwiteit, wat onder "Koshuiskultuur" (afdeling 1.6.2) tuisgebring sou kon word.]


Dit was in die dae toe kleredrag nie 'n "issue" was nie: die manne moes netjies geklee wees en daarmee basta! Soos Jansie du Plessis, dit stel: "Ons moes met baadjie en das klasloop, sleep (anders dink die asters ons is slordig). Sondae kon ons die kampus nie verlaat sonder om in 'n pak klere getooi te wees nie."

Oor die das-"vendusie" Saterdag oggende op Heimat se stoep vertel Du Plessis, wat ook die meegaande foto's verskaf het, soos volg:

"Elke inwoner van die koshuiskompleks wat wou ontslae raak van sekere dasse het dit na die veiling gebring. Die afslaer was Stoffel de Beer … ek dink vir alle dasse wat onder 2 sjielings verkoop is, het hy 1 pennie kommissie geneem en vir dasse bo 2 sjielings 'n trippens. Gewoonlik het ons 'n paar dasse gestoot en met daardie geld weer 'n mooi das, soms 10 sjielings duur, gekoop. Sondag kon jy die manne sien spog met die nuwe strotgordels.

"Die belangstelling was groot, veral as graaf Josef [die kok van Heimat se eetsaal] se etensklok die uur van die veiling bekend gemaak het."





*Dasverkoping op Heimat se stoep, middel-vyftigerjare, met Stoffel de Beer as afslaer. Agter hom, by die tafeltjie, sit "registrasiebeampte" AB Prolius. Die man op die voorgrond links, wat met die hand in die sy die prys ernstig oorweeg, is die destyds baie bekende "Tokkelok" van der Walt, terwyl die later selfs meer bekende FW de Klerk "met toe nog 'n welige kuif voordat kopveldroogte die hare afgemaak het", in die woorde van Jansie "die pilaar stut". Die ou in die baadjie, agter teen die muur, is "Vulletjie" du Plessis, wat later iewers in Johannesburg 'n skoolhoof was.*

# 3.18 GAT(H)LAND EN 'SVLEUEL STORIES

In die afdeling "Sages" is aandag gegee aan koshuise en is heelwat oor veral Heimat kwytgeraak. Ons Huis (Gat(h)land) en Postma Huis (Vleuel oftewel 'Svleuel) was ewe ryk aan tradisie en het ook groot kwotas lekker stories opgelewer. Enkeles daarvan, hier onder.

## 3.18.1 KWARTEEUFEESVIERINGE GATLAND



*Ds. Jansie du Plessis, wat die meegaande asook verskeie ander lekker stories asook toeligtende fotomateriaal verskaf het.*

Ds Jansie du Plessis, van wie verskeie bydraes in hierdie bundel opgeneem is, het ook hierdie unieke storie oor Gatland se kwarteeufeesvieringe aan die vergetelheid ontruk:

"Waar die amfi tans op die Pukterrein pronk, was die eens befaamde Gatland, waar elke student 'n begeerte gehad het om in te woon. O.a. was André P. Brink, die skrywer, se enkelkamer by die ingang waar hy ywerig sy stories met twee vingers op sy tikmasjien teen hoë spoed getik het en daarmee die pas bemarkte Goggomobile gekoop het.

"Meegaande foto's toon 'n fees een Saterdagoggend gedurende 1956 toe ons die 25-jarige bestaan van Gatland gevier het. Navorsing deur Japie Labuschagne (in 1957 afgestudeer as predikant en reeds al oorlede) het aan die lig gebring dat ons ou koshuis reeds die 25 jaar verbygesteek het en dit feestelik herdenk moes word. Japie kon ongelukkig nie presies vasstel wanneer die koshuis gebou is nie. [*Die koshuis is in 1930 gebou en vroeg in 1931 betrek en die viering was dus tydig – PFvdS*] Heimat was natuurlik toe al bejaard.

"Eers is 'n embleem ontwerp. 'n Ou laken is geneem waarop 'n wapen geverf is, nl. 'n soort kaart van Suid-Afrika geteken, met 'n aanduiding waar Potchefstroom geleë is. Bokant die kaart is 'n ronde gat in die laken gemaak om Gatland te simboliseer met 'n nuutgevonde leuse onderaan: *Ab cavum ad cavum*, overgezet zynde: *Uit die gat tot die gat*. Pure Gatland!


"Daarna is 'n prosessie opgestel, gelei deur Sarel v.d. Westhuizen (MSc en tans boer te Koster) en sy haas oorlede Skoda, bostukloos met sy een vel 'Bearing' met die vlagembleem vooraan. Die drag was sg. akademies. Die kamerjas was ons toga, want ons is mos nagstudente. Ons gradeband was ons wasgoedsak met die sak na agter. Die vaandeldraers was Vos Venter en sy kamermaat Flip v.d. Walt met die een dowe oor (albei reeds emeriti).

*Regs : Gatlanders in prosessie tydens hul kwarteeufeesvieringe in 1956.*



*Bo : André P Brink, Gatlander en later befaamde skrywer.*





*Hoofspreker Alwyn du Plessis lewer sy rede. Seremoniemeester Gert Hattingh staan links, uitgevat in sy "toga"!*

"Op die motor, dink ek, het Kort Stoney Steenkamp gestaan met 'n veiligheidswapen, 'n hokkiestok; die heeltyd veronderstel om op aandag te wees. Die prosessie het om die visdam beweeg na die destyds bestaande dameskoshuise en terug. Die dames is deeglik bewus gemaak van ons grootse fees.

"By die koshuis het die seremoniemeester, Japie Labuschagne, gewag gemaak dat die hoofspreker, Alwyn du Plessis, per lugpos sou arriveer. *[Nee, Gert Hattingh was die seremoniemeester, soos op een van die foto's bewys word – PFvdS]* Hy [Alwyn] is nl. in 'n sak vanaf die tweede verdieping laat sak waarna hy 'n pittige toespraak gelewer het. Die fees is afgerond met die koms van die teekan.


"Die embleem is in die koshuis bewaar, ek dink in die sitkamer teen die muur, maar is die volgende jaar (of dalk dieselfde jaar?) tydens intervarsity skynbaar deur UOVS vasgelê. Ons wou dit nog in die Studenteraad se argief bewaar het.

"Nou het ou Gatland ook die weg van alle gees en vlees gegaan en lê ook amper ses voet onder die grond. Gelukkig is die amfi op sy goeie fondamente gebou!"

Dat die Gatlandvieringe darem nie ongesiens verbygegaan het nie, blyk uit 'n kort gelukwensing deur SR-voorsitter Tjaart van der Walt in sy gereelde rubriek "Van Studenteraadsweë": "Ook aan Ons Huis, wat nou al vyf-en-twintig jaar lank kom, vyf-en-twintig gelukwense. Mag u nog baie jare kom – en nooit gaan nie." *[Helaas, Tjaart: vir Gatland was daar toe wel ook 'n tyd om te gaan! - PFvdS]*

Die studentekoerant het ook verslag gedoen van die verrigtinge, onder opskrif "Gathlandia en die Rekenkunde" – 'n draakstekery oor die ouderdom van die koshuis, 25 of 26 jaar. ***[Kyk insetsel]***

*"Gathlandia en die Rekenkunde"*



# Gathlandia en die Rekenkunde.

Saterdag 21 April was 'n **groot dag,** groter as die dag waarop die Baaisiekel Hennikêp en die Hof van Hades plaasgevind het.

**Pres. Lawwerskaiïing** het op hierdie dag die onmoontlike „possibility" bewys. Wat Pythagoras 3000 jaar gelede nie kon regkry nie het hy reggekry. Hy het die volgende formule gebruik:
x=y
as x=26.
dan is y=25.
25=26.

Om 'n „pocket-zise" panorama te gee: Gathlandia 'n vasal-Republiek van Holland het sy „silver Wedding Anivarsary" gevier.

**Piet Aucamp** en die **aptekers** moes vroeër as gewoonlik opstaan. Daar was klere en kleure in die prosessie wat enige mynkaffer sou laat duisel.

**Japie Venter** het groot-lawaai gemaak met 'n drom en **Stasie Barnard** het die lawaai probeer demp met nog 'n groter lawaai van 'n beuel.

Met sy karringmelkbaard en sy kraaiborsie tot teen die „windscreen" van 'n diesel-engine „sportsmodel" sonder eksors-paaip, het die President vreeslik „gebrag" voor die dames.

Die drukte in die rigting van die drie-windstreke vir dames was so groot dat 'n **Apteker van Heethoofdigheid** op 'n tiekie moes staan om ook „shine" te vang by die prosessie.

Die prosessie het windmaker sy draai gegooi by die hek van Thabajäh en as die diesel weier om te brand het die eerstejaars hulle lyf I.C.-plus gehou oftewel hulle verbeel dat hulle *S.S.-vla gedrink het. Dit het net gebeur wanneer die sportsmodel nie op eie inisiatief wou loop nie.

Gert Hattingh verwelkom as seremoniemeester die reuse skaar asook spesiaal die S.S.-duiwel van tant Poppie wat die gesondheid van die Republiek ondergrawe.

Die hoofspreker **Alwyn-Gaaip G.G. van-Doep-tot-Plessie** het met 'n gare-draad van die „topstorey" gedaal. Net toe hy grondvat het die gare-draad amper gebreek.

Hy het veral met die President „gebrag" en gewag gemaak dat hy die inisiatief gehad het, om in sy puberteitsjare sy bababoetie vir 'n traaisiekel te verruil. Ook het hy van kleinsaf geweier om te praat alvorens hy geleer het om „Dêmmit" te sê.

Die verteenwoordigers van elke inrigting vir kos vir hongerige studente het hulle groetnis soos 'n verkoue-kiem op 'n wintersdag oorgedra. Selfs die delegaat van die slaapplek vir melkbeeste het luidrugtig saam met die ander gebulk nadat hy op 'n vuurhoutjieboksie oor die visdam gevaar het.

Onderwyl die koor harmonies saam gebalk het, het die skare gelag.

Die verrigtinge is sonder enige verdere seremonie stopgesit en die skare het soos mis voor die winterson verdamp.
Toeligting: * S.S.=Superstisians.




*Die spesiale vlag, gehys teen Gatland se gewel.*

# 3.18.2 "POSTMA-HUIS GESLOOP?"

***Postma-huis en inwoners met tasse gepak.***



## POSTMAHUIS GESLOOP?!

**Herinneringe van „Die Student op Heimat se Spensvensterbank"**

POSTMAHUIS GAAN afgetakel word! Ek sit met *Die Veteraan*, Junie 1960, oop op my lessenaar. Die foto van hierdie ou huis het my laat ophou om te lees!

My vrou het al geroep, tog kan ek nie loskom van 'n vreemde bewoënheid nie: Postmahuis!

„Ek werk met my Inkomstebelasting", het ek my so pas alweer verweer teenoor my goeie vrou wat aanhou peuter dat ek by haar in die sonnetjie moet kom sit en gesels. Hoe sal sy nou ooit ook al wou verstaan? Sy was dan 'n Poot!

Ek dink terug aan veelbewoë jare. Ondenkbaar dat 'Svleuel nie meer gaan wees nie.

In daardie ou Huis het darem 'n „gees" gewoon! En manne!!

Kan ek maar 'n paar name noem soos die ou spul voor die oog verby marsjeer?

Peet Priester, veel gehaat maar nog meer bemin. Gert van der Vyver en Schalk Duvenage wat alles saam kon doen behalwe by Thabajé! Duif, die sanger, Harrie Malan wat net een kragwoordjie af en toe gebruik het. Piet Malan met sy minlike glimlag en groot kuite! Spelevelt wat die kuns verstaan het om gemoedere gaande te maak en daarom altyd op die uitkyk moes wees vir vrot tamaties van die Heimatheining af! Sarlosius, die Ou-Testamenticus, mik-mik op sy doel af, 'n „Gaip" soos min! Ou Beertjie met die glad-geoliede hare en paadjie asof deur die landmeter-generaal afgepen! (Hoe die man tog altyd sy broeke en baadjie so vlekkeloos skoon kon hou?) Gert Mielies met sy geweldige abdominale omvang; Gatipie, die verdwaalde „Gaip" uit Magmesbuggie! L. V. Postma wat toentertyd nooit met Suidwes te amalgameer was nie!

Og wat 'n heldery! Goed tog dat die helde nie saam met die vesting neergehaal is nie.

Hoe roep hierdie ou huis herinneringsbeelde op? En glo dit ook maar, selfs hierdie hoofvesting van die oer-Gaipe se kamerligte is ook Saterdagaande, nogal met vroeë uur, uitgedoof en daardie ou blou gordyntjies is diggetrek!

Makker Spelevelt het selfs een aand, so om-en-by elf, 'n swarthaarmeisie uit sy kamertjie die houttrappie af begelei — haar kamtig die elmboog as stut aangebied! Selfs in daardie late aanduur het die ou makker ná alles nog sy wit strooihoedjie opgehad!

Geswore Gaipe was ons almal en onder veel trane na die gees moes ons tog later verneem dat prof. Dirk nie kans gesien het om Broeder (og wat 'n vader was hierdie man tog) se stilswy-

21

ende toelatings verder toe te laat nie en selfs 'Svleuel se blou gordyntjies was daarna nie meer nodig nie. Hoe het die ou goud tog verdonker? Ons het mekaar dan in daardie jare by die name en stamregister geken, nie waar nie, broeders?

Herinneringe, die gryse moeder van gister en eergister; herinneringe, die groot spore wat haas uitgedoof word by die waterpan waar ons saam gejag het; soveel jare, Kamerade!

Onthou jy nog Sarlosius, boesemvriend, hoe jy veel kon verdra het, maar tog nooit dat iemand op jou kopkussing moes sit nie? Goeie vriend, hoe ruk hierdie ou herinneringe na soveel jare jou agter die spreekwoordelike deur uit? En waar anders moes ons dan sit, Saterdagaande, as ons, spioene van ons geliefde Gaipbeweging, kom verslag doen het van die helde wat sienderoë so jammerlik getuimel het?

En onthou jy nog ou Huis, daardie veelbewoë aand, toe die Eerstejaartjies die hoë morele standaard van ons Gaipbeweging met hul speeksel onderteken en aanvaar het, tot in hul sokkies bewoë — hoe een outjie, tot lewensaanvaarding ontgogel, wou weet of ons dan so 'n plegtige byeenkoms nie liefs met 'n gebed moet afsluit nie? Waar, ou huis, sal die Kamer weldra wees, met die ou hoë ysterkateltjies waaronder ons toe met sakdoeke in die monde geprop, heenkome moes soek? Lank lewe die nagedagtenis van Kaptein Haan — net so lank die nagedagtenis aan jou, ou Huis! (Wat sou van die gipsafdrukke van Kaptein Haan se spore geword het wat soveel jare in jou skoorsteen opgehang was?)

Was ek nie 'n stem roepende in die woestyn nie, sou ek, kind van die oú P.U.K., met my hoed in die hand by die Rektor wou inglip sonder om vooraf oudiënsie te vra, en wetende dat hy tog ook maar 'n Veteraan is met 'n ou sagte plekkie êrens in die hart — 'n ou jagter wie se oë nog tot skerpkyk kan vernou tussen die groot spore om die pan waar soveel geslagte ou grotes die water van die wetenskappe gaan drink het, en stamelend sou ek kon gesnik het: „Spaar hom vir ons oom Chris . . . dat ons ook eendag ons ou telgies se tassies daar kan afdra?"

Meneer die Redakteur, al het ek nie een nag in Postmahuis geslaap nie, al het ek vanaf Ons Huis se balkon vir sewe jaar lank menige strydkreet 'Svleuel toegebulk, het my binneste nou in my in beroering gekom!

Ek sou graag nog die wilde vlug uit Postmahuis, die aand met die denkbeeldige „soldate-aanval" wou beskrywe, maar die paniese angs waarin hierdie voortvlugting, pylreguit bloekomlaning toe, geskied het en die triomfantelike gejuig van Thabajé se „soldate" wek nog soveel weersin, dat ek hierdie loflied ter ere van die ou Huis nie met 'n vals akkoord wil laat doodstaccato nie!

> *Ten tye van die skrywe van hierdie artikel was die sloping van Postmahuis al 'n voldonge feit. Die liefde en lojaliteit van die skrywer verdien die hoogste waardering. Die Redaksie moet egter daarop wys dat, hoe droewig dit ook al is, die oue tog altyd vir die nuwe plek moet maak. En net so aandoenlik is dit dat 'n mens die os wat jare getrek het, tog maar slagter toe jaag.*

22

## "ROES" OP DIE VENSTERBANK

Wie sou dan tog "Die student op Heimat se Spensvensterbank" wees, sou 'n mens tereg kon wonder. 'n Bietjie speurwerk, en daar spoor jy hom op: JA (Roes) du Plessis, SR-voorsitter in 1944!

Pas in die vorige uitgawe van *Veteraan*, dié van Junie 1960, het "W.V." (waarskynlik Willie Venter – hoekom was die mense destyds tog so skaam om hulle name by hulle "geskryftes" te plaas?) met groot nostalgie teruggekyk. Hy skryf byvoorbeeld oor die koshuisvaders en koshuiskrisisse: "Dink byvoorbeeld aan die aand toe ou Roes net mooi in Heimat se spens se vensterbank sit, gereed vir die inkruip, toe ou Broeder [LJ du Plessis] om die hoekie kom en baie nadruklik vra: 'En nou, Broeder?' En toe Roes niks anders kon nie as om net te antwoord: 'Nee, Professor, ek weet nie wat nou nie'."

# 3.18.3 "GATLAND" WORD "PARADYS" … OF DALK "HOLLAND"?

Ons Huis oftewel "Gatland" het vanaf 1963 vir 'n tyd lank as dameskoshuis gedien. In Maart/April 1964 is die eenjarige bestaan van die historiese ou koshuis onder die veranderde status feestelik deur die inwonende dames herdenk, onder meer met die aanbieding van 'n dinee asook 'n meesterskonsert waaraan ook die bekende sanger Gert Potgieter deelgeneem het. Die doel was om fondse in te samel om meubels vir hul sitkamer aan te koop.

Tydens die feesdinee is onder meer kennis geneem van die groot omwenteling wat Ons Huis ondergaan het en van die dames se buitengewone ywer en oorspronklikheid "om aan die gewese manneparadys 'n gesellige huislikheid te verleen". By dié geleentheid is geskenke van uiteenlopende aard asook geld aan die koshuis laat toekom.

Die meesterkonsert was, volgens *Die Wapad*, 'n "reusesukses" en "uit die boonste rakke".

**BEKENDE KUNSTENAARS TREE OP IN MUSIEKKONSERT**



**Professor en mevrou Van Rooy verkeer gesellig met sommige van die ere-gaste.**
**(Foto Fotokuns).**

**ONS HUIS se meesterkonsert is reeds iets van die verlede en dit kan met reg gesê word dat die konsert 'n reuse sukses was. Die kunstenaars wat opgetree het, was almal bekende verhoogpersoonlikhede nl. Gert Potgieter, Nohline Mitchell, Brain Morris en Elsie Scheepers. As 'n mens na hierdie name kyk, dan is dit duidelik dat dit 'n konsert uit die boonste rakke was. Wat besonder prysenswaardig van hierdie kunstenaars was, was die feit dat hulle verniet opgetree het. Ons Huis se dames was sprakeloos oor die mooi gebaar.**


In sy rubriek, "Gekus en Gekeur", het die studentekoerant se rubriekskrywer – weliswaar seker maar met die tong so effens in die kies – die draak gesteek met Ons Huis se aksie om meubels te koop en 'n modeparade deur Oosterhof aangebied: "Julle is so oorspronklik soos die bobbejaan wat gesê het: 'Dit daar gelaat', nadat die trein sy stert afgetrap het."

*Dr. Lucas Potgieter (links)… "beswaard" oor dames in Gatland. Regs is prof. DJ ("Lullaby") Viljoen, sy promotor (1964).*





*Die byskrif by hierdie foto, wat in 1964 in Die Huisgenoot verskyn het, spreek vir sig self: "Die foto toon Ons Huis, of soos dit begryplikerwys onder die studente bekend staan: Paradys."*



Tipies van ons samelewing vandag, het Ons Huis/Gatland onder die nuwe bedeling 'n naamsverandering ondergaan. Kort na die statusverandering vra 'n briefskrywer, in 'n betoog dat die blad meer op aktuele studentesake sal konsentreer, wat dan van Gatland wat Paradys geword het? Sou dié nuwe naam dalk verband hou met die verwysing na "manneparadys" tydens die feesdinee in Maart?


Hoe ookal, Gatland het Paradys geword. Eers 'n paradys van manne, maar nou 'n paradys vir manne. In 'n artikel oor "Die Universiteit met die goue kandelaar", in *Die Huisgenoot* van Mei 1964, verskyn 'n foto van die koshuis, met dames op die balkonne en geselsende met mans voor die ingange. En word gemeld dat die koshuis "begryplikerwys" onder die studente bekend staan as "Paradys".

Die bekende geweerdeskundige, dr. Lucas Potgieter, vertel weer anders. Volgens hom was hy as oud-Gatlander baie beswaard omdat die koshuis aan dames toegesê is. Sy promotor, prof. DJ ("Lullaby") Viljoen (Ekonomiese Wetenskappe) het toe aan hom vertel dat die dames nie van die naam Gatland gehou het nie en die koshuis gevolglik na "Holland" herdoop het!

# 3.18.4 "GATLAND HET GEVAL … !"

Vyftien jaar nadat Vleuel die aftog moes blaas, was dit Ons Huis (Gatland) se beurt om te swig voor die sneeubal genaamd "uitbreiding". Jelleke Wieringa het hierdie emosionele episode in die geskiedenis van koshuislewe aan die PUK onder woorde gebring in die *PU-Kaner* van 11 April 1975 en Piet Fotokuns het vir seker een van die merkwaardigste foto's in die annale van die PUK gesorg toe hy met sy kamera die val van die hoofgewel van Gatland verewig het.

*Hierdie meesterlike foto van Piet Fotokuns is deur 'n oudstudent beskryf as "daardie droewige foto van 'n vallende gewel".*



Gedeeltes van die artikel onder bostaande opskrif word hier onder aangehaal, en verder toegelig. Wieringa is aan die woord:

"Die groot Spelonkenreeks aan die oewers van die meer Visdammae het die weg van alle stene gegaan. Gatland het syne gesien in die tradisie *ad cavo ad cavum* – van gat tot gat. Hoe groot klink die goeie ou dae as die staaltjies een na die ander opgehaal word. Ai, dit was bak-gat, sug die oud-Gatlanders.

"Die manne voel nie lekker oor Gatland se heengaan nie. 'Dis 'n treurige ding', sê W.F. (Stoney) Steenkamp, nou leraar van die Gereformeerde Kerk, Potchefstroom, 'dis maar goed ek het dit nie gesien nie.' … ds. Alwyn du Plessis van die Gereformeerde Kerk, Potchefstroom-Noord, kry so 'n ver blik in sy oë as hy terugdink aan dáái dae. 'Dit lyk maar lelik', sê hy van die sloping.

"Dr. Frik Buys van die departement Liggaamlike Opvoeding meen 'historiese verknogtheid kan nie in vooruitgang se pad staan nie'. Maar hy 'voel nie baie goed' daaroor nie.

"Dr. Buys onthou die epiese gevegte om besit van die visdam baie goed … En toe, toe kom die tragiese dag dat die visdam plek moes maak vir die huidige Sielkundegebou. Maar die 'Gatte' het nagdeur met troffel en sement 'n nuwe 'class'-visdam gebou. Tot oom Bossie en sy stootskraper dit platgestoot het. Dit was 'n groot slag vir die Gatte. Oom Bossie het hulle wraak nie soseer aan sy eie lyf as aan sy stootskraper gevoel nie. Dié is met kettings aan 'n boom vasgemaak."

Die storie van die herbouing van die visdam, met al die fanfare wat daarmee saamgegaan het, is reeds in *Sages en Legendes* …, volume I vertel. Idyll van der Walt het die inwydingsplegtigheid, wat deur huisvader CP van der Walt bygewoon is, bestempel as "Die grootste enkele gebeurtenis in die agt jaar van my koshuislewe!" By dié geleentheid het Gatland ook 'n nuwe vlag gekry, geskilder deur Patrys Cloete.

'n Mens wonder onwillekeurig wat van die vlag geword het …



**Gatland Handhaaf Tradisies**

*(Van ons oordamse korrespondent)*


„DIT IS VIR MY MOOI as die tradisies van die verlede in ere gehou word. Daarom wil ek die inwoners van **Ons Huis** gelukwens met hul inisiatief!" Die huisvader, mnr. C. P. van der Walt, het Saterdagoggend met 'n ontroerde gemoed hierdie inspirerende en gewaardeerde boodskap aan die bewoners van Republiek Gatlandia gerig tydens die ingebruikneming van die „Gat van Gatland."

"Daardie Gatte was nie bang mense nie. Bobos (Willem) Vorster het 'n handstand op die nok van sy geliefde Huis gedoen. Gelukkig het hy toe nie sy … e … end gesien nie.

"Waar die naam Gatland vir Ons Huis nou eintlik vandaan kom, weet niemand nie. Dr. Frik gee 'n aanduiding: Sien, Vleuel het eintlik … nee wag, dis bietjie van 'n skurfte stoori.

"Maar dis alles verby. Weg. Nooit sal die Gatte weer hul entrée maak met 'Ons is die Gatte van Gatland' nie."

Na aanleiding van Wieringa se artikel oor Gatland se einde het enkele oud-Pukke van hulle laat hoor. So skryf Peet Struwig, man van jukskei-faam, die volgende aandoenlike briefie:



*Gatland-presteerders 1946: Puk se eerste jukskeispan 1946, wenners uniale kompetisie en twee Springbokke. Van links af JFC (Perd) Venter, PC (Peet) Struwig, KD Struwig en MJ (Spokie) de Villiers.*



*Basie van Wyk, Gatlander vir wie reeds in 1946 Springbokkleure in rugby voorspel is.*

"U uitgawe van 11 April en veral bladsy sewe met daardie droewige foto van 'n vallende gewel het my gedagtes weer teruggeplaas na 30 jaar gelede. Dit was die jaar toe voorspel is dat Basie van Wyk 'n groot Springbok gaan word; dit was die jaar toe die P.U.K. op die jukskeibaan groot nasionale roem verwerf het. [*Struwig verwys na die Springbokkleure wat in 1946 deur homself en sy broer KD verwerf is. Die PUK se eerstespan het ook die uniale toernooi gewen met 86 uit 'n moontlik 90 punte.*]

Die eerste skeie is direk agter Gatland gegooi – Perd [JFC] Venter en Spokie [MJ] de Villiers teen Jood [Bodenstein?] en Peet [PC Struwig]. My buurman was Pieter de Bruyn, ons groot man by T.V. Hoe lekker het ons nie saans op die balkon gesing met voorsinger 'Jolla' Jerling, 'Waar is tant Pellie, hoe verlang ek nou …'

"Dit was die jare toe oom Rabbo Pasch die eerstejaars met sy stem laat sidder en beef het – en die hardegatte moes in 'n skottel water sit om te week.

"Graag bring ek hulde aan 'n onvergeetlike verlede. Gatland, ons sal jou nooit vergeet nie."

*Ons Huis (Gatland) met motors voor.*



# 3.19 INTERVARSITY-SKAKINGS

In volume 1 van *Sages en Legendes* … is van 'n aantal dirigentskakings vertel. Intussen is 'n klompie kostelike foto's rondom die skaking van Kovsie-dirigent Tampan (Booyens) in 1957 van ds. Jansie du Plessis ontvang en word dit vervolgens hieronder gepubliseer. In 1960 word die Kovsies se kat ontvoer. En al was sy nou nie 'n dirigent nie maar wel die PUK se SR-voorsitter, word die mooi storie van Heleen Muller se kaping in 2000 ook hier opgeneem.

## 3.19.1 DIE TAMPAN VLIEGTUIGSKAKING 1957


Ter toeligting van sy foto's skryf ds. Jansie onder meer die volgende:

"Om gees vir ons jaarlikse intervarsity teen UOVS [*en TUKKIES – PFvdS*] te skep en te bevorder, was oor en weer skakery van rasieleiers deel van die pret … Gewoonlik is die gekaapte rasieleiers tot sy verleentheid en groot opgewondenheid van die PUK-massa voor die pawiljoen losgelaat as 'n morele oorwinning oor die opposisie. Ek weet dat Pik Botha [TUKKIES] ook in dié jare op die lys was vir 'n moontlike skaking, maar hy was beskerm deur 'n horde eerstejaars. Verder was vervoer 'n groot struikelblok by ons, want die rektor het motors op die gronde verbied."

*"'n Viertal Kovsies wat na 'n wenk in die Queens- hotel by hul biere betrap is deur o.a. Johan van der Vyver. Hulle hare is die aand met sing-songs vol patrone gesny, wat hulle gedwing het om weer in Bloemfontein poenskop te sny. Hulle is ook die volgende oggend na ontbyt byna nakend in die dam agter Uitspankoshuis gegooi, en dit was vol-winter!"*



*SR-voorsitter Tjaart van der Walt (regs) het die "eer" gehad om een van die gekaapte Kousies se haardos te verwoes. Heel regs staan LAS ("Wit Lou) van Wyk en toekyk, en agter is Maarten van der Walt met die kleurbaadjie herkenbaar.*



*Die manne wat die Tampan-kaping in 1957 met sukses deurgevoer het, saam met hul slagoffer (in die middel) by die DKW ("Donkie Krui Wagen") waarmee Tampan vanaf Welkom na Potch gebring is. Heel links staan Hennie de Wet en regs van Tampan Johann van der Walt, die loods van die ligte vliegtuig.*



*Nog helde in die Tampan-kaping, wat egter hul hare in die proses moes opoffer. Van links na regs JB du Plessis, Ammi Venter, Tampan, Buks Kleynhans en Willem van Jaarsveld, eienaar van die DKW.*



*Marlize Kruger - voorsitter 1990*
*Gizela Horn - voorsitter 1998*
*Heleen Mulder - voorsitter 2001*
*Janine Joubert - voorsitter 2004*



## 3.19.2 KOVSIES SE SWART KAT …

In 1960 het die Pukke se poging om 1957 na te doen, nie geslaag nie. *Die Wapad* berig só daaroor:

"Vanjaar was die Kovsie-wagte egter te lewendig op hul hoede, maar 'n byna ewe groot ramp het hulle tog getref: Op die dag van die intervarsitie het die Kovsies se gelukbringer, die Swart Kat, in Bloemfontein voete gekry. 'n Groepe Pukke het die waardevolle buite Potchefstroom toe gebring. Waar die kat hom op die oomblik bevind, weet net die groepie geheimsinnige Pukke."

Op die foto hou een van die "kapers", wat nie geïdentifiseer mag word nie, die buit vas – met 'n modelvliegtuigie op die voorgrond, ter herdenking van 1957 se unieke prestasie!



klasse hê op verkiesingsdag, die middag laat sal die ver-

*Kovsies se Kat*

*Drie jaar gelede het die Pukke daarin geslaag om die Kovsies se rasieleier per vliegtuig te skaak en as hulpelose gevangene Potchefstroom toe te bring. Vanjaar was die Kovsie-wagte egter te lewendig op hul hoewe, maar 'n byna ewe groot ramp het hulle tog getref: Op die dag van die intervarsitie het die Kovsies se gelukbringer, die Swart Kat, in Bloemfontein voete gekry. 'n Groepe Pukke het die waardevolle buit Potchefstroom toe gebring. Waar die kat hom op die oomblik bevind, weet net die groepie geheimsinnige Pukke.*

## 3.19.3 "SKONE HELEEN" GEKAAP – MET JEEP 4x4!



*Heleen Mulder*

Soos die beeldskone Helena in die Griekse mitologie, wat as gode-beloning deur haar bewonderaar Paris na Troje ontvoer is, is ook die PUK se aanvallige SSR-voorsitter Heleen Mulder gekaap en na Bloemfontein in die hartjie van die Vrystaat weggevoer. Anders as in Helena van Troje se geval, waar die ontvoering in 'n bloedige tienjarige oorlog uitgeloop het, is vir ons Heleen 'n losprys geëis – wat nie betaal is nie. In die stokou Griekse mite, wat by die afronding van hierdie publikasie so sterk op die voorgrond is vanweë die "herontdekking" daarvan in 'n epiese film, is die "voertuig" wat sentraal in die storie staan, die sogenaamde Trojaanse houtperd; in ons storie was Heleen se gaanhaalslag en die terugbesorging gedoen deur 'n afslaankap Jeep 4 x 4."

Ja, die drietal Vishuis-manne (inwoners van Abraham Fischer Huis, UKOVS), het inderdaad opspraak verwek toe hulle die PUK se SSR-voorsitter, Heleen Mulder, op verrassende wyse gekaap en na Bloemfontein ontvoer het. Vir die Kovsies was dit soete wraak, want Tampan se skaking met 'n ligte vliegtuig in 1957 was nog steeds 'n doring in die vlees …

Tydens 'n skynkuiertjie net na die gebruiklike "Groot Brag" van die Pukke het die manne van Vishuis toegeslaan: Gustav Lemke, Carel Wildenboer en Christiaan Cloete. Sy is aanvanklik onder "huisarres" geplaas en toegelaat om belangrike akademiese werk te verrig, waarna sy per Jeep 4x4 na die Vrystaatse hoofstad geneem is. Met net "die nodigste om te oorleef", naamlik te ete en te drinke.

Die Vishuisbewoners was hoogs in hul noppies met dié belangrike "vangs", maar was darem bereid om 'n losprys te ontvang: 5 000 biere en slaapplek tydens intervarsity vir die hele koshuis. Of die bier of die slaapplek die probleem was, kon agterna nie vasgestel word nie, maar die losprys is nie betaal nie en Heleen moes maar die tyd onder die "vyand" verwyl. Daar is darem amptelik deur die Universiteit reëlings getref vir haar tydelike afwesigheid van klasse en toetse.

*Kaping van Heleen Mulder, Augustus 2000*



SPESIALE UITGAWE 24 Augustus 2000

# ONTVOER: Heleen Mulder

## LOSPRYS: 5000 biere, en slaapplek

**MARIEKE VAN ROOYEN**
*Aktualiteitsredaksie*

ONS eie SR-voorsitter, Heleen Mulder is net na die groot *Brag*, onder huis-arres geplaas. Sy is geflous deur 'n skyn-kuiertjie, waar sy met 'n skok uitgevind het dat Kovsies haar eintlik wou ontvoer.

Sy het belangrike werk gehad wat sy eers moes doen, en is toe tot die volgende oggend vyf-uur in haar huis aangehou om dit te kon klaarmaak.

Hierna is sy na Bloemfontein geneem, waar die inwoners van die manskoshuis Vishuis, haar ingewag het. Die losprys is vasgestel: slaapplek vir die hele koshuis en 5000 biere.

Dit is 'n tradisie van die koshuis om die SR-voorsitter te ontvoer, en as die missie suksesvol voltooi kan word, word die manne se name in die argief geplaas. Die losprys is nooit betaal nie, omdat dit juis die prestasie was.

SR:Adjunk-voorsitter, Bernice Basson, het baie bekommerd die oggend agterna gery en alle soorte ontsnaproetes is beplan. Gelukkig was dit op die ou end nie nodig vir Heleen om te ontsnap nie.

By die koshuis aangekom, het twee lyfwagte haar die hele tyd bewaak en gedreig om haar selfoon af te neem toe sy 'n SMS begin stuur het. "Hulle het my die heeltyd dopgehou," lag sy.

Groot foto-sessies is gereël, en OFM is onmiddelik van die "groot vangs" in kennis gestel. Die Vrystaat se Rapport, sowel as die Beeld, het ook berig-gewing oor die insident geplaas.

Heleen is speels aan 'n paal vasgemaak, maar sy vertel in goeie gees dat sy nie kan kla oor hoe sy behandel is nie.

'n Groot ontbyt is vir haar voorberei, en dit was nogal 'n snaaksigheid om tien-uur in die oggend saam met die manne tee te drink op die tee-bankies, iets wat die Pukke nie regtig doen nie.

Sy is dieselfde aand nog agter-op 'n oop Jeep teruggebring, betyds vir die groot rugbywedstryd teen Kovsies.

*Regs : Saam met Marita.*

*Heel Regs : Saam met die kapers, Gustav Lemke, Carel Wildenboer en Christiaan Cloete.*







Hoewel sy op 'n kol speels aan 'n paal vasgemaak was, en deurentyd goed bewaak is, kon Heleen nie juis kla oor die behandeling deur die "vyand" nie. Sy is op 'n spesiale ontbyt deur die koshuis getrakteer en het ook die seremoniële "teebankies" op die grasperk voor die koshuis beleef. Sy is weer met die 4x4 en in optog saam met die Vishuismanne teruggebring Potchefstroom toe, net betyds vir die jaarlikse intervarsity tussen die twee universiteite.

Die Kovsies het 'n groot okkasie van die kaping gemaak en die storie wyd in die pers en oor die radio laat verkondig en die kameras is laat kliek, om hierdie morele oorwinning in beeld vas te lê.

# 3.20 "MANS EN DAMES STORT SAAM …"

'n Beriggie in *Die Wapad*, 15 Junie 1960 p 5, onder opskrif "Mans en Dames stort saam by Uniefees", trek die aandag:

"Die Pukke wat die afgelope Uniefeesverrigtinge in Bloemfontein bygewoon het, sal een voorreg (sic!) glo nooit vergeet nie. Dit is dat hulle saam met die dames gestort het.

"Maar voordat *Die Wapad* se lesers nou hond se gedagtes kry, moet vertel word dat daar afskortings tussen die verskillende stortbaddens was. Dit het egter nie verhoed dat gesamentlike liedjies gesing is nie!"

"Die Pukke sê dat hierdie voorreg die koue so effe verdrywe het!

"Twee Pukke het egter nie vir hierdie grap geval nie en een van Bloemfontein se hotelbadkamers beset asof hulle die besitters daarvan was. Hulle is Chris Bornman (jnr.) en Pottie [Prinsloo] Potgieter. Mooi so!"

Origens was die fees 'n "onvergeetlike" ervaring vir die groep van 78 Pukke wat dit bygewoon het. Die berugte koue van die Vrystaatse hoofstad het kwaai aan die lywe gevat, veral van die groepie wat in tente geslaap het en in koue water moes stort en was. 'n Ander groep weer het in groot sale geslaap, met tot 500 beddens daarin. Die grootste ergernis hier was glo die gesnorkery!

Die aande om die kampvuur, en veral die laaste nag – toe gedeurnag is – het opgemaak vir die ongerief en koue.

# 3.21 "SPEL SONDER GRENSE"

Dis 'n mooi storie, dié van "Spel sonder grense".

Aangebied deur SAUK-TV, in 1977 – kort ná die koms van televisie na Suid-Afrika.

'n Oop, wye spel – waar in nie minder nie as sestien items deelgeneem is – boonop in spanverband en nie as individue nie. Met geen vooraf kennis van hoe die program loop, die items mekaar opvolg nie. 'n Uitputtende spel, wat hoogste eise aan krag, fiksheid, koördinasie, deursettingsvermoë en verskeie ander bekwaamhede stel. Kyk maar net na sommige van die items: fietsry teen 'n bult, trappeklim, motorstoot, hinderniswedloop, rolskaats, pannekoek bak en trapkarresies – tussenin opgekikker deur 'n vasvrawedstryd waarin deelnemers se algemene kennis getoets is!

Dié spel is gewen … deur vier Pukke!

Wat elkeen 'n splinternuwe motor as wenprys ontvang het!

*"VIER PUKKE IS WESTE SE TROTS"*




Spanne, saamgestel volgens die destydse provinsiale verdelings op sportgebied, het aan die kompetisie deelgeneem. Wes-Transvaal is verteenwoordig deur vier dosente aan die PUK, naamlik Rosalie de Klerk en Dawie Malan (Liggaamlike Opvoeding), "Flame" Nieuwenhuizen (Bantoetale) en Bea Botha (Sielkunde). Al vier was ook bekende sportpersoonlikhede aan die PUK, in Wes-Transvaal en selfs in nasionale verband: Rosalie as atleet en pluimbalspeler, Dawie as paalspringer (destyds SA kampioen), "Flame" as geharde rugbyspeler (provinsiaal B) en Bea as middelafstandatleet met nasionale titels agter haar naam.

Bloot op sigwaarde al 'n gedugte kombinasie!

Dit was 'n strawwe kompetisie, met veral Natal en die WP wat die PUK se Mielieboere kwaai opdraend gegee en tot op die laaste oomblik op hul tone gehou het. Inderdaad het die Wes-Transvalers met die aanbreek van die laaste item, trapkarresies, gelykgetrek met die Westelike Provinsie. Maar watwo! Die vier Pukke het behoorlik onder die Kapenaars uitgery en met byna 'n volle rondte gewen, nadat "Flame" en Rosalie 'n handige voorsprong opgebou het.

Die fietsry-item – twaalf kilometer bult-op en bult-af, op aflosbasis – is agterna deur die Pukke uitgesonder as die uitputtendste van almal. Rosalie onthou: "Toe ek weer sien, is Pierre Spies (Springbok-hekkiesatleet) hier langs my en albei van ons trap dat dit klap. Ek moes net kophou, want ek wil hom wen en ek dink: Rosalie, hou jou ritme. So gesê, so gedaan en toe ek weer sien, ry ek skoon onder Pierre uit!"

"Flame" en Dawie weer, is nie min trots nie op die feit dat die pannekoeke wat hulle in dié been van die kompetisie gebak het, die enigstes was wat agterna geëet kon word!

Die programreeks het ook vir groot kykersgenot gesorg, onder meer vanweë die baie pret wat te midde van die ywerigste mededinging ervaar kon word. Die PUK-deelnemers was ook besonder getref deur die goeie sportmangees wat deurentyd onder die kompeteerders geheers het.


Deur hul oorwinning in "Spel sonder Grense" het Bea, Rosalie, Dawie en "Flame" baie luister aan hul provinsie maar ook aan die PUK verleen veral op daardie stadium toe televisie nog maar 'n nuutjie in Suid-Afrika was: sulke hoë gehalte en volgehoue reklame sou beslis nie gekoop kon word nie!

# 3.22 "MOABIETE" vs "FILISTYNE" (Tokkelokke rugbywedstryd)

Nog een van talle tradisies aan die PUK wat met die loop van tyd in die vergetelheid weggesak het, was die jaarlikse rugbywedstryd tussen twee spanne uit die geledere van die teologiese studente.

Dit was nou vir jou 'n gedoente van 'n ander wêreld. 'n Soort van 'n "derby" (in die Engelse idioom), of over gezet zynde in meer verstaanbare taal, so goed as 'n kragmeting tussen WP en die Blou Bulle. Of dalkies Pukke teen Kovsies!

*Jan Visser, die lang lenige Tokkelok SR-voorsitter van 1954, het 'n spotprenttekenaar uit studentegeledere geïnspireer tot die meegaande tekening van "die beroemde intertokkelokale heelagter … in sy kenmerkende lang lynskoppe-houding". Regs is "die burgemeester van Slapholia, mnr. Fytjie van der Loufer [LS (Louwtjie) van der Vyver]."*


BLADSY VIER „DIE WAPAD"

DIE OU-KROKS SPEEL TOE VOETBAL



Ds Jansie du Plessis was ook deel van dié pret – ja, dit was niks meer en niks minder nie as pret. Maar gee hom die woord:

"In die jare 50 is jaarliks 'n rugbywedstryd tussen twee spanne van teologiese studente gehou, op 'n Saterdagmore. Eintlik was dit 'n groot gekskeerdery op die basiese reëls van rugby. By een geleentheid was 'Fires' van Vuuren die skeidsregter (1951) met 'n knipmes in sy rugbykous en het hy sommer links en regs ons versier en versuur met strafskoppe sonder oortredings.

"Gereelde rugbyspelers is uit posisies geplaas, bv voorspelers in die agterlyn en omgekeerd. Ou Jakob van der Vinne (hy is terug Holland toe) het slot gespeel en hy het van rugby minder geweet as 'n kat van saffraan. Ek self wat nooit die spel gespeel het nie, maar baie gekyk het (my maats was Wes-Transvaal spelers) moes by een geleentheid as skrumskakel diens lewer. Toe neem ek 'n sakdoek en teken daarop 'n ½ ('scrum halve') en werk dit op my broek se sitvlak vas (kyk foto).

"Ek is in 1957 daar weg en ek glo die gebeure het dieselfde jaar gesneuwel."



*'n Onortodokse manier om 'n rugbyspeler ("scrum halve" – Jansie du Plessis) te identifiseer!*

Danksy die verteenwoordiger van die "Askelon Mirror", wat verslag oor een so 'n wedstryd gedoen het, kan lesers nou eerstehands lees wat 49 jaar gelede dáár op die "vlaktes van Moab" plaasgevind het, toe die "Moabiete" en die "Filistyne" mekaar gepak het. Na alle waarskynlikheid het die foto's wat deur ds. Jansie du Plessis verskaf is, betrekking op hierdie wedstryd. [**Kyk insetsel**]

*"Groot slagting vind plaas"*

# GROOT SLAGTING VIND PLAAS

## MOAB 3 - FILISTER 3

(Spesiaal geskrywe deur die Verteenwoordiger van die „Askalon Mirror").

Die jaarlikse toetswedstryd tussen die Moabiete en die Filistyne is afgespeel op die Vlaktes van Moab. Aangesien die telling 3-3 was, is elke span met n stukkie rubber huistoe.

Die skare van 90,000 was doodstil toe Sy Edele die Burgemeester van Sittim aan die spanne voorgestel is. Haar Edele, mevr. Van Dalsen, was ook teenwoordig.

Hierna is die spanne aan weerskante van die middellyn opgestel. Albei spanne het voormalige toetspelers bevat, nl. Jacob van der Vinne en Lammert Stavast, voormalige Nederlandse spelers, vir die Filistyne, en Frans Cachet, voorheen van Israel, vir die Moabiete.

Nadat die Moabiete afgeskop het, is die wedstryd verwoed voortgesit en kort voor rustyd het Stoker Snyman, haker van die Moabiete, oorgeduik vir 'n drie. Weens 'n sterk wind kon Arie van der Walt nie vervyf nie. Aan die einde van die wedstryd het die veteraan-losskakel van die Filistyne die telling gelykgemaak. Koos Venter het op meesterlike wyse die bal onder Arie van der Walt se neus gedruk. Weens dieselfde wind van flussies kon Jan Visser nie vervyf nie.

Jacs van Rooy, die Moabiete se agtsteman, het skitterend gespeel en verdien 'n plek in die Semietiese span teen die Jafetiete. Jacob van der Vinne, „all-rounder" vir die Filistyne, het getoon dat hy die beste alsydige speler in die wêreld is. Hy was oral te sien — op voorry, op senter, op heelagter en op sy rug.

Ander uitblinkers was Jansie du Plessis (Fil.), Jaap Labuschagne (Fil.), Tjaart van der Walt (Fil.), en Peet Smit (Moab.). Bouie de Klerk, die Filistyne se vlagman het sy span goed ondersteun.

**DIE SPANNE:**

**Filistyne:** Koos de Klerk (Askalon), Jaap Labuschagne (Gat), Peet Steyn (Gat), Willem Maritz (Gat), Hennie Coetzee (Gat), Koos Venter (Gat), Jansie van Vuuren (Gat), Jacob van der Vinne (Gaza), Kiewiet Vermeulen (Gaza), Lammert Stavast (Gaza), Abie Pelser (Gat), Lood Snyman (Pisga, Kapt.), Piet du Plessis (Askalon), Jan Visser (Pisga), Fanie Minnaar (Pisga), en Tjaart an der Walt (Askalon).

**Moabiete:** Arie van der Walt (Kir Moab), Gert Buys (Kir Moab), Flip Snyman (Kirjat-Hasot), Proppie Coetzee (Sittim), Peet Smit (Ar Moab), Tokkie van der Walt (Ar Moab), Piet Pelser (Kirjat-Hasot, Kapt.), Stony Steenkamp (Ar Moab), Stoker Snyman (Kir Moab), Alwyn du Plessis (Kir Moab), Tjaart Steyn (Kirjat-Hasot), Deon du Plessis (Kir Moab), Pieter van der Walt (Ar Moab), Frans Lion-Cachet (Kirjat-Hasot) en Jacs van Rooy (Sittimi.

*Die burgemeester van Tarentaal, Hubrecht van Dalsen, word aan die spelers voorgestel deur die kaptein van die Moabiete, Piet Pelser.*





*Burgemeester Van Dalsen lewer plegtig sy rede terwyl die skeidsregter, prof. SP van der Walt, aandagtig en dik van die lag luister. "Hy was 'n groot vriend van ons studente wat ons siel en gees begryp het", getuig Jansie du Plessis. "Regs staan twee beskermers, teen geweld, met bottels op hulle skouers – hulle was nog BA-studente. Ek herken een as Francois Lessing."*

# 3.23 FORMIDABELE "PRIESTER"

PJ (Peet Priester) Coetzee was 'n formidabele figuur in die studentelewe van die PUK. In 1939 en weer in 1940 het hy, as SR-voorsitter, aan die stuur van die studentelewe gestaan. Dit was moeilike tye, met die vooroorlogse spanninge op politieke gebied en toe die ontwrigtende effek van die Tweede Wêreldoorlog self.

In studentekringe het die leierseienskappe van Peet oftewel Priester, soos hy destyds bekend gestaan het, nie onopgemerk gegaan nie anders sou hy nie vir twee jaar agtermekaar aan die stuur van sake geplaas gewees het nie. Daar is tog ook 'n stukkie draak mee gesteek. Soos die volgende bydrae wat in November 1940 in *Die Besembos* verskyn het en as varia geklassifiseer kan word:

"Peet Coetzee, M.A. (Voorsitter van die Studenteraad – soms die Studenteraad self – Voorsitter van die Korps Veritas Vincet, Voorsitter van die Huiskomitee, Oud-voorsitter van die J.V., Oud-voorsitter van die Debats- en Dramatiese verenigings, lid van die regering van die A.N.S.-republiek, lid van die T.S.V., lid van die Reddingsdaadbond, verteenwoordiger op die F.C.S.V., lid van die H.N.P. of V. ensovoorts, ensovoorts, asook Priester): Demps [van der Merwe] moet nie dink dis hy wat al die wysheid aan die P.U.K. in pag het en Voorsitter van die S.R. kan word nie."

*[Skynbaar het Demps vir Peet Priester Coetzee as SR-voorsitter na die kroon probeer steek* - PFvdS.]

In die Varia-kolom van Maart 1940 (versorg deur Gert CP van der Vyver) word daar weer goedig die draak gesteek:

"Ou Peet is nog maar dieselfde ou Peet. Van hom sê die beroemde Nederlandse digter, De Genestet:

'De man is op den duur zoo taamlik in zyn schik,

Met zyn positie in de waereld en zyn Ik …

Hy oordeelt allen – over alles – overal,

Heeft veel congesties, veel onaangenaams en veel gal;

Is voor het hangen, voor het geeslen, voor het branden,

En vind zyn weergae niet in het ryk der Pukanen.'

Met Peet "Priester" self 'n redaksielid van die studenteblad, was hierdie en die ander items oor hom niks meer as 'n goedige draakstekery nie.

In Junie 1940 het die volgende "kennisgewing" in *Die Besembos* verskyn:

*"AGENDA*

***van Studentevergadering***

***(soos opgestel deur Priester)***

1 Verwelkomingstoespraak: deur Priester.

2 Toespraak (Calvinisme kweek nie suurpruime): deur Priester.

3 Toespraak (Werksaamhede van kwartaal): deur Priester.

4 Toespraak (Invloed van Heimat op studentelewe): deur Priester.

5 Toespraak (Houding teenoor Normaal): deur Priester.

6 Slottoespraak: deur Priester.

7 Gedurende die vergaderings sal daar nog ander toesprake gelewer word - deur Priester.

Dit lyk dus heel gepas om 'n foto van Priester as studenteleier hier te plaas!

# 3.24 “DUISENDE STUDENTE OP DIE WALLE VAN DIE MOOI”

By geleentheid het rektor Ferdinand Postma die vergesig gesien van duisende studente op die walle van die Mooirivier. In *Sages en Legendes …, vol 1* (afdeling 3.3) is gehandel oor die Gaipiaanse Orde of beweging, ’n soort “Oujongskêrel Klub” wat in die laat dertiger- en vroeg-veertigerjare aan die PUK bestaan het. In September 1941 skryf die eertydse leier van die beweging, Grote Gaip Jaap oftewel Japezius van der Steynhelle (Jaap Steyn) vanaf De Aar – “niks in vergelyking met die Wilgerstad benoorde van die Vaal nie” – aan Oud Regter oftewel “Juts” (JFK Erasmus):

“Julle moet die posisie maar uitbuit tussen die skones daar. Die man wat daardie sentrum onbewyfd verlaat se verstand is nie langer as ’n ‘pennielaain’ nie. Onder lg. kategorie bevind ek my. Ek hoop dat jy en jou ‘landlord’ gaan julle met meer takt en sluheid onderskei. Ek verwyt my baie dae dat ek nie my tyd genoeg uitgekoop het nie, toe ek die geleentheid gehad het om die skones daar in Potchefstroomse strate koud te lei.

*’n Kontemporêre spotprenttekenaar op die kampus, P Postma, se sieninge oor “spykerologie” en troukoors onder die tokkelokke – in aansluiting by die pleidooi vir meer tennishuisies!*




“ ’n Man is mos daar op die strate aangewys by hoofde van die swak akkommodasie deur te min tennishuisies en hoofgebou trappe. Die studente behoort ’n groot vry-optog gepaard met ’n vrystaking onder die banier: ‘Gee ons meer tennishuisies’ te lei. As die Raad en Senaat nie swig voor so ’n optog en agitasie nie sal hulle ’n kortsigtigheid aan die dag lê wat ’n mens nie by hulle soek nie.

“Hoe meer tennishuisies hoe meer huwelike. Hoe meer huwelike hoe meer aspirant studente; en dan kan die ideaal van ‘duisende studente op die walle van die Mooirivier’ gouer ’n werklikheid word.”

# 3.25 "OOM KASPAAS" (DEMPS VAN DER MERWE)



*Demps van der Merwe as kaptein van PUK se tweede rugbyspan.*

In die studenteblad het "Die Soeklig" van tyd tot tyd op prominente persoonlikhede in die studentelewe geval. In November 1940 was dit DCS (Demps) van der Merwe se beurt – 'n man wat reeds vanaf die vroeë dertigerjare op die PUK kampus rondbeweeg het, wat as 1935 se SR-voorsitter verkies is maar vanweë studie-oorwegings nie die pos beklee het nie. In die laat dertigerjare het hy sy studies in Duitsland gaan voortsit. In Maart 1940 word hy, as "Groot Demps", saam met sy broer "Klein Demps" terugverwelkom vanuit die buiteland waar hulle studeer het. Hy is ook 'n tyd lank onder die noodregulasies van die destydse regering aangehou.

Om die onderstaande satiriese penskets van Demps te waardeer, moet in gedagte gehou word dat Demps 'n besige man was, met baie ysters in die vuur van die studentelewe. Niks het sy aandag ontgaan nie en hy het nie geskroom om by wyse van skrywes in die studenteblad sy sieninge en standpunte te verkondig nie. Demps was een van die "baas-breins" agter die konstitusionele wysigings ten opsigte van die samestelling van die Studenteraad wat egter in 1935 tot die tydelike "val" van die Studenteraad gelei het. Hy was in 1934 hoofredakteur van *Die Besembos* en baie bedrywig in die politieke aktiwiteite op studentevlak, onder meer as lid van die hoofbestuur van die landswye ANS. Maar Demps lei ook die PUK se tweede rugbyspan op die veld!

Nadat hy vanaf 1941 tot 1957 eers as predikant en toe as sendeling gedien het, het Demps vir tien jaar lank as hoogleraar aan die Hammanskraalse en later die Potchefstroomse Teologiese Skool van die Gereformeerde Kerk opgetree. Hy is in 1997 oorlede.

Hier dan nou, "Die Soeklig" se tong-in-die-kies CV van "Daniël Casparus Servatius [regte name Daniël Charl Stephanus] van der Merwe, in romantiese maanskynaande ook bekend as Danie of Dempsie":

"Nadat hy etlike eeue aan die P.U.K. onrus gestig, nuwe konstitusies uitgebroei en vergeefse aanvalle op die skone geslag gewaag het, het hy skielik na Europa verhuis. Daar het hy die Duitsers aangehits om oorlog te verklaar aan sy liewe vriende, die Engelse … Toe die Europese pot nou mooi aan die kook was, het hy met 'n Duitse duikboot op 'n egte Oom Kaspaas-manier ontsnap en sy voete weer kom plaas op sy ou standplaas. Ook hier het hy nou probeer om andermaal rewolusie te saai, só selfs dat die Studenteraadvoorsitter [Peet Coetzee] gevrees het vir 'n torpedering.

"Hy gee voor om 'n profeet of siener te wees. En omdat sy gesigte nie uitkom nie, voel hy baie teleurgesteld dat S.A. nog nie omgekeer is nie, en hy gevolglik nog moet studeer.

"Hierdie riet-penseel is ongetwyfeld een van die grootste historiese profete wat nog ooit geleef het. Dag na dag sit die studente en luister na sy gesanik oor die uitslag van hierdie oorlog ... Elke week vul hy 'n hele bladsy in 'Die Transvaler'... Volgens Sappe-ruiter [Sapa-Reuter] se jongste berig het die outoriteite besluit om die voorspellings van die ou 'Siener' ['Siener' van Rensburg] te vernietig, want oom Kassie se sieners-'blik' werp nuwe lig op die toekoms."

Dan word daar 'n ontleding gegee van "Oom Kaspaas" se sosiale en opvoedkundige potensiaal, kapasiteite en kwaliteite:

"Hy was skaars 'n 'fortnaait' op P.U.K. toe is Annie nie meer Koos s'n nie. En hy klou soos konfyt aan 'n wolkombers. Hierdie Dempers is dus 'n sosiale figuur van geen geringe formaat nie – nie alleen is hy 'n vrou se dood nie, maar hy is ook 'n gifpil vir voorsitters. Nouliks het hy grond gevat of Kalf [identiteit kon nie vasgestel word nie] lê die septer, wat hy met bra onsekere hand geswaai het, neer en Priester [Peet Coetzee] moes met groot menere beraadslaag om sy setel [SR-voorsitterskap] te behou.

Demps word ook "natuurwetenskaplik" gekarakteriseer:

"Sy skerpe insig merk die foutiewe redenering in alles op. Sy blik is soos die ruimte-deurdringende-vermoë van 'n teleskoop – dit deurvors wat die gewone oog nie kan opmerk nie. Die noukeurigheid van sy konklusies wyk dan ook minimaal af van die absolute korrekte waarde. Dis 'n feit wat aan homself goed bekend is. Daarom duld hy geen teenspraak. In vergaderinge laat hy dinge oor sy lippe gaan wat geen ander durf nie. Sy mond staan ook al half oop van die ingewortelde gewoonte om sy tong met finaliteit in aksie te bring. Hierdie selfvertroue dui op 'n abnormale stofwisseling van sy adrenalien-klier e.a. kaspasiaanse patologiese organe, vanwaar ook die selfoortuiging van eie-waarde en waarvan die doelbewuste Dêm-siek-stap en gesaginboesemende baard getuig."

In 'n slotparagrafie word afskeid geneem "van hierdie uitgerekte, voortslepende en kromgeboë Barbarossa van die Suidelike halfrond, en met nuwe verwagtings sien ons uit na sy herstelling van 'n nuwe orde in die westelike beskawing op nasionale, kulturele, wetenskaplike, letterkundige, staatkundige, oudheidkundige, vakkundige en spykerologiese gebied"!


Enigeen wat vir Demps van der Merwe as student maar ook in sy latere lewe geken het, sal kopknikkend saamstem met die beeld wat hierbo van hom geskep is ...

# 3.26 "ONGELUKSVOëLS" (ALABAMAS 1948)


Die Alabama-toergroep van 1948 kan met reg as "ongeluksvoëls" bestempel word. Nie alleen het hulle in die warm water beland as gevolg van hulle uitbundige dansery tydens die toer nie, *[**kyk afdeling 3.5.2, bo**]* maar het hulle ook nog 'n motorongeluk en 'n blindedermoperasie op hul ongevallelys moes aanteken!

Dat dit by tye geil gegaan het, wat betref ontspanning en onthale vir die toergroep, kan nie ontken word nie – al het leier Walta Viljoen die toer in sy regverdiging van die dansery as "uiters vermoeiend" beskryf. "Bakkiery", sê die foto hiernaas, "was ook pret" – maar die ander foto is nie so prettig nie: 'n motorongeluk naby Karasburg.

*Bakkiery in Suidwes-Afrika.*



*Motorongeluk naby Karasburg … baie reperkussies.*



Ongelukkig kon 'n verslag wat betrokke studente oor die ongeluk aan die registrateur moes voorsien, nie onder oë gekry word nie. Dit blyk egter dat van die Alabama-lede besoek gebring het aan 'n plaas, "vir plesier", en dat 'n Suidwester sy motor aangebied het om met die vervoer te help. Die motor is deur toerlid Fanie Steenkamp, groot grapmaker daar uit Montagu se wêreld, bestuur – volgens Jessie le Grange (Marais) boonop sonder lisensie – maar dit het op 'n kol die sandpad byster geraak en in 'n sloot beland.

Behalwe skade aan die motor, is een van die sangeresse se skouerbeen ontwrig en moes sy vir 'n tydjie in Windhoek agterbly.

Die eienaar van die motor, 'n mnr. Struller, het aanvanklik aangebied om £50 van die skade te dra, terwyl die Alabama vir die res sou instaan. Dit wil voorkom asof die Senaatsbestuur op 'n stadium ingewillig het om laasgenoemde koste te dra – waarskynlik uit die fondse wat deur Alabama tydens die toer geïn is. Teen Maart 1949 is kennis geneem dat prokureur JP Nel, 'n Raadslid, namens Steenkamp in die saak optree. Toe kort hierna van die kant van Steenkamp 'n prokureurseis aan die PUK bedien is om die rekening te betaal is egter besluit dat geen notisie daarvan geneem sal word nie.

Die ontsteekte blindederm van Heleen Scheepers het veroorsaak dat sy 'n tyd in die hospitaal moes deurbring – met kêrel Koos du Plessis (seun van prof. LJ) aan haar sy. Ook hierdie kostes moes, volgens Jessie, uit die toer-"kitty" gedelg word.

*Interessant genoeg, is daar in **Die Besembos** van 1948 wel verslag gedoen, onder opskrif "Moeilike tye op die Alabama-toer". Die opskrif handel oor ditjies en datjies wat veral op die verhoog effens gelol het – maar geen sprook word gesprak oor die probleme wat hierbo uitgelig is nie!*

# 3.27 FIETS- EN MOTORDIEWE VASGETREK!

## 3.27.1 VERGEET-MY-NIE VANG FIETSDIEWE!

Heleen Mulder, SR-voorsitter in 2001, het onderstaande toevallige "suksesstorie" te vertelle, en betrek daarmee sommer 'n deel van die PUK-kultuur, naamlik die beskildering van die duikweg.

"Met Vergeet-My-Nie se 25 jaar reünie in 1998 het die eerstejaars besluit om die koshuis se embleem (die Vergeet-My-Nie blommetjie met 'n gesiggie op) in die duikweg op een van die beskikbare blokke te verf.

"So vinnig as wat die blommetjie op die muur geverf is, so vinnig het die ander koshuise begin planne beraam om die blommetjie dood te verf. So het dit 'n absolute stryd geword om die blommetjie keer na keer weer reg te verf … Een dag het die gerugte op kampus sterk geloop dat daar daardie aand weer 'n aanslag op die blommetjie gemaak sou word. Die eerstejaars het besluit dat hulle dit nie sou toelaat nie en dat hulle die blommetjie dwarsdeur die nag sou oppas.

"Vroeg die middag was hulle planne al agter mekaar. Hulle het met 'n stophorlosie die tyd geneem wat dit normaalweg sou neem om deur die duikweg te loop. Twee karre is aan beide kante van die duikweg geposisioneer en met eerstejaars en HK-lede beman. Die bemanningslede van die twee motors was deurgaans per telefoon (selfone) in verbinding om mekaar te laat weet as daar enige iets verdag aan hulle kant gebeur. Die oomblik as 'n persoon in die duikweg ingegaan het, het hulle die tyd begin vat en indien die persone langer in die duikweg vertoef het as wat die vasgestelde tyd was, sou die persone wat die twee motors beman uitklim en die skuldiges in die duikweg vaskeer en sou beskermingsdienste onmiddellik geskakel word.



*Bewakers van Vergeet-My-Nie se duikwegblommetjies.*

"In die vroeë oggendure was die motors se bemanningslede al redelik verveeld en was die middag se opwinding al heeltemal vergete. Skielik het 'n paar onbekende mans in die duikweg ingestap. Hulle het nie verdag voorgekom nie, maar die 'wagte' in die motor aan die anderkant van die duikweg is nogtans laat weet van die manne wat op pad was. Toe hulle aan die koshuis se kant van die duikweg uitkom, het hulle ewe goedsmoeds "Vergeet-My-Nie" se fietsloods binnegestap en begin om fietse se kettings los te sny!

"Die meisies in die motor kon hul oë nie glo nie. Beskermingsdienste is onmiddellik geskakel en 'n paar van Over-de-Voor se manne was ook dadelik op die toneel. Die fietsdiewe het die hasepad gekies maar is by Wanda gevang en in hegtenis geneem.

"Vergeet-My-Nie en Over-de-Voor het beide 'n spesiale toekenning by Beskermingsdienste gekry vir dapperheid en paraatheid. Dit het later geblyk dat dit 'n reuse fietssindikaat was, wat daardie nag deur Vergeet-My-Nie se blommetjie oppassers oopgevlek is."

# 3.27.2 PATRIA VLEK MOTORDIEFSTALNETWERK OOP!

Wat oorspronklik bedoel was as 'n Karnavalaksie om punte vir hul koshuis Patria in te samel, het op die ou einde geëindig as blootlegging van 'n netwerk van motordiefstalle. Dit het nou nie vir punte getel nie, maar die wye reklame wat deur die media aan die gebeure verleen is, het waarskynlik die ander koshuise groen van jaloesie gemaak.

Dis weer Karnavaltyd, 1983.

Koshuise ding ernstig mee om deur middel van bepaalde aksies reklame te ontlok wat op sy beurt weer aan hulle waardevolle punte in die onderlinge kompetisie sou gee. Die manne van Patria het besluit op deelname aan die Barberspan Internasionale Tydren in die verre Wes-Transvaal. Toe die Karnavalkomitee besluit dat slegs aksies in Potchefstroom vir die kompetisie kon kwalifiseer, is nogtans besluit om deur te gaan met die aksie en maar net vir die pret deel te neem. Immers: Patria was die eerste koshuis ter wêreld wat aan so 'n tydren sou deelneem …

'n Motor, 'n enjin, ongeveer R6 000 as borggeld en siedaar! – die tafel was gedek vir 'n grootse avontuur. Maar wie sê? Harde werk, baie harde werk, het nog kortgekom om die motor wedren-vaardig te maak. Vir bestuurder Braam Cronjé, navigator Pieter (Konsalik) Swanepoel (wat ook dié jaar se rasieleier was), Vaatjie Venter en 'n span eerstejaars ("absoluut vrywillig", lui die berig!) was dit nie 'n probleem nie. Die Duitse motor is omgebou tot 'n bakkie, met 'n groot ekstra petroltenk agter op vasgesweis om vertraging langs die pad uit te skakel. Die naam "Liber Factus" is op die sykante aangebring en op die enjinkap is die name van Patria en hulle "sleep"-koshuis, Wag-'n-Bietjie geverf. En toe is daar afgesit, Barberspan-toe.

Eers moes daar 'n padtoets afgelê word, die Vrydagoggend voor die wedren. Die onkonvensionele "Liber Factus" het wye aandag getrek en TV-kameras was by om, met die oopmaak van die enjinkap, die vuil enjin op film vas te lê. Twee "barmhartige Samaritane", André Marais en Charlie Tissen het die Patria-span binne twee uur met die basiese beginsels van tydrenne bewapen.



*Kort na die Baberspan-ervaring is Konsalik die PUK se dirigent tydens intervarsity teen RAU. Wys hy dalk hier op hulp-dirigent Gregory Beck hoe hy die kapers van "Bliksempie" se nekke sou omgedraai het? Agter staan rugbykaptein Gert Smal en Barbara Clemons.*

En toe is dit Saterdag, wegspringtyd. In klas 4, saam met bakkies met enjins groter as vier silinders … en in die dertigste posisie!

Maar watwou! Reeds by die tweede inklokpunt lê hulle in die dertiende plek en het hulle die vinnigste tyd in hulle klas opgestel. Dié prestasie was te danke aan die goeie gees in hul span, sê navigator Konsalik, en aan Braam se bestuursvernuf – verkry uit hasejag op die plaas!

Maar dit was nie net maanskyn en rose nie. Ons volg die verdere verloop aan die hand van die berig in *Die Wapad* van 22 Maart 1983:

"'Liber Factus' – of soos hy teen daardie tyd bekend was onder die ander jaers, 'Bont Bliksempie', het twee keer byna noodlottige ongelukke gemaak. Een keer is 'n donkie doodgery en 'n ander keer het Braam met die rathefboom in sy hand bly sit toe hy ratte verwissel en reg op hulle afpyl. Hulle het toe maar bo-oor die hek en hekpaal gery!

"Saterdagoggend het die remme ingegee in Bophuthatswana, naby die Botswana-grens. Hulle het uitgeklim om die tegniese span te gaan haal en met die terugkeer, was die kar weg! Daar was duidelike spore waar die motor met 'n trekker weggesleep is. Braam en 'n gevolg het die spoor met 'n bakkie tot in die stat Logageng gevolg. Hier is hulle met 'n pistool gedreig deur een van die inwoners. Braam het wyslik besluit om weg te jaag."

Braam-hulle het die polisie, wat reeds besig was met die saak, ingelig. Die konsul van die

*"Liber Factus" overgesetsynde "Bont Bliksempie".*



"Bliksempie" in al sy glorie terug. By hom staan Koekies Koekemoer, Vaatjie Venter en Lucas Klopper.

Bophuthatswana-regering in Potchefstroom het hulp verleen en kort voor lank is "Bont Bliksempie" vanuit 'n helikopter opgespoor en is die netwerk van motordiefstalle deur die polisie oopgevlek.

"Intussen", sluit die berig in die studentekoerant af, "flits die perskameras in Patria …"

Die slag was gelewer, die Patria-manne het – sonder voorbedagte rade – meer reklame gekry as waarvan hulle ooit kon droom.

Net jammer dit het nie vir karnavalpunte getel nie …

***"Bliksempie" se mense.***




'Bliksempie' se mense

**Soek per 'kopter**

Weens die verlies van hul tydrenbakkie kon die Patria-tydrenspan ongelukkig nie vir 'n foto by die sogenaamde Bont Bliksempie poseer nie. Pieter (Konsalik) Swanepoel was navigator en Braam Cronjé die bestuurder. Met die ondersteuning van Wag-'n-Bietjie se pragtige meisies soos Zelda Nel en Annatjie Pretorius, moes Patria se tydrenspan vanselfsprekend goed presteer. Zelda en Annatjie is huiskomiteelede van hul koshuis. Deur middel van hul konsulaat op Potchefstroom, was Bophuthatswana se regering só hulpvaardig met die tydrenbakkie wat vermoedelik gesteel is, dat hulle vir Braam en Vaatjie Venter wat tegniese bestuurder was, Donderdag met 'n helikopter geneem het om die bakkie te probeer opspoor.

# 3.28 VERDERE "ROOIBEES"-STORIES



*"Prof. Rooibees"*

Prof. DJ ("Rooibees") du Plessis se legendariese status in die PUK-annale is elders in hierdie bundel beskryf. *[**Kyk afdeling 2.5**]* Seun Elmar, wat deesdae in Detroit in die VSA woon, sê self sy pa was die onderwerp van baie stories, waarvan talle sekerlik goed aangedik is "maar oor die jare by vele geleenthede lekker praatstof verskaf het". Van hom is 'n beeld geskep as synde "eksentriek, moeilik, anders en nie-konformerend", maar feit is "dat hy hom nie met nonsens en beuselagtighede opgehou het nie".

Hier volg nog enkele staaltjies rondom hierdie kleurryke persoonlikheid, soos deurgegee deur Elmar en andere wat hom goed geken het.

- "As skriba van die Gereformeerde Kerk [Potchefstroom] het hy die kerk se skuld uitgewis deur eenvoudig die totale skuld gelykop te verdeel onder die aantal huishoudings. As 'n lidmaat aangedui het dat hy weens finansiële probleme nie sy bydrae kon lewer nie, het hy hom meegedeel dat dit in orde is en dat hy sy naam aan die diakonie sou opgee as armlastige sodat hy 'n toelaag van die kerk kon ontvang. In die meeste gevalle het dit gewerk."

- "My pa se eerste ryding was 'n Red Indian motorfiets en ek neem aan dat dit in die vroeë twintigs moes gewees het. Of daar enige teerpaaie was weet ek nie. Hy vertel van 'n geleentheid toe hy 'n meisie Parys toe geneem het en hulle op die sand gegly het. Die motorfiets het nie gevrek nie en die agterwiel het bly draai, die meisie se romp het in die speke beland en is netjies van haar afgeskeur. Dit het hom skynbaar 'n ruk geneem om die wiel en romp van mekaar te skei en haar romp aan haar terug te besorg. As ek reg onthou het sy nie weer met hom uitgegaan nie."!

- "Een van sy kollegas (ek kan nie onthou watter prof. dit was nie maar dit was een van die bekendes) koop toe ook 'n Red Indian en wil vir 'n meisie op 'n plaas buite Potch gaan kuier. Aangesien hy maar onbehendig was vra hy my pa om te bestuur. Toe hulle egter by die plaashek buite die opstal kom besluit hy dat hy die meisie wil beïndruk deur self verder te bestuur en vra my pa om die plaashek oop te maak. Hy verloor egter beheer en jaag toe langs die hek deur die heining ten aanskoue van die meisie."

- "My dogter Michelle [du Toit] vertel die storie wat by die Van Rooy familiefees plaasgevind het toe FW de Klerk staatspresident was. FW nader die Oubaas, steek sy hand uit en sê, "Dag Oom Kobus". Die Oubaas wat nie meer te goed kon sien nie en die lig was blykbaar ook van agter, vra toe ewe stomp: "Wie's jy?" Antwoord: "FW, Oom Kobus." Die Oubaas, beseffende dat hy 'n bietjie van 'n glips begaan het maar ook nie op die bek geval nie, antwoord toe ewe: "Ek dag dis jy maar het gemeen jy sal te besig wees om so 'n geleentheid by te woon." Dit het hom natuurlik weer herinner dat FW se pa hom eintlik nog 5 sjielings skuld, wat hy in die jare toet geleen het en nie terugbetaal het nie."

- "Een van die groot stories oor my pa is hoe ons lusernslaai moes eet omdat dit ryk aan yster is … My kinders sal wel getuig dat hulle Oupa Dadda baie eksentriek was. Hy het op 'n stadium hulle skooltoebroodjies gemaak en alles wat oorskiet was van 'n vorige ete het in die toebroodjievulsel beland. Geen keuses nie. Hy het hulle ook in die middag met sy duinebesie, Vreemde Legioen keps en Fritz, die Dachshund op die voorste sitplek, by die skool gaan haal."

Stories oor die doen en late van prof. Rooibees loop wyd.

In een van sy gewilde rubrieke, in *Die Landbouweekblad*, het die bekende jagter en geweerman, dr. Lucas Potgieter, in Julie 1997 en enkele maande voor prof. du Plessis se oorlye op 99-jarige ouderdom, heel terloops in 'n kort skets oor dieremaniere bevestiging gegee van die legendariese status van prof. Du Plessis.

In sy skets, "Dis 'n Leeu", vertel Potgieter hoedat diere, al het hulle nooit tevore met 'n leeu te doen gekry nie, die ritteltit kry as hulle net sy reuk optel.

En haak dit dan aan by Ismael, 'n vrugte- en groentesmous op Potchefstroom vanaf sy waentjie met die twee lui perde, wat aljimmers net aan 't stappe was, onder in Lombardstraat besig was om 'n waatlemoen aan ou missus Wine te verkwansel. Pagel se sirkus het pas op die stasie aangekom en was in aantog, bo in Lombardstraat.

"Toe Ismael sy hande so uitsteek om nog 'n waatlemoen af te laai, is die perdekar al tien tree onder hom uit. Vir die eerste keer ontdek daardie twee perde dat hulle nie net 'n 'low gear' het nie; toe hulle Tomstraat oorgaan, besef hulle dat hulle selfs met 'n 'overdrive' toegerus is. Ons mense straat af het net die gegil, getoet en geraas gehoor. Op die hoek van Kerkstraat is prof. Rooibees amper afgeskryf deur 'n kis tamaties wat dwarsdeur sy fiets se voorwielspeke is …"

In sy kenmerkende plastiese taakgebruik beskryf dr. Lucas dan ook die res van hierdie "trip" wat soos 'n basterorkaantjie die dorp op horings gehad het. Vir ons van belang is net die blote noem van die naam, "prof. Rooibees" – verdere identifikasie was onnodig!

Dr. Lucas het aan die samesteller van hierdie bundel vertel dat hy as student onder die indruk was dat "Rooibees" dié veelbesproke proffie se werklike van was – hy het eers jare later uitgevind dat dit nie só was nie! Hy onthou die Oubaas ook as "suinig" en vertel ook die storie oor die twee handskoene vir die twee seuns. En dan, "Rooibees" se aversie van rugby.

Potgieter vertel in hierdie verband van student Richard Impi, wat in 1949 'n klas van "Rooibees" gebank het om die wedstryd tussen die besoekende All Blacks en Wes-Transvaal op Olënpark by te woon – 'n ervaring van 'n leeftyd, vir 'n rugbyliefhebber soos Impi. 'n Paar jaar later benodig hy 'n getuigskrif van die dekaan van die fakulteit Natuurwetenskappe – prof. "Rooibees" – om vir werk te kan aansoek doen. Dit word hom summier geweier!

"Maar ek moet dit hê", soebat Richard desperaat. En verduidelik. En praat mooi.

"Nou maar goed", sê die prof. uiteindelik, vat sy pen en begin skryf. Dit was ongeveer iets in die volgende trant, onthou Potgieter: *"Ek ken mnr. Richard W Impi as student goed …. Hy is die luiste student wat ek ooit in my klasse gehad het en ek sal hom gevolglik vir geen werk aanbeveel nie."!*

Chemietoetse is dikwels op Saterdagoggende afgeneem. Johan (BJ) Vorster, wat later nagraads onder die prof. studeer het, vertel van een so 'n Saterdageksamen wat hulle moes skryf. Prof. Rooibees het die lesingsaal binnegestap, sonder om 'n woord te sê 'n aantal vrae op die bord geskryf en met die uitstap net genoem dat hulle hul antwoordstelle onder sy kantoor se deur moet instoot wanneer hulle klaar is.

Johan skryf en hy skryf … Na etlike ure raak hy onrustig, aangesien hy nog nie halfpad met die vraestel was nie. Maar nee, almal rondom deel dié ervaring, en daar word voortgeskryf. Laat middag besluit almal om maar die stryd gewonne te gee, hulle vraestelle in te handig en te kla dat die vraestel te lank was.

Toe prof. Rooibees hulle gemerkte vraestelle vir hulle teruggee, enkele dae later, noem hy terloops dat hulle net een vraag moes beantwoord!

Isak Lessing, 'n groot rugbyman en puik 0/19a-kaptein in 1959, onthou met ietwat wrange glimlag hoe absoluut anti-rugby die Oubaas was. En 'n "suinige ou bliksem" daarby: Gimmie-skoolmaat Elmar en sy broer moes 'n paar handskoene deel vir die fietsryery skooltoe in wintertyd – hulle ander hande moes maar in die broeksakke warm bly!

CJH (Casper) Schutte, student van prof. Rooibees en self later wetenskaplike van groot faam, maak melding van sy ongelooflike chemiese kennis. "Hierdie kennis", sê Casper, "het hom in staat gestel om vanaf 1956 elke tweede Saterdag honneursklasse aan te bied wat ononderbroke van 8 uur in die oggend tot so ongeveer 6 uur smiddags geduur het – sonder middagete of teepouses: hy het sy toebroodjie al pratende geëet. Dit was ongelooflike klasse, elk gevul met 'n rykdom van kennis en insig."

Casper vertel ook van sy (Casper) se idealistiese voorneme om eksperimente van Miller oor die teorie van Oparin en Haldane vir die ontstaan van pre-biotiese chemiese verbindings, te toets en desnoods uit te brei: "Ek het prof. du Plessis vertel van Miller se eksperiment waarin hy die gepostuleerde oer-atmosfeer van die aarde in 'n glasfles nageboots en elektriese ladings daardeur gestuur het. Na 'n week het Miller 'n mengsel van ammoniasure in 'n waterige oplossing gehad – 'n sensasionele ontdekking, wat een van die aannames van die evolusieteorie 'geverifieer' het. Prof. du Plessis het goed geluister en baie vrae gevra, maar het toe redelik kortaf gesê: 'Alhoewel dit 'n goeie navorsingsvoorstel is, mag jy glad nie hieroor werk nie. Bestudeer liewer boeke oor molekuulspektroskopie.'

"Ek was woedend en baie teleurgesteld oor sy besluit wat hy nie verder wou motiveer of bespreek nie", onthou Casper. "Maar miskien het hy my tog van iets 'gered'; wat sou die Puk in 1956 gesê het as ek oor hierdie kontroversiële onderwerp wou gewerk het? Dalk sou hierdie navorsing vandag by die 'Puk-sonder-die-CHO' wel moontlik wees …"

# 3.29 "WARM UIT DIE OOND"

*"Warm uit die oond"*



10 April 1963 DIE WAPAD

Warm UIT DIE OOND

**Dit is die blond, dis die blou,**
**Dis die geskommel van 'n trein**
**waar die Pukke van hou.**

In my ganse lewensbestaan van een dekade het ek nog nie so 'n vreugdevolle jollery, soos op die trein na Lichtenburg belewe nie. Die soontoe gekarring was 'n ottertjie teen die herwaartskering. Og vrinne en vrindinne, wat 'n konsternasie was dit op Cachetstasie! Nog nimmer was daar groter chaos nie.

Wie sou nou in der ewigheid kan reken dat die gelektrifiseerde mobiele spykereenheid so skie- ... blief tog gou terug, want sy meisie sê hy lyk soos 'n grot sonder vlêrmuise.

... moet maar by my ou kleinhuisie op die soom van die Laventelbosse, so 'n slap regse draai van Over de Voor af, ingekarwye word.

Wat 'n probleem: Heimat en Paradys wil mos kys. Alte jammer hulle kan glad nie want hulle het een ma. Die slepe gaan glo ophou tussen die twee wo-

GELUKWENSING

... en nou keer hy dat dit nie uitval nie. Hulle het hulle kys van Lichtenburg af gebring.

Prof. Smit het mos so 'n bakgawe groen kruiwagen. Hy kom mos so ewe elke aand by Kulu aangery met Dave Smit en Rheda Knobel op die agterste sitplek. Dave leer haar glo die fynere kunsies . . . van motorbestuur.

Noodgeval uit Over de Voor.

"Warm uit die oond" was 'n soort skinderrubriek wat in die vroeë sestigerjare in *Die Wapad* behartig is deur onder meer "Onze Oom Lokomotief", "Jaffie Wakis" en ander gasskrywers. Dit het meestal gehandel oor amoreuse sake, maar af en toe het gebeure soos intervarsity en vreugdedag (karnaval) ook in die kolomme gefigureer. Albei gebeure het natuurlik ook sy kwota gebreekte en nuwe kyste opgelewer, waaroor dan alte lekker gespekuleer kon word.

Uit 1962-1963 dateer twee sulke bydraes; die eerste oor die 1962 intervarsity teen die Kovsies, toe die Pukke baie ongelukkig was om met 12-13 te verloor, en die tweede oor vreugdedagvieringe te Lichtenburg, wat saamgeval het met 'n wedstryd van die eerste rugbyspan teen die destyds gevreesde Arrie Oberholster (losskakel en kaptein) en sy manne.

["Oom Lokomotief" was die skuilnaam van een van die lede van die Genootskap van Regte Afrikaners wat in 1875 in die Paarl opgerig is om die belange van Afrikaans te bevorder. LET ASSEBLIEF OP DAT DIE TIPIESE "OOM LOKOMOTIEF"-SPELLING IN DIE EERSTE BYDRAE ONVERANDERD GELAAT IS!]

## 3.29.1 INTERVARSITY TE BLOEMFONTEIN 1962 … "NET TJIETIRY"!

*"Daar staan die PUK se manne!"*



Vooraf: Die intervarsity van 1962, teen Kovsies, was – soos alle intervarsities maar is – 'n groot geleentheid. Die vorige jaar het die PUK die Kovsies se harde neut gekraak, 11 – 0 [**kyk *Sages en Legendes* …, vol 1 afd 1.5.5**] en die ou groot strydros Piet Steinberg en sy manne was oorgehaal om dit weer te doen. Die Kovsies, meer gewoond aan wen as verloor en met die briljante latere Springbok Gert Cilliers in hul span, wou die vlek van 1961 uitwis.

En toe wen die Kovsies! Maar ook net-net, met 14 punte teen 13. En – natuurlik – vanuit PUK-hoek gesien, met 'n omstrede strafskop kort voor die einde! Drama, drama, drama …

En nou skryf "Katrienkie" hieroor, aan die oompie:

"Lievste oom enjin,


"Laat ik gou vir oom hille virtel van die intirwaarsiti. Ons was mos hiri jaar ikovs toe giwees … Dit was allis van jiksky tot joedou inni van netbol tot voetbol. Oom sil my nou ni glo ni maar ons was loshanne oorie sesdysent wat met i tryn gegaan het. ***I

"Die tryn was vol seens en dogtirs van pik inni een man moet net gekyk het lat alis soet gaan, wat si naam voordiwint [WJ Voordewind] was. Nous ek te skaam lat ek vir oom allis sil virtel, maar dit sil sekir bonnils kyste wees wat van intirwaarsiti sil oorbly. Oom maar pirty seens het baihi liwai gemaak soelat pirty dogtirs kwat giword het. Hilli hit ôk sekir biki gees givang. Yntlik het die kwai liwai gikom met die trigkom, oorlat die seens sekir nog meer gees givang het.

"Oom die meeste liwaai het gekom mit die howetstryt voetbol inni mirrag. Ons dirigenti het sikki lang kleeri met groot hoeti in hanskoeni. Die onerdirigent was jan boniskans [Jan Boneschans] wat my lat lag het. Hy hat sikki snaaksi seegoet lat ammal gillag het. Die seens praat lat ikovs si rasilyir vyl was. Ek het gikyk maar sy gisig was skoon. Miskien was sy tanni vyl.

"Ons anner dirigent was hans vasyl wat ok snaaks was. Hilli sinne was boer petoors ma hysie vamielie nie.

"Maar oom die dirigenti het I goeii sjou opgisit sos die seens sê. Ons eersti voetbolspan het net so I sjou sossie dirigenti opgisit want ons het gising en geskrou en gesmaail ommie annir aan ti spoor om I sjou op te sit wat hilli ok gedoenit. Al het ons tweedi gikom het ons ok I sjou opgisit.



*PUK-vreugde, haker Piet Bingle se drie. Maar kort daarna word 'n effens omstrede strafskop deur die Kovsies in wenpunte (14-13) omskep*

*… en Hermien le Roux (heel regs) gryp haar kop in teleurstelling vas!*




"Die kaptyn piet stynbirg [Piet Steinberg, flank en kaptein] ennie annir ous hettie kovsies so girettil lat hilli dit noggie kan virstannie. Ons was ampir mal vannie vreegdi ennit het sos groot dingi gilyk toe die pikki bigin skor.

"Lattir sê die seens om ons lat die ref nie voetbol kennie en lat hy kroek. Hy gee somir vriekieks oorlat hy nie die pikki laaik nie. Hilli sê barinhorst [Badie Badenhorst, voorryman] was gin okkantie en lat daai plys wat die ikovs oor gissit het net tjietiry is. Ook die voelbek kan noks vang as hy nip virrie pikki wat storrim. Hy sien dittie ti goetti en hy sienie as koos diplooi [Koos du Plooy, agsteman] skor nie, maar hy sien allie lyttekkels wat net ongelikki was.

"Oom ek weet van voetbol net mooi apsiliet niksie ma ek wil nog dink daai seens lieg lattie revirie gikroek het. Nee oom hilli drywi is net ti sier om ti slik want I groot mens sos hy sallie sommer so innie opinbarighyt voorrie dysinne mense sta in kroekie. Nog nooitie sal hy sommir wil tjiet vir ikovs nie, want dan kannie beste voetbolspan mossie wennie.

"Ma nou weet ekkie so mooinie, want ok ou pottie potgietir [Pieter Potgieter, voorryman] wat van syt wes af kom is oortyg van virneekiry, en hyssie daai soort wat sommir onregverrig sal biskildag nie.

"Lat ek net afslyt om oom ti virseekir lat ek my hanni in onskilt was want ek hettie gispeel of giref nie in ek weet bytindien hoeginaamt nie van voetbol iets nie.

"Ma oom moettie virgeet nie lat al het die pikki ok tweedi gikom het hilli I groot sjou opgisit. Al lieg die wappat ***2 [Die Wapad] sos allie annir kiranti sally hierie keer sammit my stem. Oom sal sien.

"Katrienakie vannirwalt." ***3

Toeligting:

****1 Na die tyd het dirigent gewag gemaak van hierdie grootste ooit ondersteuning vanuit Potch, maar die trein het nie op 'n "aanbevelenswaardige tyd" in Bloemfontein gearriveer nie: "Van 'n groot gedeelte van die aanmoediging wat die middag nodig was, is reeds teen drie-uur die oggend op die stasie ontslae geraak."*

***2 Die Wapad *was egter stil, het miskien maar liewer geswyg! En die Bloemfonteinse dagblad* (Die Volksblad) *weet uiteraard niks van 'n "kroekiry" deur skeidsregter Du Plooy nie!*

***3 'n Vae vermoede dat die briefskrywer Idyll van der Walt was.

# 3.29.2 "VREUGDEVOLLE JOLLERY" ... OP DIE TREIN NA LICHTENBURG"

***"Dít ís díe blond, dís díe blou,***

Dis die geskommel van 'n trein

***waar díe Pukke van hou."***

"In my ganse lewensbestaan van een dekade het ek nog nie so 'n vreugdevolle jollery, soos op die trein na Lichtenburg belewe nie. Die soontoe gekarring was 'n ottertjie teen die herwaartskering."

Só begin die naamlose skrywer van die rubriek "Warm uit die oond" [waarskynlik Jan Bradley of Susan Uys, Varia-redakteurs van *Díe Wapad*] die storie oor Vreugdedagvieringe te Lichtenburg, die laaste naweek van Maart 1963. Dit was 'n geskiedkundige naweek, die eerste keer ooit dat Vreugdedag oor twee dae gevier is, en boonop vér van huis, in Lichtenburg daar in die verre Wes-Transvaal. Straatserenades voor sonsopkoms die Vrydagoggend, 'n komiese "sak-en-as" optog met optrede van die burgemeester van Tarentaal, landloop, fietsresies, boeresport, 'n Alabama-optrede en 'n studentekonsert was alles op Vrydag se program – met tussendeur nog 'n vlotbouery uit 'n ander wêreld, en, hoewel nie amptelik deel van die aksie nie, sou die kuier op Lichtenburg afgesluit word met 'n rugbywedstryd van die eerste span teen die Lichtenburgers. Ja, voorwaar 'n groot okkasie, gereël deur voorsitter At van den Berg en sy komitee.

Die spesiale trein met Pukke het reeds Donderdagmiddag vertrek en het, op Lichtenburg-stasie op 'n syspoor getrek, as tuiste vir die paar dae gedien. Vir 'n minimale bedrag van R1.50, alle koste ingesluit, kon studente aan hierdie historiese uitstappie deelneem!

Maar daar is nie rekening gehou met die deurdringende Wes-Transvaalse stortreëns nie, wat 'n deel van die program ontwrig en noodwendig 'n demper op die studentepretmakery geplaas het. Dit was nat en koud!

Van die items, soos die straatserenades en die "Sak-en-as"-optog, moes vanweë die reën afgestel word. Die stadsraad het goedgunstiglik onderdakgeriewe beskikbaar gestel vir die vlotbouery. Saterdagoggend is daar gevolglik, met die vlottevloot vooraan, die strate ingevaar en kollektebussies onder die neuse van diegene wat die nattigheid trotseer het, gedruk. Drie kadetorkeste en 'n PUK-man en -dame, op skouperde en vertonende die Puk-vlag, het die optog vergesel.

O ja, en toe word daar Saterdagmiddag ook nog op 'n nat veld uitgedraf teen die hardebaarde van die dorp, onder leiding van daardie groot en ietwat miskende rugby-strateeg in Wes-Transvaal, Arrie Oberholster – en word die Pukke met 29-10 "kafgedraf", met die flouerige verskoning in *Díe Wapad* van " 'n hele twee dae van uitputtende Vreugdedagbedrywighede".

Met voorwedstryde deur "Navy", "Fires" en "Tekkies" (die tweede, derde en vierde spanne van die Puk) en ondersteun deur die Vreugdedaggangers se sang en jolyt in die pawiljoene, het daar 'n semi-intervarsity-gees dié middag langs die rugbyveld geheers.

Ewenwel, soos met intervarsity te Bloemfontein, was die treinrit heen en weer vir seker al diegene wat dit meegemaak het, 'n groot hoogtepunt. Inderdaad, soos "Warm uit die oond" dit beskryf het, 'n "vreugdevolle jollery".

Maar ook daaraan moes 'n einde kom.

"Og vrinne en vrindinne, wat 'n konsternasie was dit op Cachetstasie! Nog nimmer was daar groter chaos nie.

"Wie sou nou in der ewigheid kan reken dat die gelektrifiseerde mobiele spykereenheid so skielik op Cachet sou briek. Juis nie die naasbesittendes nie, want foei, hulle het dan so vry en sorgeloos saam gezijn dat alles meteens uit die sluimerende voertuig moes peul, ja van pêrevelle en slepe tot pajamas en reisouers.

"Ewenwel vrinne, nou moet ek glo verlore goeters help opgrawe en uitkrap, alles goeters wat druk benodig worre.

"Ou Petrus de Klerk vra of 'n siel nie miskien sy paar skoene gesien het nie, hy het 'n misstap gehad en toe stap hy uit hulle uit.

" 'n Noodgeval, arme Piet van der Schyff se lang rooi flennie Napoleon is geskaak. Een van die dames gebruik dit glo vir 'n sweetpakbroek en nou het hy romantiek." [Veertig jaar later blyk dit dalk die oorsprong te gewees het van "die rumatiek"!]

"Iemand het Quax Hakkesteeg se valstande geleen, en nog nie terug gebring nie. Bring die seblief tog gou terug, want sy meisie sê hy lyk soos 'n grot sonder vlêrmuise."

Nog enkele ander gevalle van verlore goedere word genoem: " 'n Bekende figuur soek sy snor … Die geblomde shortie pajamas van Koos Vorster is nog soek, nou oefen hy rugby in sy slaap met sy rugbybroekie … 'n Vroulike skim het Baas Buys se hart gesteel … Koos Hattingh se kruisbande is verlore. Nou sluk hy elke oggend 'n nikkerbôl om sy broek op te hou."

Ja, "warm uit die oond" … Vreugdedag, vlotbouery, "gelektifiseerde mobiele spykereenhede", kyse en gebreekte kyse, intervarsity teen die Kovsies : **waar 's dié dae tog**!

# 3.30 "DIE GROOT VLUG" SKYN SOLDATE-AANVAL, 1944





*Anna (Pampoen) Venter (heel bo) het saam met Stella Ströh besluit: die manne moet gestraf word!*



*Deon Kempff, voorsitter van die Huiskomitee en SR-lid het die dames "in sy beste hoogwaardigheidsbekleder-stem" tot orde geroep.*

[Vir meer besonderhede oor die sage van die soldate-aanval in Augustus 1940, kyk afdeling 1.1.4.1]

Die soldate-aanval op die PUK, vroeg in Augustus 1940, was 'n uiters ernstige aangeleentheid wat baie maklik in 'n groot ramp kon ontwikkel het. Kyk 'n mens by nabaat na van die wapens wat gebruik is, en lees jy verslae van die gevegte wat plaasgevind het, is dit te verwonder dat daar nie meer ernstige beserings opgedoen is nie.

Die teenpool is die humor en al die snaakse insidente wat daarmee gepaard gegaan het, 'n gedeelte waarvan geboekstaaf in bogenoemde gedeelte asook in *Wonderdaad …!*, p 495 ev. 'n Ietwat meer verwyderde humoristiese insident het hom vier jaar na die aanval op die PUK-kampus afgespeel.

'n Tydgenoot en eerstejaar, Affie Yssel (néé Reinecke) vertel in 1967 aan lesers van die oudstudenteblad:

"Wie onthou nog die groot oorwinning van Thaba Jäh [Piet Grobler Huis] oor Heimat, Ons Huis, Postma-huis en Spelonke?

"Dit was in my eerste jaar, 1944. Daardie dae was dit gebruiklik dat die mans ons in Thaba Jäh kom 'serenade'. Ongelukkig was dit nie altyd sang waarop hulle ons vergas het nie! Hulle het ons net uit die slaap gehou deur te kom staan en 'kattermiaau' en enige denkbare afskuwelike geluide te maak. En Thaba Jäh het moeg en sat daarvan geword.

"Anna Pampoen (Venter) en Stella Ströh besluit toe die manne moet gestraf word! Een nag omstreeks twaalfuur is die meeste Thabajiete toe met jasse oor opgerolde slaappakke, saggies uit Thaba Jäh oor die oop stuk veld tussen ons en die Hoofgebou na Heimat.

"Hier en daar het nog 'n ywerige student se lig gebrand, terwyl ons agter Heimat ons slagorde opstel! Op die gegewe oomblik bars ons toe met 'n onaardse lawaai los! Iemand lui die etensklok wat ons by Graaf Josef geleen het, 'n paar blaas op korfbalfluitjies, ander slaan met harde voorwerpe op leë koekblikke en die res gil en lawaai net!

"Maar snaaks, nie 'n man daag op om ons te verwilder nie!

"Naderhand verskyn daar 'n paar van die dapperstes! Merwe Scholtz (sy pa was destyds rektor van U.K.O.V.S.) en Deon Kempff was onder die voorstes. Ek dink Poon of Willie Venter was ook by. Wat egter 'n voldonge feit is, is dat Deon die enigste man was wat 'n kamerjas aangehad het! …

"Deon was toe voorsitter van Heimat se Huiskomtee en hy beveel ons toe in sy beste hoogwaardigheidsbekleder-stem om onmiddellik terug te gaan Thaba Jäh toe en ons ligte dadelik uit te doof en stil te wees. Alle krygsoperasies word summier verbied, want intussen het twee mans darem al vir Liesbeth Venter in die visdam gesmyt!

"Ons was verbaas oor sulke erns en begryp daar niks van nie! …

"Op pad terug na Thaba Jäh was ons verbaas om 'n paar Pote-mans, gewapen met jukskeie en hokkiestokke, teen te kom, maar ons steur ons nie aan hulle nie. Weinig wis ons hulle was op pad om die PUK-mans te gaan help!

"Die volgende oggend was ons verstom om van die reperkussies van ons 'aanval' te verneem. Die mans het werklik 'n soldate-aanval gevrees en het dit dig gehou vir die dames om ons nie te ontstel nie."

Affie verwys dan na die gespanne toestande wat steeds tussen die studente en die soldate geheers het as gevolg van die voortslepende Tweede Wêreldoorlog en lig dan die sluier oor die "eienaardige" optrede – en gebrek aan optrede! – van die mans:

"Die PUK-mans het blykbaar met Oom Bossie afgespreek om die waarskuwingsteken te gee as hy soldate op die PUK-terrein gewaar, deur op 'n fluitjie te blaas! Toe ons pandemonium nou losbars, was hul eerste en enigste gedagte: die soldate kom! En die dappere helde vlug toe blindelings, deur doringdrade, oor bome en versperrings van enige aard!

"Ons hoor toe agterna, die meeste het net hul kosbaarste besitting gegryp en laat spaander.' So het een sy Bybel gegryp, 'n ander sy radio'tjie, 'n ander 'n musiekinstrument of boeke waaraan hy die meeste waarde geheg het. Daar was 'n hele paar in 'n boom en toe nog 'n man in dieselfde boom wou klouter, fluister die ander net vir hom: 'Kies 'n ander boom, hierdie boom is vol!"

"Boet Postma en Duif Duvenage het destyds in 'n woonstel naby die PUK se hek gewoon en Jan Weerlig [?] het nie ophou hardloop tot hy by hulle op die bed was nie, met die berig: die soldate kom!

"Later het hulle [die vlugtelingmans] toe darem die werklike berig dat die dames hulle maar net wou bangmaak, ontvang en toe bebloed en met verskeurde klere teruggekeer koshuise toe.

"Maar o wee! Hoe die nuus so gou oor die land versprei het, weet nugter! Die Polisie word opgebel en gemaan om die PUK teen die soldate te beskerm; die Kampowerhede ontvang navrae hoekom die soldate die PUK aanval? Ouers uit al vier die provinsies bel die volgende móre die Pater (prof. F. Postma) en wil weet of hulle seuns veilig is! Konsternasie!

"Die inwoners van Thaba Jäh was maar baie benoud, want ons het dit doodonskuldig bedoel – maar intussen geniet ons dit terdeë om van al die staaltjies van die Groot Vlug te verneem."

Hierdie lekker storie het 'n interessante stertjie gehad:

"Intussen is die mans toe natuurlik vreeslik in hul eer aangetas en ignoreer die Thabajiete dood, terwyl hulle met seer en stywe nekke by ons verbystap. Hulle boikot Thaba Jäh toe en gaan sleep op Normaal. Maar toe ontdek Veda Stephan weer 'n 'neef' in die kamp! En die 'neef' bring weer 'n paar ge-uniformde maats saam om by Thaba Jäh te kom kuier!

"Maar toe was die PUK-mans kwaad! Die uiteinde was 'n vergadering waarop die saak allerweë bespreek is en besluit is die Thabajiete sal nie soldate-besoekers ontvang nie."

"Wat die gevolge van die 'aanval' betref, Broeder [huisvader LJ du Plessis] en ek dink prof. Dirk het een middagete saam met ons kom nuttig en ons toe vaderlik of 'Broederlik' vermaan om maar liewer sulke 'strafmetodes' eers aan die owerhede vir goedkeuring voor te lê!"

### "SUUR DRUIWE"?

*In Die Besembos is twee kort en heel terloopse verwysings na hierdie gebeure - een in die vorm van 'n nuusbulletin afkomstig van "ons eie beriggewer": "Die stormtroepe van oorkant die treinspoor [soldate] het die vesting Thabajäh ingeneem. Die Heimat het toe 'n blokkade opgewerp en op 'n spykerologiese uithongering besluit – maar 'n mens kan nie alleen op suur druiwe lewe nie."*

*Die ander was in die kolom "Studente-dinge en Studente en Dinge" en lui só: "As daar nie wrywing tussen Thabajäh en die manskoshuise is nie, roes dit. As daar wel wrywing is, moet Roes dit oplos" [Roes was natuurlik JA du Plessis, SR-voorsitter in 1944).*

# 3.31 "PROF. BOSSIE"-STORIES

*[Kyk afdeling 2.17 vir penskets van hierdie PUK-legende]*

"Prof. Bossie" was die spot- maar tegelykertyd erenaam van PUK-studente oor baie dekades vir die rysige gestalte van mnr. MGL Bosman, wat vir baie jare lank superintendent vir terreine en geboue op die PUK-kampus was. Staaltjies oor hom en die studente is legio en leef steeds voort in die "volksmond" van Pukke wat in sy tyd gekom en gegaan het.

Sy handewerk was oral op die ontwikkelende PUK-kampus te sien: in en om die geboue, in die tuine, in die paaie en op die sportvelde. Uiteraard moes hy oral waar gewerk word, by wees – om self te doen, maar meestal om toe te sien dat gedoen word.

En oral op die kampus was daar studente. Nare goed, nie wat mens juis mense kon noem nie …

Persoonlik was skrywer hiervan nie juis 'n "Prof. Bossie"-fan nie, bedoelende dat daar nie juis trek was om die oubaas se siel so te versondig nie. Onthou net een keer, daar van die balkon van Dawie Doep af, waar altyd tee en koffie gedrink is en waar ons soms in die warm somernagte ons beddens staan gemaak en onsself lê gemaak het. Oom Bossie, soos hy eerder geken sou wou word, was ten weste besig met draadwerk of iets toe die teedrinkende kwajongens op die balkon hom gewaar.

"Goeiemôre, Prof. Bossie!", klink dit skielik asof in koorstem hier van bo af.

Maar "die prof" is doof, vanoggend, en gaan asof rustig aan met waarmee hy besig is.

Dan maar weer probeer: "Goei-e-mô-re, Prof. Bossie!" – hierdie keer meer trekkerig en 'n hele paar desibelle hoër.

Merkbaar begin die woorde die verlangde effek te hê, "Prof. Bossie" se bloeddruk styg en hy ryg 'n rits lelike woorde uit, "op rekening" van die "vriendelike" groepie op die balkon. En as dit dan nie ophou nie, los hy alles net so en storm koshuis toe, die trappe op tot bo op die balkon.

En siedaar! Geen sterfling nie!

*Balkonslapery en teedrinkery by Dawie Doep.*



*"Groot Frans" besig met sy nagtelike eskapades op "prof. Bossie" se Drott!*



Brommend, vloekend en dreigende wie ookal in die hande gekry word "vrek te maak" word 'n paar deure in die gang oopgepluk en weer woedend toegeklap, om dan noodgedwonge en blaas-blaas die gang en die trap af die aftog te blaas.

En dalk te wonder, waar en wanneer 'n volgende "relletjie" sal uitbreek …

Heelwat ander stories en staaltjies oor "Prof. Bossie" is steeds in omloop.

Kom laat ons saam met die joernalistiekman Gert van Rooyen nog ander staaltjies rondom hierdie legendariese figuur aan die vergetelheid ontruk.

"Prof. Bossie, so genoem deur die studente, was twintig, dertig jaar gelede so deel van die PUK soos groot brag voor Intervarsity … In die jare vyftig en sestig het jy hom oral op die kampus sien rondry in sy donkergroen Chev-bakkie. Hoed op die kop en knikkend-glimlaggend as hy 'n bekende sien. Maar noem net Groot Frans de Bruyn, Toy Dannhauser of Hans van Zyl se naam voor prof. Bossie, was dit so goed jy hou 'n rooi lap voor 'n Cordobes-bul!

"Een van die grootste dae in prof. Bossie se loopbaan was 14 Oktober 1957 – die dag toe hy Drott gekry het. Sy was 'n stewige, rondborstige buksie van 'n International kruiptrekker – 'n dame wat met een veeg Gathland se 'roostuin' glad kon maak. Dit was dié Drott en Groot Frans wat prof. Bossie nagte om laat sweet het …"

***[Die storie oor hoe Groot Frans, gevierde kaptein van die PUK se eerste rugbyspan, een nag 'n paar bome by die koshuis met Drott ontwortel het, met al die reperkussies – onder meer die amperse afstel van Intervarsity daardie Saterdag – is reeds in volume 1 van*** **Sages en Legendes** ***vertel. Intussen is daar 'n foto van dié gebeurtenis bekom en word dit nou hier geplaas]***

"Dan was daar ook die student wat een aand Drott voor 'n dameskoshuis se deur staangemaak het – die enigste in- en uitgang van die koshuis. Vir feitlik die hele nag – totdat prof. Bossie briesend 'n duplikaatsleutel in die hande kon kry – was die damestudente 'gyselaars' in hul eie koshuis! Was dit dalk Groot Frans, Toy, Hans of wie?

"Prof. Bossie het ook kwaai onder die studentespot deurgeloop toe hy 'n elektriese kabel in die proses van terreinontwikkeling met Drott afgesny het. Dit het die koshuise tydens die eindeksamen in totale duisternis gehul. Onder leiding van André P Brink het die studente net daar besluit om 'n begrafnis vir prof. Bossie te reël."

***[Die storie van prof. Bossie se begrafnis word as 'n aparte bydrae hierna opgeneem.]***

"So presies soos hy was, het prof. Bossie een keer die landskap by die dameskoshuise uitgelê en versorg. Hy het 'n sinkhuisie daarnaas opgeslaan waarin hy al die gereedskap gebêre en Drott langs die huisie geparkeer het.

"Dié nag het Hans, Toy en hul 'handlangers' 'n stuk bloudraad aan die vier hoekpale van die huisie gaan vasmaak, dit onder die grond deurgestrek en aan Drott se trekstang vasgemaak. Toe prof. Bossie die volgende oggend met Drott wegtrek, het jy net sinkplate en gereedskap sien spat!"

Tot sover, Gert van Rooyen se vertellinge.

Van agterna beskou, is na 'prof. Bossie" verwys as 'n "doodgoeie oubaas" wat maar net nie studentepret of studente-humor kon waardeer nie – wat hom natuurlik des te meer die prooi van sulke poetse gemaak het. Hans van Zyl – een van die groot terggeeste – getuig later dat, ten spyte van hulle gespot, die studente eintlik van die oubaas gehou het. Die gees waarin dit gedoen is, was volgens hom heel gemoedelik, maar "dit was net vir hulle onweerstaanbaar om die oubaas te terg".

Vir "prof. Bossie" het dit alles op 'n kol net te veel geword. En sit hy die stuk in, rektor se kantoor toe. Stap sommer in, hy klop nooit nie …

Gaan sit op sy hurke, soos sy gewoonte is. Hoed in die massiewe hand, al spelende daarmee.

Prof. Chris ken hom as "oom Bossie", en vra: "Nou wat nou, oom Bossie?'

Dan ontsnap dit die mond van die woedende hurksitter hier voor hom: "Chris, ek fok-off!"

Hoe die gesprek verder verloop het, is nooit deur die bostelegraaf oorgedra nie. Feit is, "prof. Bossie" het **nie** "gewaai" nie, maar ewe geduldig (tot 'n volgende bloeddruk-opjaende konfrontasie!) weer die PUK-gronde – sy heiligdom – betree en met jaloerse oog daaroor gewaak.

# 3.32 "PROF. BOSSIE" SE "BEGRAFNIS"

Net so gatvol (keelvol?) soos "Prof. Bossie" vir die studente geword het (lees van sy dreigende bedanking by prof. Chris in die penskets waarna hierbo verwys word), net so 'n pyn in die gat (nek?) was hulle by tye vir hom.

Toe "prof. Bossie", in sy ywerigheid om die klipperige terrein waar hy tuine moes maak en bome moes plant, te "ontklip", rondom die oopgegrawe klippe vuurgemaak en in die proses van die elektriese kabels afgebrand het, was die koshuise vir 'n tyd lank in duisternis gehul. En dit hier kort voor die eindeksamens!

Daar en dan het die studente onder leiding van André P Brink besluit: tot hiertoe en nie verder nie. Dit moet end kry! Daar sal begrafnis gehou word!

Gelukkig – die graf was reeds gegrawe … een van die gate waarin die "prof" bome wou plant! Twee randstene wat in die omgewing rondgelê en wag het om 'n plek te kry, het – regop ingeplant naas mekaar – 'n ideale grafsteen uitgemaak.

Die toneel was gereed. Hoofrolspeler in hierdie komedie, André P Brink, vertel in die *PU-Kaner* van April 1984 van hierdie heuglike "droewige" gebeurtenis, wat later sou uitstaan as 'n groot hoogtepunt in die "informele" studentelewe van die PUK:

"Ek onthou nog die ding met 'prof' Bossie …

"Een van die tydperke toe daar 'n alewige gegrawery op die PUK aan die gang was, toe spesifiek tussen die biblioteek en die Administrasiegebou. Alles is eenvoudig omgedolwe, dag vir dag …

"Oom Bossie was destyds so iets soos 'n terreinopsigter gewees … en hy was 'n Man van Gesag. Tot die gedugte prof. Dirk was na bewering bang vir hom. Hy 't 'n manier met 'n pruimpie en met twaksop gehad wat ons missielmanne op die grens hom vandag sou beny. En op een of ander manier was dit ook hy wat meestal die bulldozer gehanteer het wat die omdolwery veroorsaak het. (Destyds het die Puk nog self gedoen wat hy kon en nie dadelik kontrakteurs gesoek nie.)

"As ek dit reg het, was die eksamentyd naby, en oom Bossie se verdomde gedreun op die bulldozer het ons in Gatland mal gemaak. Kla het ook nie gehelp nie. Op 'n dag (dit was een **nag**) het Stoney Steenkamp (die kortetjie) * die bulldozer bygekom en aan die gang gekry. (**Agterna: Jy weet, by die herdink val dit my: dit was nie Stoney gewees wat die nag so rondgeja het op die bulldozer nie, dit was Groot-Dick Putter. Maar die storie bly dieselfde. Behalwe dat mens nog kan uitwei oor hoe prof. Bossie kringe al om die ding gehol het terwyl hy prr-prr op sy fluitjie blaas.*) En toe kom prof. Bossie daar aan om te keer, en Stoney beginne hom met die bulldozer te jaag, oor die grondhope en deur die gate en goeters. 'n Mens kan ook uitwei oor hoe prof. Bossie kringe al om die ding gehol het terwyl hy prr-prr op sy fluitjie blaas. Amper 'n liederlike ding afgegee.

"En 'n ander keer het party manne die ding probeer vasketting aan 'n paal. Maar met prof. Bossie kon jy net sóver kom, nie verder nie. Dan 't hy maar weer oorgeneem en dwarsdeur ons swottery gedreun en geraas dat hoor en sien vergaan.

"Dis dié dat ek ten einde raad gedag het: ál manier om van hom ontslae te raak, is om die ou man te begrawe. Dalk dring dit dan tot hom deur dat hy dood is en hou op lawaai.

"Ons sou nie omgegee het om hom in lewende lywe te begrawe nie, maar foei, dan was sy dogters vaderloos en ons het ons hande vol genoeg gehad met hulle soos dit was: ons wou darem nie hééltemal verantwoordelikheid vir hulle aanvaar nie.

"Dis dié dat ons toe – taamlik spontaan, een aand, om die teekan, waar al die ergste en beste ingewings uitgebroei het – begrafnis in ons koppe gekry het. En hier skuins van Vleuel af,


waar die aarde ook al omgedolwe geraak het, was daar juis 'n gat wat oom Bossie vir een of ander obskure doel begin grou het: en dis toe waar ons die ou man simbolies ter aarde bestel het.


"Wat die kis was, of wat in die kis was, weet ek – seker genadiglik – nie meer nie. Dalk was hy hoeka leeg, wat ons dunk van die onkristelike ou man goed sou saamgevat het – maar rondom die grafakkertjie het ons festoene van toiletpapier gespan. En ons het baie hartstogtelik gesing – "Nou lê Pompie in die sloot", en daai klas van gepaste gewyde lied – en regtig 'n okkasie daarvan gemaak.

"Daarna het die nuus versprei en die owerhede was geskok, soos dit hoort, en prof. Bossie het gedreig om te bedank soos ons gehoop het – maar as ek reg onthou, het die 'topbestuur' darem besef dalk hét ons 'n gegronde grief en die ou bulldozer het sy tyd en plek bietjie beter gekies van toe af."

*Carl Sander herken vir (1) André Brink, (2) Louis van der Westhuizen en (3) "Proffie" van Vuuren onder die "begrafnisgangers". Die rugkant van die "grafsteen" vertolk dalk tog die sentiment waarna Hans van Zyl in die voorafgaande bydrae verwys.*





André vertel dit nou nie self nie, maar dit was hy wat die grafrede gehou het. Daar is ook voorsiening gemaak vir voertuie van die begrafnisgangers: 'n fietsrak is naas die graf geplaas, met 'n bordjie wat sê: "Vir vriende en naasbestaandes".

Die grafskrif, op die naasmekaar gemonteerde randstene, het gelui: "HIER RUS M.G.L. BOSMAN – in lewe professor en draadafbrander. P.U. vir C.H.O. Verongeluk op caterpillar".

Nodeloos om te sê was prof. Bossie woedend oor die gebeure en het hy vroeg die volgende dag alles opgeruim. Daar is toe maar 'n "herbegrafnis" gehou, die volgende dag!

Hierdie vertelling van André Brink het soos Q-20 gewerk op die verroeste gedagtes van Dennis Crause, wat destyds deel van die pret was, en het hy, met sy vertellinge, waarde toegevoeg tot hierdie unieke storie. Hy skryf:

"Ek onthou egter wel wie (wat) daar ter ruste gelê is: dit was 'n dooie basterbrakkie wat een van ons net buite die kampus ontdek het … Volgens my herinnering was die 'lyk' deel van die oorspronklike inspirasie wat uiteindelik uitgeloop het op die 'begrafnis'.

"Ek dink ook: ons moes die volgende dag die brakkie beter begrawe want een van sy vriende het hom deur die nag weer opgediep.

"Volgens André se skrywe lyk dit nie of hy sy begrafnis rede nog op hand het nie? … Dit is nou 'n stukkie P.U.-Kana (Africana?) wat gerus opgespoor, weergegee en bewaar moet bly. Ons manne wat die aand in ons kerkpakke in die voorste gestoeltes moes ween en rouklaag kon nie die status van die okkasie aantas deur uit te bars van die lag nie. Gelukkig egter het die kostelike begrafnisrede die (lag) trane maklik laat vloei! Ongelukkig onthou mens nou nie die inhoud van die stuk nie. Dit bly egter in die geheue vassteek as 'n **humoristiese hoogtepunt** in 'n studentelewe wat geen tekort gehad het aan humor en grapjasse nie.

"Boonop kon ons daardie jare nog André P Brink se prosa sommer so lees-lees en lag-lag verstaan."

# 3.33 HERTZOG EN PEET VENTER ... 'N GEDUGTE PAAR


Hierdie vertelling van Johann Bekker, aangevul met nodige agtergrond- en bykomende inligting, handel oor die later bekende professor Hertzog Venter, hoogleraar in Afrikaans en taalpuris by uitnemendheid, en sy predikant-broer PJ (Peet). Albei was op hulle dag kaptein van Theos, Hertzog was 'n staatmaker in die span van die Mielieboere (Wes-Transvaal van destyds) en Peet het vir altesaam sewe seisoene agtermekaar vir die PUK se eerstes uitgedraf.

*PUK THEOS 1937*




Dis oor hulle twee wat Johann Bekker dit het:

"Net met die eerste intrapslag het Heimat jou al aangegryp, veral so in die ontgroeningsatmosfeer. Hertzog en Peet Venter het in 1936 die boonste noordelike gewelkamer bewoon, 'n gedugte paar – en tydens die ontgroening nog meer as op die rugbyveld.




*Jan Robbertse as visekaptein van die PUK-atletiekspan, 1938 ... die Venter-broers se "inlywing" het hom beslis nie geknak nie!*

"Jan Robbertse was 'n amusante draak, lyfeigene en persoonlike drel van die gebroeders Venter. Op enige tyd van die dag kon jy een van die broers hoor bulder met 'n stem wat soos 'n wolk met die gang en trappe voortstuif tot onder in Jan se kamer: 'Draak Robbertse!' Dit was die onmisbare sein dat hy benodig word.

"Jan het dan gaan staan waar sy stem goed kan dra en het luid aan almal wat wou luister, verkondig: 'Daar roep die verdomde Venters al weer!' Miskien herhaal hy dit, net om seker te maak dat hy goed gehoor is, en dan gaan hy kamer toe en gaan kruip onder sy katel in waar hy gister en eergister ook al as 'n saak van roetine uitgesleep is ... en wat daarop volg.

"En na sy antwoord wat met sekerheid afgewag is, kom die twee fris broers uit hulle spelonk, die gang af, rustig, doelgerig en met die glimlag van tevredenheid van manne wat weet dat die taak wat op hulle wag, goed gedoen gaan word."

Oor die rol wat rugby in hul lewens gespeel het, skryf Peet later só:

"Ek sit in my studeerkamer en kyk na die portrette van die voetbalspanne van die sewe jare ... En dan dink ek diep gedagtes en verlang na 'n goeie ou tyd. Vir my persoonlik is dit 'n

kosbare kleinood, die herinnerings aan die Theos. Die kameraadskap … vriendskapsbande wat nie deur tyd en afstand geraak word nie …

"Waar is die dae? Ek wonder nog soms hoe dit gekom het dat ons nog eksamens geslaag het. Jy het mos voetbal gespeel – sommer vroeg-vroeg in die eerste semester tot doer einde September of begin Oktober. En die beestespel was ernstige sake: dit gaan om die eer van die Alma Mater."

Hertzog weer het as hoofredakteur van *Díe Besembos* die afskaffing en "begrafnis" van ontgroening sterk teengestaan. Hy het dit betreur dat "as gevolg van oordrewe swartsmeerdery, en onregverdige blaam een na die ander van ons kragtige (ontgroenings) wapens afgeskaf (is)" en noem as voorbeeld: "Hulle mag nie uit die slaap gehou word nie – en hoe sal hulle dan later selfs tot twee- drieuur in die nag kan studeer as hulle nie eers kan wakker bly nie?"

Hy het vas geglo, en dit het toe ook so gebeur, dat ontgroening, soos die Feniks, uit sy asse sou opstaan: "Ons Alma Mater wil manne van gees en staal vorm, manne wat nie by hulle mammies sal kla as hulle bietjie verneder word nie, manne wat weet dat hulle moet gehard word vir 'n harde stryd."

Jan Robbertse … sou hy ooit by sy mammie gaan kla het?

'n Mens kan nie help om te wonder oor die onstydse situasie nie … het Hertzog-hulle nie tog dalk 'n punt gehad nie? Waar is die manne van gees en staal vandag? Skynbaar kan nie eens 'n "Kamp Staaldraad" sulke manne oplewer nie!



Beeld 22/11/03

'Kom by, SA rugby!'

Kritiek reën neer ná skokfoto's van verdwaasde Bokke

Sonder 'n draad klere aan sukkel lede van die Springbok-Wêreldbekerspan om 'n vlot op die oewer te kry by Kamp Staaldraad.
Foto: MET VERGUNNING VAN CARTE BLANCHE

Beeld Maandag 24 November 2003 R2,95 www.beeld.com

Balfour gryp in

Minister vra dringende vergadering oor Kamp Staaldraad

Foto: MET VERGUNNING VAN CARTE BLANCHE

Bokke onthou benoude boude

● Naaktheid vat pretensie, vooroordele weg ● 'Kamp was nie so erg soos swart inisiasie'

# 3.34 "LUI, TELEFOON LUI!"

Die telefoon het dikwels ook vir plesierighede in die studentelewe gesorg, veral in die tyd toe dit nog 'n skaars artikel was … lank, baie lank gelede, toe selfone nog nie aan elke ou se oor gehang het nie!

## 3.34.1 "RUSVERSTORING"



*Heimat se telefoonhokkie (heel regs op foto)*

Dit was in die laat-veertigerjare, vertel Platbos du Plessis:

"In dié jare het Heimat die enigste foon vir al die omliggende manskoshuise gehuisves. Van die vroeë more tot die laat nag is die rus verstoor. Die Swart Kraai (prof. P.D. van der Walt) was op 'n stadium hewig gekys, en twee weke aaneen het hy gemiddeld 25 oproepe per dag ontvang. Elke keer moes daar op hom gebulder word om hom uit sy grot in Gathland te voorskyn te laat kom. Vir die Heimatters het dit te veel geword.

"Op 'n aand na tee word op die balkon stelling ingeneem met die teekan gevul tot bo (helfte tee en helfte water) en verder al wat 'n hol ding is, terwyl Jan Bul die grofgeskut hanteer: 'n vrot papaja uit Tzaneen se wêreld. P.D. word na die foon geroep, en haastig vanweë die liefde storm hy op Heimat af, om so 15 treë voordat hy onderdak bereik, meteens hewig van voor getref te word – 'n kolskoot met die papaja reg in die gesig. Wat 'n gesig was dit van die balkon af! Die neus het die vruggie al te pragtig in twee gekloof. Hy beur voorwaarts, maar voordat hy veiligheid kan bereik, kom strome water op hom neer.

"Genoeg om te sê, dit was die einde van die baie oproepe."

## 3.34.2 "BROEIS OUHERE" FNUIK TELEFOONVRYER

Rassie Smit, student uit die middelvyftigerjare en latere dominee, professor en registrateur van die PUK, vertel op sy beurt dié "telefoon"-storie:

"Jan Bach (Booyens) was die groot telefoonvryer, en nie net tot ergernis van die eerstejaars wat hom kort-kort moes roep nie, maar ook van die broeis ouhere wat vir die telefoon moes staan en wag. Toe hy een middag weg was, het hulle dus saam en met ewe veel plesier aan die werk gespring en toe vir Jan ingewag. Van ver af kon jy al sien hoe innig gelukkig hy was. Haar geselskap het sy emosies kennelik goed gedoen.

"Dit was toe hy sy fiets sing-sing neersit, dat iemand skree: 'Jan Booyens! Foon!'

"En toe hy storm, sien hy dit: sy hele kamer was in die telefoonhokkie. Sy bed was daar. Sy boeke was daar. Sy geliefde foto's het teen die blikmure gehang. Alles was reg, hy moes net intrek. Niemand kon later sê of hy gelag of gesnik het nie. Sy laggie was maar so flouerig. Al wat tussendeur uitgekom het, was: "Ag nee, kêrels."

# 3.35 "FIRES" EN "DAWID SEMELGAT"

Met sy vertellinge het Platbos du Plessis 'n groot bydrae gemaak tot die skat van sages en staaltjies betreffende die koshuiskultuur aan die PUK. Hier is iets besonders:

"Van Fires en Dawid Semelgat moet ek nog vertel. (Dawid Semelgat was die bynaam wat die studente aan prof. S. Smith [*nee, sy voorletters was DJP, met noemnaam Dawie – PFvdS*] gegee het vanweë die saagsels onder die rekstok by die ou geboutjie vir liggaamlike opvoeding van daardie dae so skuins langs Heimat.)

"In die gedenkwaardige jaar 1948 was Fires my kamermaat en sekretaris van die Studenteraad. Prof. Smith sou sy doktorsgraad ontvang en het gevra om die Studenteraad se koppies te leen vir die geselligheid. Jan Bas (ds. J.J. van der Walt), voorsitter van die S.R., het hom versoek om 'n brief aan die Raad te rig. Elke dag is prof. Smith by Jan Bas oor die aangeleentheid, en elke dag vra Jan Bas vir Fires of die veelbesproke brief nog nie opgedaag het nie. Op 'n goeie dag daag die brief tot groot verligting van Fires eindelik op en hy draf dadelik oor na Jan wat bo in Vleuel gewoon het.

"Hy neem buite onder Jan se kamervenster stelling in en verhef sy stem: 'Ou Jan, Dawid Semelgat se brief het gekom!'

"Ewe bedees antwoord Jan: 'Ja, prof. Smith is nou net hier by my in die kamer.'

Fires hoor egter nie mooi nie en bulder weer dieselfde na bo en Jan Bas herhaal met 'n rooi aangesig, met prof. Smith voor hom, dieselfde.

"Nog hoor Fires nie mooi nie en vir die derde keer verhef hy sy stem bulderend: 'Man, ek sê, ou Dawid Semelgat se brief het gekom!'

"Waarop Jan vuurrooi van verleentheid by die venster uitleun en sê: 'Ja, prof. Smith is nou hier by my.'

"Dit was van dié dag af wat Fires so 'n meteoriese opgang in rugby gemaak het. Want hy het daar weggespring en hou nog altyd die rekord vir die afstand tussen Vleuel en Heimat. Ek wens ek kon sy gesig, toe hy die kamer binnestorm, op 'n foto vasgelê het en sy woordevloed op 'n band."

# 3.36 "DIE DONKIE! O, DIE DONKIE!"



*Tjaart van der Walt … koei in sy kamer, met sy pajamas aan!*

By etlike geleenthede het studentepret of onnutsigheid in toeka se tyd die vorm aangeneem van tuismaak van 'n donkie of 'n perd – en by geleentheid selfs 'n vulletjie saam met haar donkie-ma! – in die slaapkamers van medestudente of op ander strategiese plekke in koshuise. Vir die tyd was dit vet pret; maar of dit vandag nog gedoog sal word, is 'n ander storie!

Destydse student en latere SVR-voorsitter Willie Venter vertel uit die vroeë twintigerjare só: "Wat 'n skrik was dit een aand vir Tjaart van der Walt toe hy ná 'n lekker aand by sy nooi, so teen middernag sy kamerlig in Noordhuis aanskakel en die 'gedrog' daar sien: 'n koei met sy slaapbroek oor haar agterbene en op haar kruis vasgemaak, en sy slaapbaadjie en kamerjas oor haar voorlyf vasgemaak, en sy bed koppenent … rustig herkouende! En met 'n gemoedelike 'Bê' het sy hom verwelkom!"

Ook uit daardie tyd dateer die vertelling van daardie lopende ensiklopedie van PUK-herinneringe, ds. Jacs van Rooy: van die lastige donkie en haar vulletjie op hulle koshuisterrein, wat toe in die kamer van PUK se heel eerste Springbok rugbyspeler, vleuel Hans Aucamp, in "huisarres" geplaas is. Hans se Springboktrui mooi netjies om die vulletjie se nek gedrapeer! Nodeloos om te sê, het die donkie wraak geneem deur van die kamervloer 'n stalvloer te maak!

'n Mens kon dit verwag, selfs voorspel het, as jy die opset op die PUK-kampus in die vroeë vyftigerjare geken het: die legendariese rugbyspeler "Groot Dick" Putter en 'n paar vriende gaan tot aksie oor!

"Klein Dick", 'n neef en ewe goeie rugbyspeler, vertel hoedat hy sy been pas die vorige Saterdag in 'n rugbywedstryd gebreek het. Nou was hulle op pad koshuis toe, van die dorp af – hy voor op die "frame" van sy groot neef se fiets. Skielik sien hulle 'n los donkie langs die pad, en die ge-"liftery" werk nie juis so lekker met twee sulke fris rugbymanne nie. So, hulle vang die donkie, sit een van hulle se gordels om sy nek en daar trek hulle, heel gemaklik op 'n drafstap koshuis toe.



*"Groot Dick" Putter … met blote krag het hy en sy nefie die donkie die trappe op gehelp!*

By Gatland aangekom, was dit byna vanselfsprekend: "Groot Dick" omhels die donkie en begin trek en dra, terwyl "Klein Dick" aan die agterkant stoot so al wat hy werd is: Jakob moet die trappe op! Dit geluk, en die donkie word in twee vriende se kamer ingedompel. Toe "Stasietor" Barnard en Fanie Swanepoel geruime tyd later hul kamerdeur oopstoot, is hul asems feitlik weggeslaan deur wat hulle gesien en geruik het! Hul aanvanklike woede het spoedig gewyk en so stoot en beur hulle die onwelkome gas by die deur uit, gly-gly die gang af … uit op die balkon.

Die manne drom saam, dis net mooi teetyd. Groot vermaak!

*Stap daar iemand onder verby, word dié luid en hartlik gegroet. Word opgekyk, steek net die donkie se kop oor die balkon!*

*Dit word vertel (maar dit mag, soos dikwels met sulke stories gebeur, bygelieg gewees het!) dat ook opvoedkunde dosent BC (Ben) Schutte, bygenaamd "Muiltjie", verby gestap het … en só begroet is!*

*"Klein Dick" vertel verder: Opsigter Gert van der Walt ry onder verby, sien die donkie se kop loerende oor die balkonreëling.*

*"Wat de joos gaan aan?", sê-vra hy hier van onder af.*

*"Ons nuwe koshuisverteenwoordiger!', korswil die manne van bo-af.*

*"Hoe kom die ding dáár? En verwyder dit, onmiddellik!"*

*"Ons weet nie. Ons gaan hom nie verwyder nie!"*

Dit kos toe maar dat oom Gert en vier helpers die donkie, met groot moeite en onder die nuuskierige blikke van 'n skare studente oral uit die Kompleks, die donkie trapafwaarts en na buite – en na vryheid elders op die Bult – begelei.

BOK SE DONKIE-SERENADE

*LJ (Bok) Fourie, kranige skrumskakel van Theos, was saam met Hans van Zyl en Toy Dannhauser lid van wat bestempel kan word as driemanskap befaamd vir hul bydrae tot studentepret en die daaruitvoortspruitende legio staaltjies. Hans vertel:*

*"Ou Bok het self nooit beskuit, tandepasta, skoenpolitoer of seep gehad nie. Hy het maar altyd gaan leen om die lewenskoste so laag as moontlik te hou. Die Bult se vrugte was vir hom onweerstaanbaar.*


*"Hy was lief om met 'n praatkoor te gaan 'serenade". Partykeer sommer met 'n 'His Master's Voice"-grammafoon en 'n paar plate. Die beste was egter die donkie-serenade in 1958. Met die oog op 'n serenade is Klawerhof se voordeursleutel in die hande gekry en 'n donkie (met sakke om sy hoewe) is teen twaalfuur een nag in die koshuis se gange gelos.*

*"Die dames het tot dagbreek gesukkel om die donkie weer buite te kry!'*



*Toy, Bok en Hans*

# 3.37 "DIE DAWIE DOEP SAGA"



*Dawie Doep*

Nadat die Kompleks (Heimat, Ons Huis en later ook Uitspan as deel daarvan) die koshuislewe aan die PUK vir ongeveer drie dekades lank totaal oorheers het, het Dawie du Plessishuis oftewel Dawie Doep/Dawiedoep in 1953 op die toneel verskyn. En is 'n nuwe sage in aansyn geroep.

*'n Aantal uittreksels uit Lou Erasmus se brief maak interessante leesstof uit, veral vir diegene wat as inwoners oor baie dekades sedertdien die lief en leed van Dawie Doep (later Exelsior) meegemaak het.*


"Ek meen daar was darem groot figure op daardie foto. Weer eens moet ek dadelik om verskoning vra dat Graaf Josef (ons kok) ongelukkig afwesig was toe die foto geneem is, maar sy belangrikheid spreek duidelik uit die feit dat hy gereeld 60 en meer stemme van die sg. 'gaipe' by Studenteraadsvoorsittersverkiesings op hom verenig het. Sommige van die eerbiedwaardige gestaltes op daardie foto was darem self belangrik genoeg …"

"Naas die UOD-Hengelklub, wat in Dawiedoep se watervoor geïnisieer is, het ook die Wes-Transvaalse tafeltennis-liga in Dawiedoep se sitkamer ontstaan. Hierdie onverskrokke konglomeraat het dappere baanbrekerswerk verrig deur die lewensgevaarlike Fochvillespoor (en oom Paul Sauer [destydse minister van Spoorweë] se bloutreinspoor) oortesteek en verwyder van meisie en akademie die bosse te gaan trotseer waar menige eerste preek gelewer is en perrevelle [komberse] verloor is … Terloops, hierdie here moes by geleentheid hul eer (en kan tee) teen invallende dames verdedig deur hoofmeisie en matrone aan telefoonpale voor die koshuis ten toon te stel."

Lou stel dan 'n aantal inwoners bekend:

*Dawie Doep-inwoners, 1953. Hierdie geskiedkundige foto toon die eerste inwoners van die Dawie du Plessis-koshuis. Dit is gepubliseer in die PU-Kaner van 24 Februarie 1978, kompleet met al die name maar sonder enige aanduiding hoegenaamd van wie of wat! Die foto (met name) en 'n verklarende nota het wel vier jaar tevore, in Mei 1974, in die blad verskyn.*

**Voorste ry: W. Barnard, A. J. Coetzee, J. L. Aucamp, Jan Kruger, A. N. Helberg, P. v. d. Dussen, D. du Plessis, W. de Vos, J. J. du Toit, J. P. Duvenhage, B. R. Botha, H. du Plessis, E. Webb. Tweede ry: J. C. du Plessis, I. L. van Vuuren, J. v. N. de Jager, R. v. d. Walt, W. A. du Plessis, J. P. Coetzee, mej. J. van der Walt, (Matrone), prof. D. J. van Rooy (Huisvader), C. J. Malan, S. Fourie, S. W. Blom, B. J. Kruger, C. Venter, G. Rautenbach, H. J. du Preez, P. M. van Niekerk. Derde ry: J. B. du Plessis, H. J. v. d. Walt, J. A. Kruger, C. L. Wentzel, D. J. Putter, T. T. Spoelstra, W. H. Myburgh, J. Roets, P. Peach, W. A. Slabbert, N. Oosthuizen, H. J. Pretorius, A. J. du Plessis, L. S. van der Walt, G. L. Verwey. Vierde ry: P. C. Buys, G. Bester, L. J. Erasmus,, B. Olivier, R. v. d. Walt, G. du Plessis, P. Strümpfer, M. P. A. v. d. Walt, W. v. d. Ahee, S. P. Buys, C. J. v. d. Linde, L. J. du Plessis, J. F. Botha, J. du Plessis. Agterste ry: P. J. Steyn, P. J. Kruger, T. v. d. Walt, A. v. d. Walt, J. S. Swanepoel, J. P. van Zyl, C. J. H. Venter, F. van Zyl, P. J. Botha, L. R. Olivier, T. Kruger, A M Bester, N. P. v. d. Merwe, J. Kleynhans, A. P. Malan.**



"In die voorste ry sit heel links Willem Barnard (tans Engelse kolonel) wie se handskrif ek eers vir hom moes help ontsyfer voordat ek die aantekeninge van die klas waar ek nie was nie, by hom kon leen … In die tweede ry (5e van regs) sit WA (Ouboet) du Plessis (sy kleinboet is sy senior), ds. G (Deon) du Plessis (4e ry nr 6) wat bosluisvoëls met 'n .303 deur die venster gejag het soos Lodewyk XVI van Frankryk. Langs hom het die waardige vader (Dr) Chris Malan (in dieselfde ry) die onbenydenswaardige taak gehad om ouhere te oortuig dat hulle nie SLEGS met 'n das en baadjie aan, soos die reëls voorskryf, kon kom eet nie! Verder aan in die ry sit klein 'Orgie' (sy ma se seun) Rautenbach, wat volgens Groot Dick [Putter] 'n bul ingesluk het, sy eie skeerwater soggens gedrink het en toe vir Wes-Transvaaal begin voorry speel het. Die laaste man in dié ry [PM van Niekerk] se pa het vir hom 'n motorfiets gekoop om lastige attensies te ontwyk.

### SONDER LIGTE TE FIETS …

*Skynbaar was dít 'n gewilde "sport" van die Dawie Doepers! Samesteller van hierdie bundel onthou 'n aand toe hy en Tamatie Boshoff by Pierre Maritz iewers in Presidentstraat gaan kuier het. Laataand terug per fiets, kom 'n polisievangwa van voor af net toe ons die treinspoor oorsteek. "Haai julle twee! Stop! Waar's julle ligte?"*

*"Stop … sê wie? Asof in "overdrive" vlieg ons weg, vat die afdraai na Dawie Doep met spreekwoordelik skreeuende bande en parkeer ons fietse met asemrowende snelheid en presisie in die fietsrak en sit die stuk in, trappe op en in ons kamer, onder die bed in!*

*Die konstabel of sersant of wat ookal, wat sy lyf verkeerskonstabel wou hou het intussen sy "pick-up" gemaak draai en ons agterna gesit. Ons hoor nog die gebrul van die bakkie en die skreeuende remme, maar vir 'n rukkie is dit stil: hy soek ons, maar waar – daar's dan so baie deure, en omtrent almal is dig. Op 'n stadium hoor ons hom praat, met iemand aan die onderent van die gang: "As ek die twee dondertjies kry, slaap hulle vannag in die tjoekie!" Ons sê maar niks, die harte klop steeds doef-doef hier in die keel rond. Dan, na so tien minute wat soos 'n ewigheid begin voel het, start hy sy lorrie op en vat die pad …*

In die derde ry staan (nou ds) 'Tokkie' ["Tokkelok"] van der Walt wat vir Wes-Transvaal sou gespeel het op die vleuel indien hy lank genoeg op die Puk kon gebly het, want sy spoed het reeds duidelik geblyk toe hy vir 'n groot Amerikaanse motor vol blikfakkels sy hakskene bly wys het. Op nr 7 in daardie ry staan Willem Myburgh wat my in die moeilikheid laat beland het terwyl ons albei niks doen nie, hy veral omdat hy nie vir my meisie teruggewaai het nie. Op nr 11 staan Nic Oosthuizen van 'voor my venster verby"-faam, wat op 'n gewone fiets 'n 'spietkop' op 'n motorfiets kon klop in 'n wedloop om Dawiedoep, en geleef het om dit vir die 'spietkop' self te vertel ook.


"Gert Bester (ds) in die vierde ry nr 2, lyk glo deesdae baie sterk na die ou na wie ek ook lyk. Wimpie van der Ahee en (ds) Schalk Buys was nie net die plaaslike 'inkspots' met 'Roelandstraat' nie; Schalk het ook die eerste (en laaste) woord Hollands op Puk gepraat.

"Steets Pyn of Steets Speyn of Piet Steyn (askies ds) op nr 1 heel agter was 'n baie vriendelike ou uit Suidwes (lank voor Swapo). Tjaart van der Walt (nr 3) hoor ek werk deesdae êrens op Puk [rektor!]. JS (Ramoetapoe) Swanepoel (nr 5) is nie op ouderdom oorgeplaas uit Rekeningkunde II nie. Aan die ander punt van die ry is Klein Alwyn Malan, die vader van alle sitstakers aan universiteite. Hy het uitgevind dat mens om 12 uur middernag die trappe af kan sit en as jy nie jou klere wil verniel nie kan jy hulle uittrek ook.

"Meneer die redakteur, daar is nie voldoende papier om almal aan u bekend te stel nie …

"Wie ek? Nee, ek was ook maar net daar."

Met hierdie brief het Lou Erasmus die eerste van 'n beloofde gereelde Veteraanprys verower, te wete 'n bottel PUK-wyn. Die naam en etiket is nog nie gefinaliseer nie – "dalk Pukkewyn, Heimat Slangbyt of Over 't Voor C2H5OH".




*Dawie Doep-koshuis oorkant die spoor en net duskant die watervoor kort na voltooiïng. Ook dié koshuis sou sy kwota aan sages, legendes en ander lekker stories oplewer …*



*Dawie du Plessis koshuis.*

# 3.38 KOSHUIS KLAAGLIEDERE

'n Ietwat verdwaalde notuleboek van "Kosgangers Vergaderinge" werp heelwat lig op die wel en weë van kosgangers. Die datum daarvan kan netsowel verswyg word, want is koshuisbrakke nie maar universeel en tydloos aan dieselfde omstandighede uitgelewer nie?

Maar net ter wille van die rekord, word hierna 'n aantal uittreksels gegee wat terugdateer na die jare dertig-veertig aan die PUK.

**Kleredrag aan tafel**

"Vroeër was bepaal dat mans nie sonder das aan tafel mag kom nie … Mnr. T. Weber stel voor ons mag wel sonder das aan tafel kom. Mnr. J. Thuynsma stel voor i.p.v. 'n das, kan ons skawe aansit. Hierteen is geen beswaar nie, behalwe dié van mnr. Weber, dat ons nie almal skawe het nie. ['n Skaaf is 'n serp]

Weber se voorstel is aanvaar en die voorsitter het 'n beroep gedoen "dat ons goed gekleed aan tafel moet kom". Waarop 'n dame, mej. A van Niekerk, laat hoor het: "Mans moet nie klae as dames sonder kouse na ete kom nie."

**Godsdiensoefening, Sondae ens**

"Die houding wat soms ingeneem word as huisvader lees of onder sang laat veel te wense oor. Daar word selfs intussen gepraat. Ons moet leer om ons neer te lê by formules en gebruike. En al verskil u self, eerbiedig, en toon respek vir, ons Godsdiensoefening in vervolg … Dit pas ons ook nie as studente om op Sondae allerhande liedjies te speel en te sing nie."

Drie jaar later is dit steeds so en is die huisvader ontevrede oor die gedrag van die studente onder godsdiens.

Optrede van studente tydens tafelgebede het ook opspraak verwek. In Mei 1939 is die kosgangers beswaard en word versoek dat die huisvader gevra moet word "om nie iemand aan te stel om ordelikheid te beloer onder die gebed" nie, na aanleiding van die feit dat die huismoeder met hierdie taak belas is. Maar tog: "Mnr. Erasmus sê hy weet dat aan een van die tafels onder die gebed gepraat word en ons moet dit afkeur dat persone so laag gesink het." Dié gedrag is eenparig afgekeur.

**Ander morele "kwessies"** het ook periodiek na vore gekom:

1936: "Geselskappe in algemeen is baie ligsinnig. Daar word selfs gevloek in dames teenwoordigheid."

1943: "Mnre. G.L. van der Walt, Schoeman en de Beer wil resp. weet of monopoly, kaart speel sonder dobbel en sonder stoornis, asook dronk drink teen die karakter van die P.U.K. indruis. Mnr. du Plessis antwoord dat dit nie juis stil is by sulke 'spele' nie."

**Verhoudinge mans/dames**

"Die agenda vir vandag kulmineer in 'n saak waarvan die inisiatief uitgegaan het van 'n drietal vername figure in ons kosgangerslewe. Genoemde saak, wat die inisiatief van bovermelde helde laat ontvlam het, is veral teen 'n praktyk wat soos 'n kankerroos voortwoeker: 'n saak nl. wat die wette en bepalings i.v.m. interkoers, interview en appelasie grootliks belemmer. Dit is as gevolg van hierdie wantoestand dat die vergadering byeengeroep is.

"Die probleem in kwessie is die koshuisreël i/s die verkeer tussen dames en here op die koshuisgronde. Aan die bespreking neem deel: Mnre S. Pretorius, J. Erasmus, F. Snyman, F. van Heerden en Mej. Oosthuizen. Mnr. B.R. Kruger stel voor dat daar geen beperking op die omgang gelê sal word nie – behalwe direk voor Piet Grobler-tehuis."

Die destydse betekenis van omgang is beslis nie dié van deesdae nie!

Die kwessie van saamloop is na die Losieshuiskomitee verwys, maar 'n week later is daar 'n groter probleem as blote saamloop: "Voorsitter doen 'n beroep op dames en here dat hulle dit absoluut moet vermy om bymekaar op die kamers te kom."

Vroeg in 1939 is dit weer die saamloopkwessie en verduidelik die voorsitter hoe die huisvader die reël interpreteer: "Hulle mag saamloop solank as daar net nie lang gesprekke voor die dameskoshuis gevoer word nie."

Maar die crux was kamerbesoeke. In Augustus 1942 steeds op die agenda: "Mnr. P. du Plessis sê outoriteite staan voor net so 'n probleem as die mans. 'n Man wil privaatheid hê met sy dame. Stel voor dat as outoriteite dit wil belet, hul fasiliteite moet skep." Die voorsitter, JJ (Joggie) Hattingh, het egter gevoel "dat persone wat intieme verhoudings met dames handhaaf, nie van die fasiliteite gebruik sal maak nie".

Lewendige debat is gevoer. PW Jooste het gevoel die klagtes is meer lawaai as wol "want op P.U.K. is 'n student se slaapkamer sy studeerkamer, slaapkamer en sitkamer". Maar dink bietjie, tjip die voorsitter weer in, wie gaan verantwoordelikheid dra "as iets verkeerd moes gaan". Aikona, sê R Höll, "dis net so waarskynlik dat verkeerde dinge buite op gronde kan gebeur as wanneer in die kamers". S du Plessis noem dat gevalle van dames se besoeke aan mans se kamers individuele gevalle is "en dat dit nie ook nog van die student ontneem kan word nie": kom ons beloof die Senaat dat ons 'n beperking sal handhaaf.

Die laaste woord kom van P du Plessis: Die enigste uitweg is "om dit te belet maar om dit oogluikend toe te laat, sodat indien iets dan verkeerd gaan, die student self verantwoordelik moet wees".

**Klagtes oor kos**

Koshuiskos was deur die jare (en eeue?) seker maar die vernaamste debatspunt in koshuisvergaderings. In die reeds genoemde verdwaalde notuleboek is dit ook deurgaans die mees prominente debatspunt.

In Mei 1938 dien daar 'n lywige petisie wat vra vir tee **en** koffie saans, minder vleis en meer vrugte, verandering in die nagereg en visgereggies, en meer botter, terwyl beswaar gemaak word teen Sondagaand se "wiele" [dalk polonie?], teen die gehalte van rooivleis, teen koeksoda in kos en teen gebreekte koppies aan tafel. Gee ons ook vir afwisseling soms kaas of iets anders, word gesoebat. 'n Rukkie later maak mnr. Arnold beswaar teen "lewende hawe in die kool" en kla iemand anders oor rys wat nie skoon is nie.

In Maart 1939 is dit weer botter en poeding wat bespreking uitlok. "Daar behoort soveel botter op die tafel te wees of verkrygbaar wees as wat die studente kan verslind", stel Stefaan du Toit voor, terwyl J Erasmus vra wanneer die "poedingrewolusie" dan kom. Verskeie persone neem die woord: "Daar word gevoel dat die poedingomwenteling spoedig moet kom", en die voorsitter vra solank resepte.

'n Jaar later (1940) is daar weer 'n petisie en word gekla oor die poeding en pampoen; die melk is te min en die spinasie word swak gekook; daar is saans nog steeds net tee en nie ook koffie nie; warm vla kan nie saamgaan met koue poeding nie, en "die perde-mielies moet nou definitief verwyder word". Student du Toit sê "die botter het nou die dikte van 'n minora-lem bereik", as uitvloeisel van die vorige petisie!

Die klagtes oor kos neem naderhand die karakter aan van 'n vashakerige langspeelplaat (of dalk liewer: 'n kortspeelplaat!), want in Maart 1942 klink die refreine weer op: te min kaas, swak voorbereiding van kool en spinasie en makaroni, wurms in die blaarslaai, te min brood, te min botter, te min konfyt, en so meer. Daar was 'n algemene verbetering in die kosgehalte dié jaar, maar die gevoel is "dat verslegting nou op 'n intreestadium is".

In Oktober 1942 bereik dinge 'n breekpunt en is die ontvangs van 'n soveelste petisie vir bespreking "oproerig". Een of ander optrede kan verwag word, sê een, terwyl 'n ander voel die "hoër owerhede, soos die losieshuiskomitee", moet geraadpleeg word. Bring die



*Huisvader Wikus du Plessis … kwaai onder skoot by kosgangers.*

huisvader, dat hy kan kyk of hy soms die vleis tussen 8 persone kan verdeel, en "of hy dit aangenaam sal beskou soos wat dit soms gaargemaak word". Labuschagne se oplossing is 'n hongerstaking en verskaffing van hul griewe aan die pers.

Die vredeliewende Joggie Hattingh het uit die voorsitterstoel probeer paai en belowe om die saak met die huisvader op te neem – en hy het toegegee: die huismoeder is nie tegemoetkomend nie, die "moeilikste persoon om mee saam te werk". Ja, voeg PW Bingle by, sy het glo mos gesê dat sy haar nie aan kinders steur nie.

Nie net die huismoeder nie, maar ook die kok het kwaai deurgeloop onder kritiek. Dis tyd dat ons, soos by ander universiteite, 'n wit kok kry, was die versugting in 1942. 'n Rukkie later is gevra dat, saam met die huismoeder, ook die kok deur 'n "gekwalifiserende een" vervang moes word.

Maar die manne bly moeilik. Dit help nie om die huisvader te gaan sien nie "want dit gebeur byna elke jaar, wanneer die huisvader net sy moeilikhede opper en die saak met 'n kalme glimlag op die lang baan skuiwe, totdat daar niks van kom nie". As hulle hom wel gaan sien, moet die huiskomitee die huisvader goed laat verstaan "dat hul dit namens die massa doen, en dat hul net een ding eis, nl. VERBETERINGE".

Nog steeds kla en kerm dit, in 1943. Pampoen en kool te min, moeg vir tamatiekonfyt – en ek sal self die melk toets, sê een, "want daar is water in". Ons soek meer vleis en minder bene, ertappels sonder suiker, en ook nie moere nie; en gee ons liewers sardiens as Vienna sausages. Die bully beef is oneetbaar en die braaivleis nie goed gaar nie, die piesangs groen en die brood stokoud. Tydens die besprekinge is ernstige ontevredenheid met die houding en optrede van die huisvader (prof. LJ du Plessis) uitgespreek, onder meer omdat hy die huismoeder altyd beskerm. Ook die huiskomitee is gekritiseer oor hulle hantering van die klagtes, en oor die "verhoogsittery" van komiteelede S du Plessis en KS van Wyk de Vries [aan die hooftafel, saam met die huisvader].

Dan kom die krisisoomblik tydens terugrapportering van die huiskomitee enkele weke later. Weer is daar uitvoerige bespreking en word ook die huiskomitee nie gespaar oor sy hantering van die saak nie. Met 29 stemme teen 13 word besluit dat die kos steeds veel te wense oorlaat. Omdat hulle dié stemming as 'n mosie van wantroue beskou, en omdat die optrede van die massa tydens die vorige vergadering as "buffelagtig" bestempel is, dien die koshuiskomitee pas die volgende dag sy bedanking in.

Huisvader LJ du Plessis gryp in en nog 'n warm vergadering volg waartydens harde woorde oor en weer vlieg. 'n Opvolgvergadering word gehou en daar word besluit dat die nuwe huiskomitee voortaan slegs orde, dissipline en administratiewe sake sal hanteer en dat die koskwessie van hulle weggeneem word.

'n Nuwe komitee is gekies … en skynbaar was daar nou vir 'n rukkie rus en vrede vir sover dit bespreking van kosaangeleenthede tydens koshuisvergaderings betref.

Maar, 'n einde aan klagtes oor kos … sê wie?! Kyk maar net hoe laat Hans van Zyl hom oor hierdie kwessie uit, in 'n ode aan Heimat 'n kwarteeu of so later: "Die ganse tyd *[in Heimat]* was immers een groot gedenkwaardige avontuur. Deurgaans was die inwoners dawerend gelukkig. Maar geen kosganger is gelukkig as hy nie ook kan kla nie. Daar is toe ook al gekla dat daar soveel stysel in die kos is dat almal nog een more stokstyf sal opstaan; dat die tee so flou is dat dit nie eens 'n man se das vlek as dit daarop mors nie; dat verlede jaar se oupabrood en volgende jaar se piesangs voorgesit word; dat dit goed en wel is dat gemaalde pêrdevleis bedien word mits die saal net eers afgehaal word ... Byna weekliks is vergaderings gehou, maar tog het niemand honger gely nie."



*Mej. C Oosthuizen (bo), Sarel Pretorius en JF Erasmus het ook hulle sê gesê, oor die verhoudinge tussen die geslagte.*

In die laatsewentigerjare en vroegtagtigerjare duik die kwessies maar weer op. In September 1977 rapporteer die studentekoerant oor 'n mislukte eetstaking, onsuiwerhede in die kos en swak bediening (voorbereiding) daarvan, en in Februarie 1982 is daar klagtes omdat studente

tweede porsies geweier sou word – hulle sou dan meer kos wou hê omdat die losiesgelde so hoog is! En dit terwyl bereken is dat kos omtrent 40% van losiesgeld (R1 200 per jaar) beloop, dit wil sê dat elke ete vir die 260 akademiese dae van die jaar slegs 62c kos!



CACHET APTEEK
U Plus Apteek
TOMSTRAAT 92
Tel. 4201
Groot genoeg om u te dien, klein genoeg om u te ken

die WAPAD
IN U LIG SIEN ONS DIE LIG
AMPTELIKE STUDENTEKOERANT VAN DIE P.U. vir C.H.O.
JAARGANG XXXII — NOMMER 13 — 30 SEPTEMBER 1977

PUKKE! Vir u kleurbaadjies en sportbenodigdhede: Johan Claassen Broers

# KOSHUISE OOR KOS

**'n Mislukte eetstaking deur Hombré vroeër dié maand, onsuiwerhede in die kos en klagtes oor swak bediening van die kos het gelei tot 'n ondersoek deur Die Wapad oor die gehalte van die kos.**

Een of twee persone uit elke eetsaal is genader om kommentaar te lewer oor die klagtes wat ontvang is. Die mening van die ondervraagde persone van die Sentrale eetsaal is dat die kos nie bevredigend is.

Klawerhof se mense is van mening dat die kos in hulle eetsaal baie lekker is. Die ondervraagdes van Voorhuis-eetsaal meen dat die kos redelik is. Volgens die persone van Klooster en Hombré, wat genader is, is daar beslis rede om te kla oor die gehalte van die kos in hulle eetsale.

Mnr. M.P. Fick, hoof van Koshuisadministrasie, het in 'n onderhoud met Die Wapad gesê dat die hoeveelheid kos nie sal vermeerder nie. Die gehalte van die kos is van die beste, sê mnr. Fick. Elke sjef het beheer oor drie eetsale en dit is moeilik om …

… voel dat die studente die regte kanale moet gebruik. Indien dit verstop is, moet hulle na die rektor toe gaan.

Volgens 'n nuusbrief uitgereik na 'n vergadering van die senaat op 31 Augustus en …

*Stuk vleis wat aanleiding gegee tot die klagtes oor die kos. Foto: Jaco Pretorius.*

*VOORHUIS Antonia de Waardt Eet lekker behalwe af en toe.*

*LETTIE DUP EETSAAL Noelene Gaun Beter voorbereiding.*

*SENTRAAL Danie Meyer Kos is …*

*SENTRAAL Magdel Swanepoel Beroerd … skoner opskep en beter voorbereiding.*

# 3.39 VARIA ANEKDOTES

*['n Klompie flitse uit die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte is deur die dekaan, prof. Annette Combrink deurgegee.]*

- Prof. JA (Langjan) Venter was legendaries in die geskiedenis van die departement Engels.

  By geleentheid van die opvoering van *Macbeth* deur lede van die Engelse departement in 1966 het mnr. Jan Bradley vanaf die SR-kantoor 'n brief gestuur aan die eerbiedwaardige professor. Die damestudente het naamlik in die wintermaande in die aande na oefeninge gekom met langbroeke aan, wat natuurlik nog taboe was. Die langbroeke was ewe kuis bedek deur vollengte jasse, maar dit was nie goed genoeg nie. Mnr. Bradley kla toe oor dames wat op die kampus kom met lang broeke aan.

  Prof. Venter se antwoord het soos volg gelui:

  "Meneer,

  Ek is geen arbiter oor die lengte van vrouebroeke nie."

  Die uwe,

  JA Venter"

  Laaste woord oor die saak!

*Prof. "Langjan" in geselskap van lede van die Britse ambassade en die rektor, prof. Tjaart van der Walt, in 1980. Links staan prof. Chris Maritz.*



- Einste departement Engels was ook die plek waar die langbroekkwessie vir personeel uitgesorteer is. Nadat daar toegegee is, aan die begin van die sewentigerjare, dat damestudente langbroeke mag dra mits dit deel van 'n broekpak is en die baadjie die sitvlak sou toemaak, het twee jong dosente by Engels (mev., later prof. Combrink en mej. Liz van Rensburg (later dr. Liz van Aswegen) die reg vir dosente ook toegeëien. Dit is maar toegelaat – dalk het die owerhede geweet hoe min dit sou help om te kla.


- In 1963 is die Engelse departementshoof, prof. Izak Fourie, oorlede. Nadat prof. Venter reeds geruime tyd departementshoof was, arriveer daar 'n brief aan prof. Fourie geadresseer met die versoek:

  "Please forward."


  Prof. Venter se inskripsie op die koevert:

  "The relationship between this institution and the hereafter is often grossly exaggerated."

  [Iets soortgelyks het samesteller van hierdie bundel ook oorgekom. Destyds nog verbonde aan die destydse Politieke Argief aan UOVS (wat later die Instituut vir Eietydse Geskiedenis sou word) het 'n brief onoopgemaak teruggekom. Die geadresseerde, 'n



*Prof. Gerrit Dekker*



*Prof. Hertzog Venter*

vooraanstaande politikus, is net in dié tyd oorlede. Op die koevert was 'n Poskantoor plakkertjie, met drie opsies wat aandui hoekom dit nie afgelewer is nie. Die kruisie is gemaak teenoor die inskripsie: "Vertrek – adres onbekend."]

- Prof. Willie Prinsloo het in die eerstejaarklas (ook in die sestigerjare) konsternasie onder die onskuldige studente veroorsaak met die volgende juweeltjie:

  "A mistress is something found between a mister and a mattress."

- 'n Student in Engels IB (Praktiese Engels in die ou dae) kom ewe astrant in die klas aan nadat hy bietjie skrams klas bygewoon het.

  Mrs. Combrink: "Mr. Venter, where have you been? I haven't seen you for a while."

  Student: "I was in bed with flu."

  Combrink: "Oh, is that what you call her?"

- Prof. Gerrit Dekker, bekend literatuurteoretikus, het ook Kunsgeskiedenis gedoseer. Hy het loshande die onleesbaarste handskrif op die PUK gehad. By geleentheid kry 'n student 'n toetsvraestel terug, en probeer tevergeefs die proffie se opmerking ontsyfer. Ten einde raad gaan vra hy vir prof. Dekker wat daar staan. Prof. Dekker gluur op gebruiklike wyse oor sy halfmaanbrilletjie, kyk na die vraestel, gluur na die student en sê: "Daar staan 'handskrif onleesbaar'!"

  Prof. Dekker het ook 'n wonderlike manier gehad om studente te oortuig om na klas in die biblioteek se leessaal na die kunswerke te gaan kyk wat hy in die klas bespreek het. Hy sou (veral in die geval redelik eksplisiete werke van die Vlaamse Primitiewe skilders) na die prent in die boek kyk, liggies giggel, en sê: "Dames en here, dit is 'n besondere ondeunde prent hierdie. U moet dit bestudeer en bespreek." Daar was dan natuurlik 'n stormloop biblioteek toe ná die klas! Hy sou ook hierdie uitdrukking gebruik vir sekere van die vroeë Nederlandse gedigte wat hy met groot smaak in die klas bespreek het.

- Prof. Hertzog Venter het studente met vrees en bewing vervul. Hy het ook die mees noukeurige nasienstyl van enige dosent gehad. In Afrikaans-Nederlands I (in die sestigerjare) sou hy byvoorbeeld besluit dat 'n student bloot net nonsens geskryf het, maar dat die nonsens in sulke slegte Afrikaans geskryf is dat straf aangewese is. 'n Student word dan gepenaliseer deur 'n kwart punt te verloor vir punktuasie, 'n halwe punt vir spelling, ens. Latere bekendes soos Cobus Robinson en wyle Manie van Rensburg was vroeë slagoffers hiervan, met groot minusse in die punteboek wat eers moes afgewerk word voordat iets op die puntebord kon verskyn.

- Ook met verwysing na die kleredragkwessie is daar op 'n dag in die senaat weer gekarring oor die T-hemde wat dames toe ook begin dra het en waaroor een beswaarde heer gesê het dat hy 'n probleem het met die T-hemde wat van buite bedruk is (bedoelende met interessante bewoordinge). Prof. Tönsing, Duitse proffie, het droog opgemerk dat hy hoop niemand het probleme met T-hemde wat binne bedruk is nie.

- In Wysbegeerte I (in 1963) is prof. Stoker met groot erns besig om 'n saak oor die mens se intellek en taalvermoë uit te pluis. Sal 'n student nie opspring en vra: "Professor, is dit moontlik dat mense met bome kan praat?"

  "Ja", sê die prof., "Moet net nie verwag dat hulle gaan terugpraat nie"!

# 3.40 STUDENTEKUNS IN DIE DUIKWEG

[Hierdie bydrae is opgestel deur John Botha, dosent in Kunsgeskiedenis en 'n persoon wat die "duikwegskilder-kultuur" intens meegemaak het.]



*John Botha*

In 1973, toe daar nog slegs eerste- en tweedejaarstudente was, het die studente by Beeldende Kunste besluit om 'n Studentekunsvereniging te stig. As eerste inisiatief word daar ook besluit dat hulle ter wille van beide praktiese ervaring en studente-sigbaarheid elke jaar tydens jool 'n skildery in die duikweg wil skilder. Geïnspireer deur visioene van Leonardo en die Laaste Avondmaal, word die eerste skildery dan tydens Jool 1973 geskilder, maar – net soos in Leonardo se geval – het dit binne dieselfde jaar begin afdop. Teen Desember van daardie jaar bestaan die werk nie meer nie, en toe daar voor Jool 1974 besluit word om weer te skilder, word dit in samewerking met Tegniese Dienste baie meer sinvol aangepak. Die muur word deeglik voorberei, voorsketse word gemaak – en aan ou Klipoog (Prof. Bingle) voorgelê vir goedkeuring.

Jaar na jaar sou die duikwegskilderye die jooltema van daardie jaar as uitgangspunt neem, en so word dit vir 1975 *Die Oliekrisis*, en die eerste volwaardige duikwegskildery sien die lig. Hierna volg allerhande interessante temas waaronder die jaar van die vrou (1975), strokiesverhale, sport en fiksheid as tema, en tot die dood van Walt Disney word in 1987 (twyfelagtig) herdenk. Deur die jare heen verskyn bekende figure wat wissel van politici tot akteurs, sodat Mike Schutte en Eschel Rhoodie (onthou die Inligtingskandaal?) in 1978 meeding om te sien wie het die grootste flaters begaan. Tarzan en Jane (1982), Asterix en Cleopatra (1976), en Gone With (the Wind) verteenwoordig Hollywood, alhoewel laasgenoemde eintlik Gone With Apartheid (1990) uitspel en as barometer dien van die studente se siening oor eietydse politiek. Nog 'n paneel, 1992 se Bond (Broeder Bond) oorbrug ook die grense tussen vermaak en politiek, en so met die jare saam verskyn ander bekende gesigte. Professor Bingle het reeds in '74 op die muur gepryk, en in 1991 sluit professor Tjaart van der Walt aan by die galery van bekendes, en nogal in die geselskap van Maggie Thatcher, Madiba Mandela, F.W. de Klerk en Biskop Tutu. Uiteraard het die studente se insig (!) ten opsigte van hul kunsgeskiedenis telkemale 'n inset gelewer, sodat Michelangelo, Caravaggio en Leonardo da Vinci enkele panele vanaf Pollock en Lichtenstein die mure versier.

DIE DUIKWEG

*Namate alhoemeer koshuise ten weste van die spoorlyn opgerig is, het die oorsteek van die spoorlyn deur studente, om klasse en aksies op die kampus by te woon, 'n groot kopseer geword. Dit het gelei tot die oprigting van die duikweg terwyl dit ook die koms van die oorbrug in Meyerstraat verhaas het.*

Deurlopend was die basiese uitgangspunt dat senior studente, spesifiek derdejaars, die skildery beplan en uitvoer, terwyl die eerste- en tweedejaars al die vuilwerk moet doen, soos mure skrop, verf meng, water (en wyn) aandra, en in die algemeen as slawe-arbeid optree. Die vierdejaars mag besoek, kommentaar lewer, aanbevelings maak en andersins sosiaal verkeer. Die skildery moes natuurlik in een woeste nag net voor jool afgehandel word. Nodeloos om te sê, daar was tonne pret, en uiteindelik 'n interessante bydrae tot die deurlopende geskiedenis van Beeldende Kunste aan die Puk.

Daar het ook interessante insidente plaasgevind, soos die naamlose senior-student wie dit sy taak geag het om met sy wynsak die nodige lafenis te bied. Elke student (en/of dosent) wat dit in die omgewing sou waag is aangesê om mond wyd oop te maak, en dan het die straaltjie vanuit die wynsak deur die lug getrek om jou óf teen die wang, die ken, die bors, óf uiteindelik ver agter in die keel te tref. Eers dan het jy besef dis skoon witblits! Die nagte was soms bitter koud, en die jolyt teen vieruur uitgekuier, maar die tradisie het voortbestaan.

So deur die jare heen het 'n aantal groot name hul kwastige talent tot die muur toegevoeg: Anna Marx en Casper van Wyk; Johan Venter, Penny Krog, Berici Combrink, Hennie Kruger, Abraham Coetzee en Ansa Seyffert, Martie Wannenburg en Pierre Minnie, Gwen McLellan, Ben Dreyer, Philip en Francisca Badenhorst; Braam en Wimsie van Wyk, Peet Pienaar en Mynderd Vosloo, John Myburgh, Martie Bothma, Marriana Booyens, Louisemarie Combrink; Daleen Steyn en Lise Nel – om maar enkeles te noem – kan nog met twyfelagtige trots kom kyk waar hulle kwashale kampusgeskiedenis help maak het!

Met die uitfaseer van die Departement Beeldende Kunste in 1991 kom hierdie visuele geskiedenis dan ook tot 'n end, en naas die *Ballad to Ballot* wat in 1993 verskyn, kondig 1994 nie net die einde aan van die Departement Beeldende Kunste nie, maar ook die einde van die duikwegskilder-tradisie. Voorwaar 'n nalatenskap wat die moeite werd is om te bewaar!

***Duikweg … Mei '74***



***Duikweg … April '75***

